
Die Kerk
Op Pad
Handelinge
Louis Nel

# Handelinge

# Die Kerk Op Pad

## 'n Reeks Oordenkinge

**Louis Nel**

Desember 2024

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za
D

# Inhoud

1 Voorwoord

2 Ontdekkingstog

3 Verhoog Is Gereed

4 Wag op die Gees

5 Vuur uit die Hemel

6 Onverskrokke

7 Geloofsontploffing

8 Omgee-gemeenskap

9 Wonderwerk!

10 Kersfees?

11 Op die Rooi Tapyt

12 Die Vervolging Begin

13 Mededeelsaamheid

14 Skynheiligheid

15 Wondergenesings

16 Vervolging tref Kerk

17 Sewe Diakens

18 Stefanus Gearresteer

19 Stefanus se toespraak

20 Stefanus Gestenig

21 Filippus in Samaria

22 Evangelie Na Afrika

23 Damaskus

24 Storie agter die Storie

25 Wonderwerke

26 Petrus se Tradisies

27 Petrus en Cornelius

28 Op die Rooi Tapyt

29 Gemeente in Antiogië

30 Swaar Tye Lê Voor

31 Petrus en die Engel

32 ‘n Sendingvisie

33 Toegejuig en Verwerp

34 Preek is nie Maklik nie!

35 Die Sinodesitting

36 Die Manne Kry Stry

37 Voltyds in die Sendingveld

38 Lofprysing in die Tronk

39 Die Oproer

40 Filosofie

41 Akwila en Prescilla

42 Paulus skryf 'n Brief

43 Paulus Voor die Hof

44 Apollos

45 Paulus in Efese

46 Skeva se Seuns

47 Opstand in Efese

48 Moenie in die kerk slaap nie!

49 Struikelblokke

50 Jerusalem!

51 Verkleurmannetjie

52 Alwéér tronk toe!

53 Paulus se Toespraak

54 Moeilikheid!

55 Chaos in die Raad

56 Die Komplot

57 Die Slinkse Advokaat

58 Net Nie Nou Nie!

59 God Verhoor Gebed!

60 ‘n Uitgelese Gehoor

61 ‘n Moeilike Seevaart

62 Die Storm Der Storms

63 Uiteindelik Rome!

64 Handelinge Van Jesus

# 1

## Voorwoord

Met die eerste oogopslag wil die boek Handelinge vir ons lyk na ‘n boek wat die geskiedenis van die vroeë kerk beskryf. Dit is egter allermins ‘n geskiedenisboek. Dit is ‘n ontdekkingsreis van die handelinge van die Heilige Gees met die eerste kerk.

Ons sien Jesus se volgelinge as ‘n groepie mense wat in angs wegkruip uit vrees vir vervolging - die eerste lidmate van die splinternuwe kerk. En dan, sommer in die begin van Lukas se boek, verneem ons van Pinksterdag, toe die Heilige Gees op die gelowiges uitgestort word. Daar vind ‘n asemrowende ommekeer plaas en mense begin kragdadig deur die krag van die Heilige Gees die evangelie uitdra, eers in Jerusalem maar later dwarsdeur die ganse wêreld.

Ons sien hoe die Gees bang mense se lewens drasties verander om vreesloos die Woord te verkondig. ‘n Vervolger van die kerk, Paulus word die grootste sendeling wat die geskiedenis ooit geken het.

Maar dit gaan in Handelinge nie oor indiwidue nie, maar oor die werk van die Heilige Gees. Dieselfde Heilige Gees werk vandag nog steeds en Hy gebruik doodgewone mense soos ek en jy. Al wat Hy vra is jou gewilligheid om in Sy diens te staan. Hy sal die res doen!

# Ontdekkingstog

## Inleiding oor die boek Handelinge

VIDEO | OUDIO

Dis Saterdag iewers in 1960 en ek en my maat Fanie sit koppe bymekaar: “Wat doen ons vandag?” Dis 'n moeilike vraag vir ’n twaalfjarige seun want daar is so baie dinge om van te kies! Ons kan natuurlik in die plaasdam gaan swem of roei op ons tuisgemaakte blikboot. Ongelukkig het die bootjie laasweek gesink en dit gaan kos dat ons die boot eers moet gaan uitduik en teen hierdie tyd lê dit diep weggesak in die modder op die dam se bodem! Een opsie minder! Ons oorweeg dit om Suid Heuwel, ons plaaslike berg te gaan uitklim vir ‘n asemrowende uitsig oor die Laeveld. Of dalk die kleigat te gaan ontgin en kleilat speel of kunswerke bou van die taai blou klei. Keuses, keuses, keuses!

“Kom ons gaan op ‘n ontdekkingstog!” Nou is ons albei opgewonde! Die misterieuse klowe onderkant die beroemde Elandskrans het talle geheime en klipskeure en watervalletjies wat ons kan gaan verken. Dis gevaarlike terrein met hoë

kranse, digte bosse en yskoue, kristalhelder swemgate. Die wêreld krioel van alles wat lewe - ribbokke, dassies, bobbejane, voëls, palings en ek het selfs eenmaal daar 'n baie groot kat, nogal met kolle teëgekom. Ek was te haastig om eers sy kolle te tel, maar ek was séker dit was 'n luiperd! Opwindend!

Vanoggend wil ek jou persoonlik uitnooi om saam met my op 'n ander soort ontdekkingstog te gaan, een selfs nog baie meer opwindend as Waterval Boven se klowe! Ons gaan die wêreld van die vroeë kerk ontdek.

As jy iemand is wat baie opgewonde kan raak oor 'n nuwe ervaring van God se krag in jou lewe, dan is die Handelinge nét die regte medisyne. Handelinge bruis letterlik met opwindende nuwe lewe - Gód se nuwe lewe wat Hy deur sy Gees in mense se lewens uitstort.

Stagneer jou gemeente dalk? Kom verlustig jou dan saam met my in Handelinge, want hier sien ons hoedat 'n klein groepie bang Christene wat agter geslote deure moes wegkruip, binne 'n baie kort tydjie tot 'n magtige span getuies regoor die wêreld gegroei het. Agter hierdie asemrowende beweging staan die Heilige Gees.

Dit is Hy wat gesorg het dat die evangelieboodskap tot aan die uithoeke van die wêreld uitgedra word en daarvoor het Hy doodgewone mense gebruik!

Alhoewel Handelinge ‘n opwindende ontdekkingsreis deur die vroeë kerk is, is dit baie beslis nie ‘n biografie van die eerste kerk nie. Lukas, die briljante dokter-skrywer van hierdie boek, probeer nie die dag-tot-dag gebeure van die kerk weergee nie maar hy wil eerder vir ons vertel van hoe die Heilige Gees gewerk het deur mense soos Petrus, Paulus en ander vroeë Christene om hierdie reuse vloedgolf van die evangelie oor die wêreld te laat spoel. Ek dink dat as Lukas ‘n volledige verslag sou wou skryf, dit ‘n boek baie dikker as die ganse Bybel sou beslaan! In die skamele 28 hoofstukke slaag hy egter tóg daarin om kortliks die verhaal te skryf, ‘n verhaal wat bruis van opwinding!

Terloops, Handelinge is nie die eerste boek uit Lukas se pen nie. Sy eerste was die Lukas-Evangelie wat hom volume-gewys die grootste skrywer van die Nuwe Testament maak, selfs meer as sy groot held, Paulus. ‘n Groot gedeelte van sy boek wy hy dan ook aan Paulus se

optrede. Al Paulus se briewe was al lankal klaar geskryf voordat Lukas met sy twee boeke begin het.

Lukas, ‘n mediese dokter, het sy boek op ‘n wetenskaplike wyse aangepak. Hy dra beide sy boeke op aan Teofilus, ‘n belangrike Romeinse staatsamptenaar. In sy inleiding vertel hy dat hy deeglike navorsing gedoen het voordat hy begin skryf het. Sy basiese verwysingsbron was natuurlik die Septauginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament. Hieruit het hy telkemale aangehaal. Hy het ook ander bronne gebruik wat ongelukkig vandag nie meer bestaan nie. En natuurlik was hy in die wonderlike bevoorregte posisie om gesprekke te kon voer met die vroeë kerkleiers en al die vertellings wat in omloop was het sy ore bereik.

Hy het natuurlik ook die voorreg gehad om ‘n paar avonture saam met Paulus persoonlik mee te maak. Uit al die inligting wat Lukas so versamel het, kon hy hierdie opwindende boek saamstel. Dit is inderdaad ‘n boek van God se triomftog deur ‘n verlore heidenwêreld om nuwe lewe in óórvloed te gee, dáár waar die reuk van dood swaar gehang het.

Ek wou nog so baie oor hierdie boek, sy skrywer en sy eerste lesers skryf maar die plek en tyd is net eenvoudig te min, daarom sal ek maar hiermee volstaan. Dalk moet ek dit tóg net beklemtoon dat die hele ontstaan van die kerk en die feit dat daar so 'n fenominale groei was, maar net aan één ding te danke is: die kragtige werking van die Heilige Gees! Opgewonde vertel Lukas vir ons van daardie wonderlike dag toe die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is en hoedat Hy God se genade in mense se lewens bewerk het. Hy vertel hoedat die Heilige Gees hulle toegerus het met groot krag om die Evangelie wêreldwyd uit te dra en hoe Hy die kerk sterk en staande laat bly het ten spyte van wrede vervolging en lyding!

Gebed:

Here, ek is vanoggend soos 'n opgewonde seuntjie voor 'n ontdekkingstog. Dankie vir sulke opwindende dinge in die Bybel, en Here, help my asseblief om dit toe te pas in my lewe!

3

## Die Verhoog Is Gereed

## Handelinge 1:1-8

**VIDEO | OUDIO**

Ek kry eenmaal die uitnodiging om by 'n toneelgeselskap aan te sluit wat die musiekblyspel: “Pirates of Penzance” sou opvoer in die Playhouse Teater in Durban. Ek was sommer dadelik in die wolke want die verhoog hou vir my ‘n groot bekoring in al het ek nooit enige opleiding in drama gehad nie. Dalk was my besluit om deel te neem nie so ‘n baie wyse een nie, want vir die volgende paar maande beteken dit drie keer per week inpiekel Durban toe van Ballito af om te gaan oefen. Dit was harde werk, maar uiteindelik begin dit vorm aanneem. Op ‘n dag kom die Durbanse Filharmoniese Orkes by en die musiekblyspel kry ‘n totaal ander dimensie, ek is opgewonde! Uiteindelik is die voorbereidings klaar - dekor, swaarde, ‘n seerowerskip. Maande se sweet en trane en harde oefening het ons gebring by die openingsaand. Die verhoog is gereed vir die groot gebeurtenis wat wag om te ontplof in ‘n

heerlike ervaring van musiek en teater. En ek was deel van dit alles!

Dokter Lukas skryf vir Teofilus, ‘n gesiene Romeinse amptenaar. Hy is waarskynlik die man wat die geld voorsien het om die boek aan te pak. In die eerste verse van sy boek, skets Lukas die voorbereidings wat gemaak word vir sékerlik die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld!

Jesus se dissipels het drie jaar se intense opleiding en oefening deurgemaak. Na Jesus se kruisiging en opstanding het Hy begin om die "verhoog" gereed te kry vir daardie gróót "Openingsaand". Die dissipels het soveel opleiding gehad as wat hulle nodig sou hê vir hulle reuse taak, maar hulle het nog ‘n bietjie finale afronding gekort. Daarom kry hulle ‘n intensiewe toerustingskursus.

Hulle sou voortaan nie meer dissipels of leerlinge wees nie, maar apostels, uitgestuurdes. Hulle sou ook Jesus se amptelike verteenwoordigers op aarde wees. Vir veertig dae duur hierdie finale afronding. Gedurende hierdie tyd verskyn Jesus gereeld aan die

manne. By een so 'n geleentheid braai Hy selfs saam met hulle vis op die strand.

Natuurlik is hierdie beskrywing wat Lukas van Jesus se bedrywighede na Sy opstanding gee, verdoemend vir daardie teoloë wat Jesus se opstanding bevraagteken. Sommige slim manne wil mos beweer dat Jesus net “in die harte van die dissipels” opgestaan het! Lukas beskryf ‘n fisiese, lewende Jesus wat hier met die dissipels werk!

Wanneer Jesus tevrede is dat al die voorbereidings behoorlik getref is, vaar Hy op na die hemel. Maar eers is daar ‘n paar laaste opdragte: hulle verantwoordelikheid was nou om die Evangelie te versprei deur nuwe dissipels te maak, nie alleen hier plaaslik in Palestina nie maar tot in die verste uithoeke van die aarde! 'n Byna onmoontlike opdrag! Om dit moontlik te maak, was daar nog één laaste stukkie voorbereiding wat hulle moes deurgaan. Hierdie was van kardinale belang en sékerlik die belangrikste van ál die voorbereidings wat hulle reeds gehad het. Hiervoor moes hulle geduldig wag tot met die “Groot Openingsaand”.

Opgewonde kom hulle bymekaar en hulle wonder oor wat sou gebeur. Ek is seker dat daar talle vrae was: “Hoe kan ons, doodgewone swakkelinge dit ooit regkry om die Evangelie so wyd uit te dra?” “Ons word vervolg - sal ons dit ooit kan oorleef?” “Sal ons staande kan bly teen al die aanslae?” Petrus tree na vore as ‘n ware leier maar hy het sélf ook maar ‘n baie wisselvallige lewe gehad. Die een oomblik ‘n heethoofdige vegter, en net die volgende ‘n miserabele papbroek. Sal hy ooit die mas kan opkom? Wat was hierdie ding wat op “Openingsaand” sou gebeur?

Jesus het vir hulle die antwoord gegee voor Sy hemelvaart: hulle sou “met die Heilige Gees gedoop word.” Hulle het dit egter nie verstaan nie. Jesus het telkemale gepraat van die “Koninkryk wat sou kom.” Wat sou hierdie Koninkryk behels? Die meeste van Jesus se volgelinge was van mening dat dit sou beteken dat daar ‘n “Nasionale Koninkryk” sou ontstaan en dat Jesus al Sy vyande van die aardbol sou afvee sodat Israel weer in permanente harmonie met God sou kon leef. Is hierdie gebeurtenis waarop hulle moes wag dalk die een of ander

wonderwerk wat sou plaasvind waar God alles sou herstel?

Jesus het hierdie voorbarige gedagte van hulle in die kiem gesmoor: God het Sy tyd vir alles! Hulle moes egter bloot wag vir die Heilige Gees want as Hy eers oor hulle gekom het sou hulle die krag kry vir daardie onmoontlike opdrag, om die Evangelie te kan versprei oor die ganse aarde. Hulle sal Jesus se getuies wees, nie alleen in Israel nie, maar tot in die uithoeke van die wêreld!

Niemand wat daar teenwoordig was het óóit die geweldige omvang van Jesus se woorde besef nie. Niemand kon in hulle wildste drome ooit dink dat daardie gebeure van Pinksterdag so 'n geweldige impak sou hê, nie alleen op die mense daar teenwoordig nie maar op miljoene der miljoene mense oor die volgende tweeduisend jaar.

Die "verhoog" was gereed en al die "spelers" was bymekaar. In spanning en opgewondenheid het hulle gewag dat die "gordyne" oopgetrek sou word. Die sekondes het afgetel……..

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag ook deel kan wees van daardie groot plan van U wat tweeduisend jaar gelede in volvoering gegaan het. Ek is opgewonde oor dít wat steeds vandag gebeur!

## Om te Wag op die Gees

## Handelinge 1:9-26

**VIDEO | OUDIO**

Het Jesus fisies na die hemel opgevaar? Is dit nie ook maar ‘n versinsel van Sy volgelinge se gedagtes, soos 'n paar moderne "Skrifgeleerdes" wil beweer nie?

Lukas beskryf die hele gebeurtenis hier baie grafies. Jesus se volgelinge was almal bymekaar op die Olyfberg, sowat ‘n kilometer buite Jerusalem waar Hy 'n paar laaste opdragte aan hulle gegee het. Een opdrag was dat hulle Sy getuies oor die hele wêreld moes wees. Matteus 28 beskryf die opdragte in meer detail. Hulle moes dissipels van al die nasies gaan maak, hulle doop en leer en dan meld hy ook van die onvergeetlike belofte dat Hy by hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld.

Skielik, is daar ‘n wolk en terwyl hulle almal toekyk, word Jesus in heerlikheid weggevoer op hierdie wolk, die hemel in. Wat het in hulle gemoedere omgegaan terwyl hulle so die lug staan en instaar? Jesus is weg! Wat nou? Maar

hulle word teruggeroep na die werklikheid wanneer twee “manne in wit klere” skielik in hulle midde staan, engele uit die hemelse wêreld. Die dissipels word meegedeel dat Jesus net so weer sou terugkeer soos wat hulle Hom sien vertrek het!

Nou het dit tyd geword om die werklikheid in die gesig te staar en om te begin herorganiseer. Hulle stap terug na Jerusalem waar hulle vir die volgende weke gereeld by die tempel bymekaarkom. Een Sondag is die elf apostels in die bo-vertrek van ‘n huis bymekaar. Saam met hulle is ‘n aantal vroue, onder wie Maria, Jesus se ma asook Jesus se broers. Hulle was aanvanklik baie skepties oor Jesus, maar na Sy kruisiging en opstanding het hulle tot nuwe insigte gekom. Hierdie groepie se getalle het gou aangegroei tot sowat 120 mense. Moontlik kan ons hulle sien as die heel eerste “gemeente”. Lukas vertel dat hulle baie tyd in gebed deurgebring het in afwagting op die groot gebeurtenis waarvan Jesus hulle vertel het.

Gou sien ons Petrus uitstyg as die leier. Hy neem die inisiatief om ‘n ander apostel in Judas se plek te kies. Die getal twaalf is simbolies van

die twaalf stamme van Israel en hiermee word dan die hele Israel verteenwoordig. Eintlik gaan dit veel verder, want in hierdie twaalftal word die ganse “Nuwe Israel” verteenwoordig, dit wil sê almal wat in Jesus glo. Petrus verduidelik vir die splinternuwe gemeente dat hierdie ding met Judas móés gebeur omdat God dit so bepaal het.

Dit laat ‘n mens met vrae en ek het al dikwels die vraag gehoor: “Het God dan vir Judas twyfel en ongeloof gegee sodat hy Jesus sou verraai?” Nee, baie beslis nie! Dit is nie in God se aard om iemand doelbewus van sy geloof te beroof nie. My persoonlike mening is dat Jesus vooruit geweet het dat Judas met daardie duistere dinge in sy hart rondloop. Iemand uit Jesus se binnekring móés Hom verraai en daarom het Hy doelbewus vir Judas as apostel gekies, wel wetende dat Judas onbetroubaar was en dat hy ander motiewe gehad het. Dit moes vir Jesus bitter gewees het om vir ‘n volle drie jaar ‘n intieme verhouding met iemand aan te knoop, terwyl Hy deeglik bewus was van wat Judas aan Hom sou doen!

Om Judas dus as ‘n “onskuldige slagoffer van omstandighede” te sien, is totaal verkeerd. Hy was van die begin af korrup en hy het baie goed geweet wat hy doen. Selfs sy mede-apostels het hom gewantrou, want hy het hulle geldsake hanteer en hulle het vermoed dat hy van die geld gesteel het.

Maar nou is hierdie onsmaaklikheid agter die rug en ‘n nuwe man moet in Judas se plek aangestel word. Twee manne staan as sterk kandidate: Josef, met die bynaam Barsabbas, wat letterlik beteken “Seun van die Sabbat,” waarskynlik omdat hy op ‘n Sabatddag gebore is. Die ander kandidaat wat sterk na vore tree is Mattias. Hulle trek lootjies en Mattias word aangewys as die nuwe twaalfde apostel. Hy was van die begin af een van Jesus se volgelinge en hy het die volle pad gestap van dag een af, toe Jesus gedoop is tot met Sy hemelvaart. Mattias was dus ‘n waardige apostel!

Alles was nou gereed vir die koms van die Heilige Gees. ‘n Handjievol (120) begeesterde mense wat biddend gewag het, nes Jesus hulle beveel het, was daardie Sondag bymekaar in die bovertrek in Jerusalem. Maar wat kan so ‘n klein

ou groepie mense uitrig in ‘n wrede, bose wêreld wat dreig om hulle te verswelg?

Moontlik voel jy vandag presies dieselfde, as jy in jou gemeente sit met net ‘n klein handjievol mense wat bereid is om op te staan vir Jesus. ‘n Mens voel so verskriklik magteloos teen die oormag van die wrede wêreld. Jy sien die golwe van die heidendom wat op jou afstorm - Ateïsme, Satanisme, Islam en die massas mense wat die naam Christen dra, maar totaal ongelowig is! En jy wonder waar jou krag vandaan gaan kom?

Maar daar is wonderlike nuus: die Heilige Gees is eenmaal uitgestort sodat ek en jy ‘n oorwinningslewe kan hê, ook in hierdie op die oog af hopelose situasies. More lees ons DV van hierdie gebeurtenis.

Gebed:

Here, wanneer dinge dikwels ook vir my so hopeloos lyk - rig my oog op die wonderbare krag van die Heilige Gees en die troostende belofte wat Jesus met Sy hemelvaart gegee het, dat Hy elke dag by my sal wees. Dankie Here!

# Vuur uit die Hemel

## Handelinge 2:1-13

**VIDEO | OUDIO**

Dis Sondag en al die Christene van Jerusalem is bymekaar. Hoe weet ek dan dat dit Sondag was? Dit staan nêrens in die Bybel nie? Sien, dit was Pinksterdag, 'n baie belangrike Joodse feesdag. Op Pinksterdag bring die Israeliete die eerste opbrengs van hulle oes om aan die Here te wy. Hierdie dag vind altyd plaas op die vyftigste dag na die eerste Sondag wat direk na die Joodse Pasga plaasgevind het. Dit het altyd op 'n Sondag geval. Na die vernietiging van die tempel in 70nC het die betekenis van die Pinksterfees verander en die klem het verskuif na die vernuwing van die verbond wat God met Israel gemaak het by Sinai.

Die gelowiges is bymekaar, maar die idee van 'n oesfees kom nie eers in hulle gedagtes op nie. Hulle wag steeds biddend op die groot gebeurtenis waarvan Jesus gepraat het. Ek kan my voorstel: 120 gelowiges bymekaar. 'n Ongemaklike stilte heers. Wanneer gaan dit

gebeur? Wat gáán gebeur? Niemand weet nie, hulle kan maar net gis. Maar nie één van hulle was voorbereid op die asemrowende gebeurtenis wat op hulle gewag het nie. In hulle wildste drome kon hulle dit nie verwag nie!

Uit die bloute kom daar skielik daardie onvergeetlike geluid van ‘n geweldige stormwind wat uit die hemel neerdaal, al harder en harder! Dit pyl direk op die gebou af waarin hulle sit. Maar as die “wind” hulle tref, kom hulle agter dat daar géén wind is nie, net daardie geweldige geluid. Hulle harte bons wild: Wat kan dit wees? Die geluid vul die vertrek waarin hulle bymekaar is. Van regoor die stad kom mense aangehardloop om te kom kyk wat aan die gang is. Jerusalem wil uit haar nate bars van besoekers van regoor die wêreld wat gekom het vir die Pinksterfees. En nou is daar iets baie opwindend besig om te gebeur! Duisende besoekers stroom na die oorsprong van die onaardse stormgeluid, die gebou waar die handjievol gelowiges minute gelede nog besig was om te bid!

As hulle uitasem daar aankom, moet hulle tot hulle verbasing sien dat daar nie eers ‘n luggie

trek nie. Maar dit is nie al nie want voor hulle verbaasde oë daal daar ‘n geweldige vuurvlam uit die hemel neer, reg op die gelowiges af. Dan verdeel die vuur en sprei uit na elkeen van die gelowiges. Die skare is oorbluf! Hulle kan nie glo wat hulle sien nie! Wat hier besig is om te gebeur kan maar net ‘n Goddelike verskynsel wees! Uit die geskiedenis weet hulle dat God al aan verskeie mense verskyn het in die vorm van vuur of soms ook ‘n stormwind. Só het Moses God vir die eerste keer gesien in die brandende doringbos (Eks. 3:2). Later, tydens die uittog uit Egipte was dit ook God wat in die wolk- en vuurkolom was. (Eks. 13:21). Ook Jesaja beskryf ‘n Goddelike ontmoeting met vuur en wind (Jes. 66:15). Is hierdie wind en vuur wat hulle nou beleef nie dalk God wat uit die hemel neerdaal nie? Baie van die nuuskieriges is met groot ontsag gevul.

Maar dan gebeur daar nóg ‘n wonderwerk wat die skare, wat nou alreeds in hulle duisende daar saamdrom, se asems skoon wegslaan. Die gelowiges op wie die vuurtonge gaan sit het, begin om God te loof en te praat oor die groot dinge wat God gedoen het. Die wonder is egter dat hierdie mense almal in verskillende tale

praat! Nie ‘n vreemde, onverstaanbare taal soos dié waarna Paulus later verwys in 1 Kor. 12 en 13 nie maar verstaanbare tale van ál die lande in die bekende wêreld, asook verskeie dialekte. Lukas noem hier nie minder nie as vyftien verskillende tale!

Die bedremmelde groepie gelowiges wat dae gelede nog verlore weggekruip het agter geslote deure, is nou skielik vreeslose predikers wat hulle geloof aan die wye wêreld verkondig. Die skare is in verwondering! Die platform is geskep vir nog véél groter dinge om te kom, hierdie is maar net die begin! Op watter wyse gaan God dit verder voer? Gaan die skare gunstig reageer op wat nou hier gebeur het? Gaan dit nie dalk maar net ‘n “vertoning” wees wat hulle môre of oormôre weer gaan vergeet nie?

Inderdaad is daar ‘n klompie mense wat baie skepties is en selfs die gelowiges uitlag! Hierdie wonderwerk van God word bespot met: “Hulle is dronk!” Maar hulle het nie met God rekening gehou nie! Wat hier gebeur het, is dat die kerk van daardie dag af die Heilige Gees se nuwe en permanente “aardse adres” geword het. Hulle, en so ook elke gelowige is dus met reg ‘n tempel

van die Heilige Gees soos Paulus dit beskryf in 1 Kor. 3:16. Elkeen wat toelaat dat die Gees sy lewe beheer, besit ‘n ongekende krag in hom wat berge kan versit! Die gelowiges van Pinksterdag het reeds getoon watter verskil die Heilige Gees in ‘n mens se lewe kan maak. Oor die volgende klompie jare sou hierdie handjievol mense se getalle letterlik ontplof in ‘n onstuitbare tsoenami van geloof wat oor die hele wêreld sou spoel.

Maar eers was dit Petrus se beurt om vir die skare te vertel wat hier besig was om te gebeur en wat hulle te doen staan. Dalk wil jy ook nou weet wat jý moet doen? Die Heilige Gees woon alreeds in jou as jy gelowig is. Gee Hom die kans om beheer van jou lewe oor te neem en jy sal verbaas wees oor die resultate!

Gebed:

Heilige Gees, neem asseblief vandag volle beheer oor my lewe. Gebruik my asseblief in U diens om God se Koninkryk uit te dra!

6

# Onverskrokke

## Handelinge 2:14-36

**VIDEO | OUDIO**

Petrus is een van my gunsteling karakters uit die Bybel. Ons het hom leer ken as 'n rowwe, ongekunstelde visserman wat gepraat en gedoen het voor hy dink en dikwels skokkende dinge gesê het op die verkeerde tyd. Hy was so verskriklik menslik en sy onverskrokke waagmoed was afgewissel met tipiese menslike gebreke en foute. In baie opsigte kan ek myself vereenselwig met Petrus, om die een oomblik die mooiste dinge te skryf en net die volgende iets te sê wat iemand seermaak! Petrus, die een wat die hele Romeinse leër wou aanvat met sy swaard! Hy het dit so wild rondgeswaai dat hy die arme onskuldige slaaf se oor afgekap het. Hy het gestuit vir g’n niemand nie! Enkele ure later het daardie selfde onverskrokke held ineengekrimp van vrees vir ‘n doodgewone diensmeisie toe hy heftig ontken het dat hy vir Jesus geken het.

Ja, ons het vir Petrus leer ken uit die Evangelies as die impulsiewe prater wat dikwels dinge gesê het voordat hy gedink het en agterna sy vuis in sy mond kon druk. Impulsiewe beloftes wat hy nie kon nakom nie, was dikwels op Petrus se spyskaart. Ten spyte van al sy foute was Petrus ‘n gebore leier wat altyd bereid was om nie maar net te hiet en gebied nie maar sélf die voorbeeld te stel. Toe Jesus op die rowwe see aangestap kom, was dit Petrus wat sy lewe gewaag het om ook op die water te loop! Tog só jammer dat sy moed hom daar begewe het toe hy die wilde branders sien......

Maar nou op Pinksterdag sien ons ‘n totale ander Petrus. Iets geweldig het met hom gebeur! Aan die een kant is hy steeds dieselfde Petrus wat onverskrokke leiding neem, maar aan die ander kant is daar niks te bespeur van die impulsiewe, rowwe, ongeletterde visserman nie. Vol vertroue staan hy op en begin vir die reuse skare van derduisende mense te verduidelik wat daar so pas plaasgevind het. Van die Petrus wat struikel oor sy woorde en onbesonne dinge kwytraak, is daar skielik nou géén teken nie. Die ou Petrus wat gebewe het voor ‘n diensmeisie is skielik skoonveld! Onverskrokke staan hy daar

en met woorde wat behóórlik geweeg en gemeet is spreek hy die mense toe. Hy haal lang gedeeltes aan uit die Septauginta (die Griekse Ou Testament). Hy verduidelik vir hulle uit die boek Joël asook uit Psalm 16.

Petrus wy die hoofdeel van sy toespraak aan die redes vir die uitstorting van die Heilige Gees. Jesus van Nasaret is deur God sélf na Israel gestuur. Daar het Hy groot wonders gedoen. Sodoende het Hy onteenseglik bewys dat Hy die langverwagte Messias is. Dan word Hy egter verwerp deur die Jode, God se eie volk. Hy ly onder hulle aanslae en sterf uiteindelik 'n grusame dood aan die kruis. Nee, God was nie onkant gevang nie! Sy plan was júis dat Jesus moes kom ly. Maar die aandeel van die Jode aan hierdie lyding kan nie weggewens word nie. Hulle staan skuldig daaraan! Petrus wys vinger na die einste mense wat sy toespraak aanhoor. Hulle is mede-beskuldigdes want hulle eie volksgenote, broers, familie het saam geskreeu: "Kruisig Hom!"

Teenoor die mense wat Jesus aan die Romeine uitgelewer het, staan die Almagtige God egter. Hy het Jesus uit die greep van die dood kom

verlos. Jesus het uit die graf opgestaan! Hy leef! Hulle wat hier bymekaar is, is almal getuies daarvan! Hulle het Jesus persoonlik sélf gesien en met Hom gepraat. Hulle het selfs per geleentheid saam met Hom geëet!

En nou het Jesus die Heilige Gees oor Sy volgelinge uitgestort net soos wat die Gees ook oor Jesus gekom het met Sy doop. Na Jesus se verhoging is Hy dus by magte om ook die Heilige Gees oor te dra na al Sy volgelinge.

Wat het Petrus nou skielik so anders gemaak? Wat het gebeur dat Petrus in ‘n baie kort tydjie so ‘n onbegryplike verandering kon ondergaan? Die antwoord is eenvoudig: die Heilige Gees het in Petrus se lewe gekom. Hier sien ons duidelik die verskil wat die gebeure van Pinksterdag in ‘n enkeling se lewe gemaak het.

Die wonder is egter dat die Heilige Gees nie beperk is tot Petrus en die klein groepie gelowiges wat op Pinksterdag bymekaar was nie. Die Heilige Gees is óók vandag deel van élke gelowige se lewe. En nee, niemand hoef te wag vir ‘n “vervulling met die Gees” nie, want die oomblik wanneer jy die stap neem om Jesus die Koning van jou lewe te maak, is die Heilige Gees

reeds in jou. Daar is egter ‘n geheim: jy moet plek maak vir Hom in jou lewe. Sien, jou lewe is soos ‘n emmer en die Heilige Gees is soos water wat jou emmer volmaak, oftewel vul. Daardie "emmer" is tot oorlopens toe vol met die Gees. As daar egter ‘n klomp klippe in jou lewensemmer is, is daar nie baie plek vir die Gees nie. Hierdie klippe is die klippe van sonde, van onwilligheid, onbetrokkenheid, liefdeloosheid, afsydigheid teenoor die Here en nog baie meer. Hoe meer van hierdie sonde-klippe jy uitgooi, hoe meer plek is daar vir die Heilige Gees oor en hoe meer raak jy dus "vervul", totdat jy ook soos Petrus onverskrokke kan staan vir die saak van Jesus Christus, die opgestane Here.

Hy is reeds in jou, dit hang net van jouself af hoeveel plek jy toelaat vir Hom in jou lewe!

Gebed:

Here, help my asseblief om die sonde in my lewe uit te gooi sodat daar plek kan wees vir U Heilige Gees om my ganse lewe te vul!

7

## Geloofsontploffing

## Handelinge 2:37-42

**VIDEO | OUDIO**

'n Paar jaar gelede kom vertel een van Ballito se kerkleiers baie opgewonde van 'n groepie Amerikaners wat hier in Suid-Afrika 'n toneel opvoer met die titel “Heaven’s Gates & Hell’s Flames.” Hy wonder toe of ons dit nie hier in Ballito kon gebruik nie? Ek was maar baie skepties want ek ken mos Ballito en ek wéét mos dat slegs 'n klein handjievol mense óóit so 'n ding ondersteun.

Uiteindelik het hy ál die verskillende kerke op Ballito bymekaar gekry en ons besluit om die kans te waag om die toneelstuk op te voer. Die Amerikaanse span sou die verhoogstuk organiseer en die opleiding en dekor verskaf, maar al die akteurs moes uit die plaaslike gemeentes kom. Dit sou ook slegs werk as elke liewe kerk in Ballito sou inkoop in hierdie projek. Ek was steeds maar uiters skepties want soos ek gesê het, ek ken mos Ballito! Dieselfde ou paartjies sou maar net weer kom kyk!

Daar word besluit om die skoolsaal op uMhlali te gebruik want dit was op daardie stadium die enigste behoorlike saal in die omgewing. Nou moet ek eers verduidelik: uMhlali was ‘n ou klein gehuggie met tien spoorweghuise, ‘n kroeg, 'n skool en ‘n paar winkels. Dis al!

‘n Twintigtal akteurs word uit die verskillende kerke gewerf, asook ‘n paar dosyn beraders wat ná die vertonings met mense kon gesels. Meeste van die “akteurs” het nog nooit die bokant van ‘n verhoog gesien nie, maar elkeen was gewillig om te leer. En toe begin die harde werk! Vir ‘n volle week lank word die verskillende rolle ingedril in elke speler. Gelukkig het elkeen net ‘n ou klein rolletjie gekry maar saam het dit ‘n groot verhoogstuk gemaak. Die spelers en beraders was egter maar die puntjie van die ysberg want agter die skerms was daar ‘n horde mense wat georganiseer het, gehelp het met grimering ens. Daar was ook ‘n reuse gebedsgroep wat vir die volle duur van die vertoning saam gebid het.

Openingsaand word al die gemeentes uitgenooi om te kom kyk. Hulle kry die taak om die woord wyd en syd te gaan versprei om mense hierheen te lok. Dit was ‘n sukses, die saal was amper vol

en dié wat dit bygewoon het was in ekstase. Dis ‘n aangrypende toneelstuk wat jou diep in die hart ruk. En daardie mense hét gaan vertel!

Die volgende aand was die saal stampvol nuuskierige mense. Natúúrlik het hulle vir al hulle vriende vertel, gevolglik moes honderde mense die volgende aand teleurgesteld omdraai omdat daar net eenvoudig nie genoeg plek was nie. Mense het buite rondom die saal gestaan en die vertoning deur die vensters gekyk. Na elke vertoning was daar ‘n massa mense wat vir berading gekom het en die arme beraders moes bontstaan om met almal gesprekke te kon voer. Vir 'n volle twee weke voer ons elke aand die toneelstuk op en elke aand was die skoolsaal in die klein dorpie tot oorlopens toe vol! Hoeveel mense daar gedurende hierdie vertoning tot bekering gekom het, weet ek nie maar dit was ‘n reuse skare wat meestal uit die heidendom van Hindoeïsme vir die Here bereik is. Daar was ook opvolg gesprekke met elkeen van die bekeerlinge en hulle is na verskillende kerke verwys.

Wat het hier gebeur? Die Heilige Gees het ‘n klompie doodgewone mense gebruik wat gewillig

was om hulleself beskikbaar te stel om die harte van derduisende mense aan te raak. Hulle het maar net gedoen wat hulle móés doen en die Heilige Gees het ál die oortuigingswerk gedoen!

Alles het eintlik begin op Pinksterdag, ná die uitstorting van die Heilige Gees. Na die asemrowende gebeure was dit die eenvoudige visserman, Petrus, wat opgestaan en gepraat het met die nuuskierige skare wat daar saamgedrom het om te kom kyk wat aangaan. Hy was g'n Skrifgeleerde, Rabbi of predikant nie maar hy was gewillig om homself tot beskikking van die Heilige Gees te stel.

Petrus se boodskap was eenvoudig: “Bekeer julle en word gedoop in Jesus se Naam!” Dit was Petrus se antwoord toe die mense wou weet wat hulle te doen staan.

Die resultate was absoluut verstommend: 'n volle drieduisend mense het daardie dag tot bekering gekom! Die miserabele groepie van 120 gelowiges wat die oggend bymekaargekom het, het skielik aangegroei tot ‘n reuse skare van begeesterde gelowiges, alles op een enkele dag! Nou is daar ‘n behóórlike fondament gelê vir die kerk van Jesus. En dit deur een enkele

eenvoudige preek! Maar wag ‘n bietjie: hierdie preek was nou nie juis wat ‘n mens sou noem ‘n oratoriese meesterstuk nie! Dit was teen alle standaarde gemeet maar redelik power! Die antwoord lê in die wonderlike, onverklaarbare werking van die Heilige Gees. Petrus was gewillig om die Gees deur hom te laat werk en dit was heeltemal goed genoeg.

Al wat die Here van my en jou vra, is om gewillig te wees en onsself beskikbaar te stel. Hy, die Heilige Gees sal die res doen.

Die vraag is: wat kan ek as doodgewone mens doen? Ek weet nie eers waar om te begin om die evangelie te verkondig nie?

Die goeie nuus is dat elke gelowige, maak nie saak hóé ver hy op die geloofspad gevorder het nie, ten volle by magte is om die evangelie uit te dra. Ja, selfs ook jy! Luister fyn na die Stem van die Heilige Gees en wees gewillig om selfs die onbenulligste takie vir Hom te verrig. Aan die einde van die dag kan dit ontplof in ‘n reuse wonderwerk. Om maar net hierdie dagstukkies na iemand anders aan te stuur, is al klaar ‘n metode van evangelisasie! Die wêreld is honger vir die evangelie! En ‘n gesig wat blydskap toon

kan ‘n hele kantoor vol mense beïnvloed en van Jesus vertel!

Gebed:

Here, my gebed is dat elkeen wat vandag hierdie dagstukkie lees, bereid gaan wees om U wonderlike boodskap van verlossing te versprei!

8

## ‘n Omgee-gemeenskap

## Handelinge 2:43-47

**VIDEO | OUDIO**

As jou lewe aan die ryper kant van sestig of sewentig trek, dan kan jy vanoggend saam met my terugdink met groot weemoed aan ‘n eenvoudige, ongekompliseerde lewe waar mense nog waarlik vir mekaar omgegee het. In die dae voor rekenaars, selfone, internet en TV was dit soveel makliker en eenvoudiger. Kuier was ‘n alledaagse ding. Nie partytjies nie maar eenvoudige kuier waar vriende of familie bymekaargekom het op ‘n Saterdag en ‘n heerlike piekniek gaan hou het en saam êrens in die veld langs ‘n waterstroompie kon gaan eet. Saam met ‘n groot groep vriende het ons dikwels Waterval Boven se talryke berge en klowe ingevaar en die heerlike skoon lug en asemrowende natuurskoon geniet. Of gaan uitspan by die ou vyfboogbrug en op die seepgladde rotse afgegly tot in die groot waterpoel in die Elandsrivier. Nee, daar was nie

staproetes nie en jy het maar geloop waar dit mooi was en niemand het jou óóit gepla nie!

Sondag na kerk was dit die familie se beurt en dan is daar ‘n hond uit ‘n bos gekuier, gesels, onthou-stories vertel en saam geëet. Ons het waarlik vir mekaar omgegee en mense het uit hulle pad gegaan om mekaar te help. Nie een van ons was ryk nie maar ons was dolgelukkig!

Wat het gebeur dat dit alles so verander het? Rykdom is een van die grootste euwels. Ons besittings het ons van mekaar vervreem. Dit begin in die gesin, waar ons saans dinge saam gedoen het. Ons het kaart gespeel, om die tafel gesit en ook daar geëet en gesels. Vandag is ‘n gesin vasgenael voor die TV, selfoon of rekenaar wanneer hulle by die huis is en daar word skaars met mekaar gepraat. Naweke kuier vriende selde, buiten moontlik as hulle saam om die TV is om te kyk hoe die Haaie die Leeus mekaar die stryd aansê in die Kerriebekerfinaal. Familie ken mekaar skaars, buiten vir af en toe ‘n telefoongesprek of ‘n haastige WhatsApp boodskap.

Vakansies was vir my as kind ‘n groot ondervinding, veral wanneer ons Xai-Xai toe

gegaan het en hordes familie saamgepiekel het. Die oumense het in lekkende houthuisies gebly en al die ander het tente opgeslaan in ‘n reuse familiesaamtrek. Dit was Sports met ‘n hoofletter ES, veral wanneer ons saam die magtige Limpoporivier aangedurf het. Ons het met roeiboot-safari's tot by die riviermond gevaar om te gaan visvang (daar het jy nie gehengel nie, jy het visse gevang!) Almal het dan sommer so op die sand onder die sterre geslaap vir ‘n paar nagte. Kyk, gemaklik was dit nou nie juis nie en die krappe het snags oor jou geloop. Maar die ongelooflike stilte en afgesonderdheid en vreedsaamheid was asemrowend! Die wonderlike samesyn en kuier tot laatnag om ‘n vuurtjie, gebou van dryfhout tydens sulke geleenthede was ‘n wonderlike belewenis wat ek vir altyd sal onthou!

Lukas beskryf in Handelinge 2:42-47 die leefstyl wat die nuwe Christene in Jerusalem gehandhaaf het. Dit was ‘n dinamiese, Geesvervulde gemeente waarmee ons hier te doen kry. Daar is ‘n paar aspekte van hulle leefstyl waarna ons móét kyk:

● Hulle onderhou die leer van die apostels getrou. Wat beteken dit? Die leer van die apostels het gewentel om die persoon en werk van Jesus Christus. Dit het onder andere die verkondiging van die Woord van God asook die uitleef van liefde behels. Jesus was dus die middelpunt van die mense se lewens.

● Hulle is onderling aan mekaar verbonde. Daar is dus ‘n baie spesiale gemeenskapsband wat hulle aan mekaar bind. Lukas gebruik die woord “koinonia,” wat beteken dat daar ‘n splinternuwe band van liefde tussen die gelowiges gevorm het. Hulle is nou nie meer vreemdelinge nie maar broers en susters! Hulle is bloedfamilie binne die nuwe gesin van God.

● Hulle het gemeenskaplike maaltye geniet. In daardie tyd was ‘n maaltyd baie meer as net om gou ‘n stukkie kos af te sluk soos so dikwels vandag ons lot is. Dit was dikwels ‘n godsdienstige ritueel waar familie saam was en die kos ‘n geestelike betekenis gehad het. Hierdie nuwe gelowiges het die tradisies voortgesit, maar met ‘n héél nuwe betekenis. Tydens die maaltyd is daar gedink aan Jesus se

groot offer en veral ook aan die teenwoordigheid van die opgestane Here in hulle midde!

● Dan was daar die kwessie van volgehoue gebed, wat 'n kenmerk was van die gemeente. Waar die Gees aan die werk is, is gebed 'n integrale deel van jou lewe!

● Eensgesindheid is 'n ander wonderlike kenmerk van hierdie gemeente. So heg het hierdie band geword, dat mense selfs bereid was om hulle besittings met mekaar te deel. Daar heers ware broederskap want mense gee waarlik om vir mekaar en hulle leef aktief hierdie omgee uit.

Ek dink, ek en jy het baie om te leer van hierdie eerste gemeente. Dit het tyd geword dat gelowiges weer saamgebind word as die gesin van God en dat ons familiebande ons nader aan mekaar trek. Dit help nie om maar net daaroor te filosofeer nie! Ons moet daadwerklik 'n besluit neem en iets daaromtrent doen! As ons bereid is sál die Heilige Gees ons daarmee help. In ons eie gemeente het ware omgee die afgelope paar jaar baie pertinent na vore getree en almal van buite praat van die liefde en gasvryheid wat hulle hier kry. Kom ons begin weer die "koinonia"

waarvan Lukas praat, prakties uitleef in ons gemeentes.

Gebed:

Dankie Here, vir wonderlike herinneringe. Help ons asseblief om weer waarlik omgee-Christene te word!

# Wonderwerke

## Handelinge 3:1-10

VIDEO | OUDIO

Ek het al baie gewonder oor die Moslems se gereelde gebedstye elke dag. Die toegewyde Moslems dra hulle gebedsmatjies saam wanneer hulle op reis gaan en sal, waar hulle ookal is op die bepaalde tyd, die matjies in die rigting van Mekka uitrol en bid. ‘n Soortgelyke tradisie het ons by die Jode aangetref. Daar was minstens twee openbare offers gebring by die tempel elke dag, een in die oggend en weer een so teen drie-uur se kant. Dit is dan elke keer opgevolg deur ‘n tyd van openbare gebed. Die pilaargange rondom die tempelterrein was boonop ook gebruik deur Rabbi’s wat hulle leerlinge daar onderrig het. Daar was dus altyd iets aan die gang by die tempel en dit was dan ook die ideale plek vir ‘n bedelaar om te sit vir aalmoese.

Dit was juis só ‘n bedelaar wat Petrus en Johannes by die tempelpoort gekry het. Sy hele lewe lank al was hy verlam en hy was afhanklik van ander mense se hulp en gawes vir sy

lewensbestaan. Só afhanklik was hy van ander mense dat hy nie eers self daar kon kom nie. Iemand moes hom daarheen dra.

Daardie spesifieke dag kry hy egter baie meer as waarvan hy óóit kon droom! Toe Petrus by hom vassteek, was die man vol verwagting want iemand sou vir hom ‘n muntstuk gee. Maar in plaas van geld, gee Petrus vir hom gesondheid in die Naam van Jesus! Asook ‘n splinternuwe lewe! Eers was hy half teleurgesteld toe Petrus vir hom verduidelik dat hy nie silwer of goud gehad het nie. Maar toe gryp Petrus hom aan die hand en skielik was daar lewe in sy dooie, verskrompelde ledemate. Oorstelp van vreugde het hy saam met Petrus en Johannes die tempel ingeloop. O nee, hy het sékerlik nie geloop nie - hy is dans-dans die tempel in! En dít terwyl hy soos ‘n klein seuntjie rondspring van vreugde! En die hele tyd loof en prys hy God vir hierdie ongelooflike wonderwerk wat met hom gebeur het. “Haai kyk: ek loop! **EK KAN LOOP**!!!!!! Halleluja! Loof God!” het hy al dansende deur die tempel gejubel.

Die wêreld se oë was op hom gerig. Almal het die man geken want hy was sekerlik vir baie jare

elke dag voor die tempel gedrapeer. Om hom nou skielik so te sien rondbaljaar, het elkeen wat in die tempel was aangegryp. “Maar is dit dan nie ou ………? Neeeee, dit kan tog nie wees nie! Maar inderdaad! Dit ís tóg hy! Wat het gebeur? Dis ‘n wonderwerk!” Ek is seker dat die storie soos ‘n veldbrand deur Jerusalem versprei het. Teen die aand het die hele stad sékerlik van daardie voorval geweet!

Die Evangelie bied soveel meer as net tydelike byvoordele soos goud en silwer. Dit bied ‘n splinternuwe uitsig op God. Dit bied ook ‘n nuwe perspektief op God se wil vir jou. Én hoop, vreugde en herstel.

Tog só jammer dat die kerk dikwels vasgevang word in wêreldse waardes. Wanneer dit gebeur, raak hierdie boodskap van hoop baie gou soos flou tee, onsmaaklik en ondrinkbaar.

Die verhaal word vertel van die bekende Thomas van Akwinas wat op ‘n dag vir Pous Innocentius II besoek het. Daar tref hy die pous aan, besig om ‘n groot hoop geld te tel. “Broer Thomas,” sê die pous, “dit is darem so gelukkig dat die kerk nie meer vandag hoef te sê: ‘Silwer en goud het ons nie.’”

“Ja,” antwoord Thomas, “en ongelukkig kan ons juis dáárom ook nie meer sê: ‘Staan op en loop’ nie!”

Baie mense dink dat wonderwerke opgehou het die dag toe Jesus gekruisig is. Dit is baie ver van die waarheid af! Jesus het sélf vir Sy dissipels gesê dat hulle nóg groter wonderwerke sou verrig as wat Hy gedoen het. Inderdaad lees ons dat daar talle wonderwerke plaasgevind het, maar dat slegs enkeles opgeteken is. Dit gaan nie oor die wonderwerke nie maar juis oor die uitwerking daarvan op mense se lewens. In hierdie geval het die verlamde man se wondergenesing talle mense geraak en ek is seker dat ‘n menigte mense tot geloof in Jesus gekom het as gevolg van sy genesing.

Die vraag is of daar vandag steeds wonderwerke is? Verseker! Ja, ek weet daar is teoloë wat dit probeer afmaak as snert, maar ek het talle wonderwerke aanskou en sélf beleef.

'n Paar jaar gelede sink ons besigheid en ons verloor alles, ook ons huis. Skielik het ons nêrens om te bly nie en ons kan nie bekostig om ‘n huis te huur nie. Sonder dat ek gevra het, nooi Willem en Linda ons om gratis in hulle

woonstelletjie te kom bly. ‘n Jaar later vra Danie en Adele ons om hulle 3 slaapkamer huis op te pas terwyl hulle oorsee is. Ons hoef niks te betaal nie. Daar het ons vir twee jaar gebly. Twee maal in ‘n ry - is dit nie ‘n wonderwerk nie? Maar wag, daar is meer! Toe die huis verkoop word, word daar wéêreens vir ons voorsien met ’n pragtige huisie op Ockie en Gill se plaas sowat 25km buite Ballito. Dit gebeur net eenvoudig nie dat iemand drie keer in ‘n ry so van huisvesting voorsien word nie! As dit nie ‘n wonderwerk is nie, dan eet ek my hoed op!

Die grootste wonderwerk van almal is vir my egter dat ‘n verlore sondaarmens deur God uit die stinkende modderpoel van sonde gered kan word sonder dat hy dit énigsins verdien en totaal nuutgemaak kan word!

Gebed:

Here, ek loof en prys U vir talryke wonderwerke wat U reeds oor my lewe gebring het, en veral dat U my gered het sonder dat ek dit verdien!

10

## Kersfees?!

## Handelinge 3:11-26

**VIDEO | OUDIO**

Jy wil seker vanoggend vir my sê dat ek verdwaal het met 'n tema soos Kersfees! Dis mos nog lank nie Kersfees nie? Maar wag, laat my toe om te verduidelik.

Die verlamde man waarvan ons Vrydag gelees het, het soos ‘n klein brakkie al agter Petrus en Johannes aangepiekel. Hulle het vir hom die grootste geskenk gegee wat enige mens óóit kon ontvang: gesondheid ná sy lewenslange siekbed maar nog véél groter as dit, boonop óók die ewige lewe!

Van oral oor kom nuuskierige mense aangestroom om met hulle eie oë hierdie wonderwerk te kom aanskou en natúúrlik beteken dit dat Petrus moet verduidelik. Soos ons reeds gesê het, is Petrus maar ‘n doodgewone visserman wat beslis nie nodig het om met sy visse te gesels nie! En nou skielik moet hy die een toespraak na die ander maak. Gelukkig het Petrus die grootste

“Toespraakskrywer” van alle tye tot sy beskikking: die Heilige Gees! Weereens sien ons die klinkklare bewys dat God jou nie in die steek laat nie en Petrus verduidelik vir die skare wat rondom hulle saamgedrom het waaroor dit alles gaan. Hy vertel van hoe hulle (sy gehoor) éíntlik die mense is wat Jesus se dood veroorsaak het. Dit is húlle wat ‘n onskuldige Man laat kruisig het ten spyte van die feit dat die regter (Pilatus) Hom onskuldig verklaar het!

Maar dan maak hy dit duidelik dat hierdie nie sommer enige man was nie, maar “Die Leidsman tot die lewe.” Hy vertel hoedat God eintlik alles beskik het en van hoe Jesus moes ly en dat hulle eintlik in onkunde gehandel het. Petrus is nie besig om hulle aan te val en te veroordeel nie, inteendeel, hy is eintlik besig om die blye boodskap aan hulle te bring. Hy gee vir hulle die blye nuus dat Jesus ál hulle sondes sal uitwis as hulle tot bekering kom.

Ek wonder vanoggend hoeveel van Petrus se gehoor tot bekering gekom het? Hoeveel het ooit ag geslaan op sy wonderlike boodskap? Oor minder as drie maande vier ons weer Kersfees. Vir baie mense is dit ‘n heuglike Christusfees

maar vir meeste is dit sommer ‘n lekker plesierigheid. Kersoggend in Ballito is elke jaar ‘n reuse belewenis. Mense van regoor die land (en wêreld) stroom op daardie oggend kerktoe om hulde te kom bring aan die Baba in die krip. Hier is dikwels besoekers van oorsee wat nie ‘n woord Afrikaans verstaan nie, maar slegs die gedagte om Jesus te aanbid saam met soveel ander Christene is vir hulle genoeg! Ballito se kerk word volgepak sodat sy uit haar nate bars vir twee dienste en die kerkraad moet net bontstaan om almal te akkommodeer.

Dikwels het ek al gewonder hoeveel van hierdie skare ooit besef waaroor Kersfees werklik gaan en hoeveel van hulle die ware Kersboodskap in hulle harte dra. Een ou omie het my elke jaar geskakel om uit te vind hoe laat die Kersdiens was. Dit was die enigste keer in die jaar dat hy in die kerk gekom het - sy tradisie. Die evangelieboodskap het hom géénsins aangestaan nie!

Ongelukkig is dit so dat Kersfees vir baie mense maar net ‘n mooi tradisie is. Vir baie sakelui is dit die ideale geleentheid om te skep terwyl die room op die melk lê. “Gee, gee, gee!” word dit

uitgeblaker op kleurvolle, uitlokkende pamflette. “Koop, koop, koop!” skree elke winkelvenster vir jou, met sy vals sneeu, rooineus takbokke en vet, laggende plastiek Kersvader. Vragte drank word aangery na die drankwinkels om genoeg voorraad te hê vir daardie jolige lekkersuip vakansiedag.

Die een kompeteer met die ander om die duurste en mees flambojante kersgeskenk te koop. ‘n Ete van “epidermiese proporsies” (askies Oubaas!) word voorberei en almal ooreet hulleself en skiet kersfeesklappers. Eenkant pryk ‘n plastiekboompie met gekleurde liggies en blink glasballetjies en ‘n plastiekengeltjie, alles baie nagemaak en vals.

Jesus, díé Een waaroor Kersfees werklik gaan, word totaal weggelaat, van vergeet wanneer Kerfees gevier word. Om die gewete te sus stroom almal darem vroegoggend kerktoe, net om te kan sê: “Ons is nog op die regte pad!” Maar jy mislei jouself!

Kersfees gaan oor baie meer as net ‘n Baba in ‘n krip: dit gaan oor God se genade om sy Seun te stuur. Dit gaan oor die Christus wat verneder is en móés ly vir ons sondes. Dit gaan oor Jesus

wat gesterf het aan die kruis sodat ek en jy versoening vir ons sondes kon kry. Dit gaan oor ‘n Here wat die dood oorwin het sodat ons ook die ewige lewe kan smaak. Dit gaan oor Jesus wat in glorie na die hemel opgevaar het om Sy regmatige plek op die troon in te neem. Kersfees gaan oor Jesus wat tydens sy hemelvaart belowe het dat Hy tot aan die voleinding van die wêreld hier by ons sal wees.

In kort: Kersfees is ‘n Christusfees en dit moet oor Hóm alléén gaan en nie wêreldse plesierigheid nie. Kom ons as gelowiges onthou waaroor dit gaan en maak vanjaar Kersfees ‘n ware Christusfees waar ons hulde bring aan Jesus, die Baba in die krip, maar ook aan Jesus aan die kruis en Jesus die opgestane Here. My gebed vir jou is dat Kersfees vanjaar vir jou nuwe waarde en betekenis sal kry!

Gebed:

Dankie Here, vir ‘n jaar wat alweer so byna verby is - ‘n jaar propvol van U genade. Herinner my asseblief elke dag aan U wonderbare liefde!

# Op die Rooi Tapyt

## Handelinge 4:1-22

**VIDEO | OUDIO**

Petrus het die verlamde man gesond gemaak - ‘n asemrowende wonderwerk! Al huppelende en singende is hy agter Petrus en Johannes aan tot groot ontsteltenis van 'n paar hooggeplaastes. Onder hulle is 'n paar priesters, 'n groep Sadduseërs asook die bevelvoerder van die tempelwag. Hulle weet nie mooi wat om van hierdie situasie te maak nie want wat hier gebeur het is tog totaal onmoontlik! ‘n Man wat veertig jaar lank verlam was en nou skielik rondspring soos ‘n Karoosprinkaan op trek! Dit sal nie deug nie! Die ergste is egter wanneer hulle Petrus se toespraak hoor. Nou is die manne sommer warm onder die boordjie! “Ons het so pas van hulle Jesus ontslae geraak en nou dreig ‘n uiters gevaarlike ding om uit te breek. As ons nie nóú hierdie ding in die kiem smoor nie, het ons gróót moeilikheid!”

Vir die Sadduseërs was die saak nog véél erger. Hulle glo nie dat daar lewe na die dood kan

wees nie, dus verkondig hierdie visserman boonop mos 'n gruwelike dwaalleer as hy wil beweer dat Jesus uit die dood opgestaan het!

Intussen het ‘n groot skare mense in die Tempelgang saamgedrom om te sien wat gebeur het en na Petrus se rede te luister. Petrus en Johannes was nog besig om vir hulle te verduidelik waaroor dit alles gaan, toe storm die beswaarde manne woedend op hulle af. Die twee apostels word nét daar in hegtenis geneem.

Na ‘n nag in die tronk verskyn hulle voor die Joodse Raad. Almal is daar: die Skrifgeleerdes, Familiehoofde, Sadduseërs en natuurlik die Hoëpriester. Al 71 sitplekke in die Raadsaal is gevul. Hierdie is immers ‘n baie ernstige saak, ‘n saak van lewe en dood! Almal is bekend met die feit dat die klein handjievol van hierdie “sekte” op een dag aangegroei het tot drieduisend entoesiastiese dissipels en in die paar dae sedertdien het dit nou al weer verder gegroei tot vyfduisend mense. Daar moet dringend drasties opgetree word, anders kan dit die Joodse geloof baie skade berokken en dalk tot in sy fondamente skud!

Een en sewentig stroewe gesigte gluur vir Petrus en Johannes aan: hierdie eenvoudige vissermanne het nie ‘n kat se kans om hulleself teen die hoogs geleerde manne te verdedig nie. “Kom vertel ons ‘n bietjie: watter soort van krag het julle gebruik om hierdie man gesond te maak? In wie se naam het julle dit gedoen?” Die vraag is veronderstel om die twee totaal van stryk te bring.

Maar die Joodse Raad het nie rekening gehou met die Heilige Gees nie, want wanneer Petrus die vloer vat, is hy beslis nie alleen nie. Petrus gryp die geleentheid met albei hande aan en bring die Evangelie aan die Raad, helder en duidelik, sodat elkeen van die geleerde manne dit kan verstaan. Hy vertel van Jesus wat gekruisig is en weer deur God uit die dood opgewek is. Dit is Hy alleen wat verlossing bring!

‘n Doodse, bitter ongemaklike stilte sak oor die raad toe nadat Petrus gepraat het. In die agterbanke van die raadsaal, tussen die ander Apostels, staan ‘n man met ‘n glimlag wat dreig om reg rondom te gaan. Dit is net sy ore wat in die pad is. Hierdie glimlag maak die Raad nog

meer seer, want hier is die bewys van die krag van die twee vissermanne.

“Ons, die hoogste gesag in Israel, verbied julle om nog een enkele woord te sê van hierdie Jesus, anders is julle in gróót moeilikheid! Is dit duidelik?”

Petrus-hulle word eers uitgestuur sodat die bekommerde Raadslede kan koukus oor hulle lot. Hierdie saak is baie meer kommerwekkend as wat hulle gedink het! Hulle weet nie herwaarts of derwaarts hoe om die saak te hanteer nie. Hulle enigste oplossing: “Ons moet hulle dreig!” Petrus en Johannes se antwoord op die dreigemente is egter dat die Raad maar sélf moet besluit wat die belangrikste is: om aan húlle gehoorsaam te wees of aan God.

Jare gelede is ‘n kêrel voor ons kerkraad gedaag oor ‘n klagte wat ons van ‘n ander gemeente ontvang het: hy het evangelisasiewerk binne hulle gemeentegrense gedoen. Hy het aan ons verduidelik: “Dit is vir my onmoontlik om stil te bly! Die wonderlike geleentheid was daar om die Woord van God te verkondig. Hoe kon ek dit óóit laat verbygaan?”

Die kerkraad het half tong in die kies geantwoord: “Probeer tog maar om nie weer in daardie gemeente se gebied te preek nie.”

Kom ek en jy maak vandag één voorneme, om soos Petrus en Johannes onwrikbaar op te staan vir ons geloof. Ons het immers die Heilige Gees wat vir ons die krag gee om dit te kan doen net soos Petrus-hulle van ouds. Kom ons gryp elke moontlike én onmoontlike geleentheid aan om te getuig van Jesus met woord en ook ons hele lewe. Kom ons leef so ‘n stralende, jubelende blydskapslewe dat elkeen waarmee ons in aanraking kom sal wonder oor ons blydskap. As iemand jou hieroor uitvra, dan is dit mos ‘n ope uitnodiging om te kan getuig en dan durf jy nie stilbly nie! My innige gebed is dat elkeen van ons die wonderlike krag wat die Heilige Gees tot ons beskikking stel ten volle sal gebruik.

Gebed:

Here, maak my gewillig om U getuie te wees, maak nie saak wat die omstandighede is nie!

12

## Die Vervolging Begin

## Handelinge 4:23-31

VIDEO | OUDIO

Die vervolging van die Kerk van Christus het begin toe Petrus en Johannes voor die Joodse Raad gedaag is. Die kerk was nog maar in sy babaskoentjies en alreeds sien ons hoedat die owerhede begin planne maak om van die kerk ontslae te raak. Jou eerste reaksie is: "Dis alles die duiwel se werk!" Miskien wel, maar dit was alles deel van God se wonderlike raadsplan! Hy het dit met 'n groot en wonderlike doel toegelaat. In die eerste plek het hierdie dinge die gemeente in Jerusalem saamgesnoer tot 'n hegte eenheid want elkeen van hierdie mense het een gemeenskaplike vyand gehad, nou nie meer die Romeine nie maar die Joodse Owerhede. Later sien ons nog baie groter, meer asemrowende gevolge.

Wat is die gelowiges se reaksie as die Joodse Raad hulle so verskriklik dreig? Sê hulle dat die kool die sous nie werd is nie en dan gaan elkeen maar sy eie paadjie? Gaan sit hulle en bibber

van vrees en kerm: “Wat gaan van ons word?” Inderdaad nee! Dit bring hulle júís bymekaar om saam te bid oor die saak.

Skielik kry die bekende Psalm 2 vir hulle ‘n splinternuwe betekenis, want nou is dit nie meer Dawid wat tot God bid oor sy vyande wat hom dreig nie, maar die Gemeente wat gedreig word deur Pontius Pilatus en Herodus Antipas en om alles te kroon: verál die Joodse Raad, wat natuurlik die hele volk Israel verteenwoordig. Die heerser oor Galilea het saamgespan met die Romeinse prokurator en die Joodse owerheid om van die Christene ontslae te raak!

‘n Gedugte vyand vir die kerk was hulle inderdaad, soos ons wél later in die verhaal sal sien. Maar dit het die jong gelowiges geensins van stryk gebring nie. In gebed soek hulle die hulp van God, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde. Maar kyk ‘n bietjie wat vra hierdie mense van die Here. Hulle vra nie dat God hulle vyande moet vernietig nie maar eerder dat God hulle die vrymoedigheid sal gee sodat hulle die Woord kan verkondig. Hulle vra ook dat die Here hulle instrumente sal maak om Sy almag te beklemtoon deur “tekens en wonders.”

Tekens verwys hier na buitengewone dade wat gelowiges verrig om God se groot mag te weerspieël en wonders het te make met die reaksie van die mense wat hierdie dinge sien gebeur. Hierdie tekens en wonders waarvoor hulle bid het niks te doen met menslike krag of vernuf nie maar alles geskied alleen in die Naam van Jesus Christus. Hy alléén is die Een wat ons God se groot krag kan laat raaksien en ervaar.

Maar dit is nie net "tekens en wonders" wat groot krag het nie. Ons moet nooit die geweldige krag van gebed onderskat nie. Gebed verander dinge! Daardie eerste Christene het dit baie duidelik beleef, toe die plek waar hulle bymekaar was geskud was met die magtige teenwoordigheid van God. Die gelowiges is gevul met die Gees van God. Dit was ook die teken vir hulle dat hulle gebed verhoor is en dat hulle die nodige hemelse toerusting ontvang het om God se werk verder te gaan doen.

Ons lees in Lukas se verslag dat hierdie mense nie nou gaan wegkruip het vir Herodus & Kie nie, maar dat hulle presies die teenoorgestelde gaan doen het, naamlik om die Woord van God met vrymoedigheid te gaan verkondig!

Die bekende spreekwoord lui: “Nood leer bid.” Ongelukkig bid ons dikwels om die verkeerde redes en vir die verkeerde dinge wanneer die nood druk. “Red my, Here!” is ons eerste reaksie wanneer dinge swaar gaan. “Gebruik my, Here!” behoort ons reaksie eerder te wees, soos wat ons in die Jerusalem-gemeente sien. Dit is juis in tye van nood waar die gelowige uitstaan en van groot nut kan wees. Om maar ‘n voorbeeld te noem: toe die regering besluit het om Godsdiensonderrig in skole te verbied, was baie gelowiges in sak en as. “Die einde van ons geloof!” het ons gekerm en vir God gevra om asseblieftog die regering tot ander insigte te bring. Ander gelowiges het egter gebid vir wysheid en vrymoedigheid om die kinders op alternatiewe maniere te bereik. Die gevolg was dat kinders nie nou meer teen hulle sin die Woord moes aanhoor (sonder enige positiewe gevolge!) nie, maar dat hulle vrywillig buite klastyd begin bymekaarkom het. Hulle entoesiasme het gou versprei, met wonderlike gevolge!

Ons is so geneig om probleme negatief te benader. Ons staar ons blind teen die probleem en bid dat die probleem soos mis voor die son

sal verdwyn. Dit is soveel beter om positief jou probleem na 'n uitdaging te verander. Wanneer die probleem dus opduik, sien ek dit eerder as 'n uitdaging en bid: "Here, wys my asseblief hoe ek daardie uitdaging kan benader tot uitbreiding van U Koninkryk." Armoede het byvoorbeeld al baie positiewe resultate tot gevolg gehad, met mense wat dalk ‘n sopkombuis in ‘n armoedige gemeenskap bedryf en terselfdertyd die Woord verkondig aan daardie mense wat nou baie ontvanklik is vir die Evangelie. God bring dinge oor ons lewens met ‘n doel. Sien dit raak, gryp dit aan en doen iets positief deur die krag wat die Heilige Gees jou gee.

Gebed:

Here, help my asseblief om vandag my probleme positief te benader in U wonderbare krag!

# Mededeelsaamheid

## Handelinge 4:32-37

VIDEO | OUDIO

Wat beteken dit om waarlik vir mekaar om te gee? Stop dit maar net by meegevoel met mekaar se omstandighede?

Ons leef in 'n wêreld waar alles gaan om geld, geld en nogmaals geld. Baie mense verdien hulle geldjies deur eerlike, harde werk, maar so dikwels sien ons eerder dat die mens wat héél bo uitkom en gróót verdien, dit gekry het omdat hy nie omgegee het wie in die proses sneuwel nie. Niemand anders is 'n kans gegun nie want as jy dalk vir 'n ander ou die gaping gee, is dit tot jou eie nadeel.

Hierdie tendens sien ons elke dag in die wêreld van die politiek. Hoeveel mense in baie hoë posisies is daar nie byvoorbeeld in die afgelope jaar alleen wat aangekla is van bedrog, omkopery en korrupsie nie? Selfs ministers, regters en polisiehoofde is in die gedrang. Hierdie mense se gierigheid maak dat hulle reuse bedrae geld misbruik om hulle doel te

bereik en in die proses enigeen wat in die pad na hulle sukses staan in die modder vertrap!

Hoe verfrissend anders was die Jerusalem gemeente wat Lukas hier beskryf! Ons het hier te make met mense wat dit dikwels ook maar nie te breed gehad het nie en sélf soms noustrop getrek het. Nogtans het dit hulle nie verhinder om ‘n oop hand te hê vir hulle medegelowiges wat in nood verkeer het nie.

Dit laat my dink aan die keer toe die bobbejane in ons Boshuisie in Marloth Park ingebreek het. Dit was absolute chaos en buiten vir die reuse gemors wat hulle agtergelaat het, het hulle letterlik elke denkbare eetbare item in die huis verorber. Hulle het selfs al die kombuiskaste oopgemaak en leeggemaak. ‘n Sakkie mieliemeel en ‘n sakkie meelblom het vir hulle vet pret besorg en dié het hulle oor die meubels uitgestrooi. Een van die inwoners kom verbygery in sy 4x4 bakkie en wil hom 'n papie lag oor ons dilemma. En daar sit ek en my Mosbolletjie laat die middag op ons stoep, vodde gewerk om die plek weer leefbaar te kry en sonder ‘n krieseltjie kos in die huis. Die naaste kafee was in

Komatipoort en ons het beslis nie kans gesien om al daardie pad te ry nie!

Terwyl ons so sit en onsself bejammer, kom 'n man in die stofpad aangestap. Ek herken hom as ou José, ‘n brandarm Mosambieker wat soms vir ons tuinwerkies gedoen het. Hy het ons ook vroeër die dag kom help om die gemors op te ruim. In sy hand dra hy ‘n halwe sakkie mieliemeel. Hy hou dit na my uit: “Ek sien julle het nie kos nie, toe dog ek maar net .....” My trane sit baie naby: Hy hét niks en nogtans is hy bereid om die ou klein bietjie wat hy het vir ons op te offer!

Lukas vertel vir ons dat nie een van die gemeentelede in Jerusalem honger gely het nie want daar was altyd iemand wat bereid was om te help. Sommige mense het selfs so ver gegaan om hulle eiendom te verkoop en die opbrengs te gebruik om diegene wat swaarkry te help. So word daar spesifiek die naam genoem van Josef, ‘n man afkomstig van die eiland Siprus. Hy het familie in Jerusalem gehad. Josef kry die bynaam “Barnabas” wat beteken “Seun van vertroosting.” Dit sê baie oor hierdie man, wat sy grond verkoop het en al die wins wat hy daaruit

gemaak het vir die apostels gegee het om in die gemeente te gebruik. Hierdie geld is versprei onder die armes.

Hoe moet ons hierdie gedeelte verstaan? Beteken dit dat ons vandag al ons eiendom moet verkoop en ons besittings onder die armes moet verdeel? Nee, ek dink nie so nie maar ons moet herbesin oor die verskriklike greep wat selfsug oor ons het en ons gejaag na besittings. Ons moet onthou dat alles wat ons besit van God afkomstig is en dat ons slegs die gebruik daarvan geleen is uit God se groot genade. As daardie gedagte die dag insink, sal ons harte, ons hande en beursies vir mekaar oopgaan. Ons moet egter ook leer om nie weg te kyk wanneer daar nood is nie, maar dit raak te sien en iets daaromtrent te doen. Dit help nie om vir ‘n mens in nood te sê: “Ek dink aan jou, ek bid dat jy kos sal kry vir vanaand!” nie. Ek moet eerder bid: "Here, wys my hoe ek kan help om die persoon se nood te verlig!"

‘n Dankbaarheidslewe beteken dat jy iets daadwerklik doen aan die nood van ander. Talle gelowiges wy hulle lewens onbaatsugtig daaraan om mense se nood te verlig. Dit beteken nie

noodwendig dat jy dieselfde moet gaan doen nie, maar reik ten minste ‘n helpende hand uit waar die Here iemand in nood oor jou pad stuur.

Natuurlik is daar talle vrae oor wanneer ‘n mens moet help en wanneer nie. Waar trek ons die streep met die alewige bedelaars en die straatkindertjies wat jou by die robot verpes? Of die vrou wat met gehawende klere op die straathoek staan met ‘n bordjie om haar nek wat pleit vir hulp. Dikwels is dit vir hulle slegs ‘n beroep wat hulle bedryf. Dalk het die vrou op die straathoek meer geld in die bank as jy! Ek het al dikwels sélf in slagysters getrap en soms kwaad geword omdat ek my alwéér met ‘n slap riem laat vang het. Dit is egter nie vir my om te oordeel nie, die oordeel kom God alleen toe. Daarom is dit baie nodig dat ons sal bid vir die nodige onderskeiding en wysheid en dat my hand en hart sal oop bly ten spyte van terugslae. Dit is ook belangrik dat ons iemand nie bloot sal ignoreer nie. Al gee jy niks, gee hom erkenning en 'n vriendelike, liefdevolle glimlag!

Gebed:

Here, help my om die nood raak te sien en my hart oop te maak daarvoor!

14

# Skynheiligheid

## Handelinge 5:1-11

**VIDEO | OUDIO**

Sê iemand eendag toe mos vir my: "Nee, ek gaan nie kerk toe nie, want kerkmense is 'n skynheilige klomp. Sondag sit hulle daar met hulle vroom gesiggies en mooi praatjies in die kerk en Maandag is hulle die duiwel se kinders. Nee, met sulke skynheiligheid kan ek my nie vereenselwig nie!"

Met skynheiligheid het baie Christene al baie meer skade berokken aan die kerk as wat blatante ongelowiges ooit kan droom om te doen. Skynheiligheid beteken om voor te gee dat jy 'n vreeslike heilige lewe lei maar agteraf knyp jy die kat in die donker! Sondagoggend is jy die voortreflike, vroom Ouderling of dienende Sannie wat 'n voorbeeld van selfbeheersing en goeie maniere is, maar deur die week skel en vloek jy op jou werknemers daar in jou werksituasie waar die kerkmense jou nie sien nie. Dan is jy 'n totaal ander mens! Nee, dit is nie 'n ongewone situasie nie, dit is 'n baie algemene ding!

Lukas vertel die rillerverhaal van Ananias en sy vrou Saffira. Net gister het ons gelees van die hegte band wat daar ontstaan het in die Jerusalemgemeente en hoe die mense vir mekaar omgegee het. Dit was werklik die voorbeeld van mededeelsaamheid en niemand in die gemeente het gebrek gely nie want daar was altyd iemand wat vir jou sou sorg. Maar alles was nie heeltemal pluis nie, sommige mense het voorgegee dat hulle vreeslik vrygewig was maar agteraf het hulle gekonkel. Waarom sou hulle dit doen? Moontlik om hulleself voor te doen as baie meer heilig as wat hulle werklik was. Ananias het eiendom besit en toe hy sien watter aansien ander gelowiges verdien het wat hulle eiendom verkoop het om geld te genereer vir behoeftiges, besluit hy en sy wederhelf dat dit nét die ding was wat hulle in die lewe nodig gehad het. As hulle nou hierdie ou stukkie grond sou verkoop en hulle gee die geld vir die kerk, dan sou hulle mos in die voorste gestoeltes wees! In sy gedagtes het Ananias al gesien hoedat hy as kerkleier verkies sou word. Hy was immers die man wat sy swaarverdiende grondjie vir liefdadigheid opgeoffer het. Saffira het al

begin droom van die aansien wat sy skielik onder die vroue sou hê!

Die eiendom word verkoop en Ananias het by die huis aangekom met ‘n sak vol geld en opgewondenheid wat oorborrel. Hulle maak die sak leeg op die tafel. “Sjoe! Ek het nog nooit so baie geld bymekaar gesien nie!” het Saffira gehyg. “Ons kan tog nie só ‘n klomp geld vir die kerk gee nie!”

“Nou wat dan?” wou Ananias weet, “Dis mos waarvoor ons die grond verkoop het!”

“Kom ons hou party vir onsself, niemand sal tog weet nie. Almal sal dink dat ons die volle bedrag gegee het. Dis mos nie steel nie, dis tóg ons eie geld?”

En so val Ananias in die pad met ‘n jubeling in sy hart, ‘n stewige bedraggie in sy beursie en ‘n halwe sak vol geld vir die kerk. “Ek het my swaarverdiende grondjie verkoop,” vertel hy vir Petrus. “Hier is die opbrengs van die transaksie, gebruik dit maar waar dit nodig is.”

Petrus het die man gelees soos ‘n boek en in sy hart onmiddellik geweet dat Ananias lieg. Hoe kon ‘n waardevolle stukkie grond soos hierdie

een van Ananias dan so min geld oplewer? “Is dit ál wat jy vir jou grond gekry het?” vra hy.

“Ja, my broer, dit is alles, tot die lááste sent. Alles wat ek gekry het gee ek vanoggend vir die saak van die Here!”

“Ananias,” het Petrus met ‘n swaar hart gevra, “waarom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg?”

Die res van die verhaal is bitter tragies, want daar voor almal slaan die arme Ananias morsdood neer. Dieselfde lot tref Saffira slegs drie ure later.

Moenie met God mors nie!

Ek skryf hierdie dagstukkie met siddering in my hart, want ek sien Ananias en Saffira so dikwels in my eie lewe. Ja, ek is maar sélf dikwels skynheilig - doen my soms voor as baie heiliger as wat ek werklik is. Vir wie flous ek nou eintlik? Die gemeente by wie ek so ‘n groot aansien het? Almal wat die dagstukkies lees en dink dat ek so ‘n heilige, geleerde "teoloog" is? (Terloops, ek is nie eers ‘n predikant nie, maar net ‘n doodgewone lidmaat!) Nee, deur te wil voorgee dat ek is wat ek nie is nie, probeer ek eintlik vir

God lieg. Maar dit is totaal onmoontlik! God ken my deur en deur! Hy weet van elke klein sonde in my lewe. Hy vra net van my om dit met Hom te kom deel en vir Hom te sê dat ek jammer is daaroor. Hy wil hê dat ek eerlik moet wees met Hom.

Om saam te vat: wees altyd eerlik met almal met wie jy in aanraking kom. Maar dit is ook baie belangrik om eerlik te wees met jouself. Die héél belangrikste van alles is egter dat ons eerlik sal wees met God!

Gebed:

Here, so dikwels probeer ek dinge vir U wegsteek - probeer ek my voordoen as iemand wat ek nie is nie. O Here, vergewe my!

15

## Wondergenesings

## Handelinge 5:12-16

VIDEO | OUDIO

In die Jerusalemgemeente gaan dit op die oog af baie goed. Ons lees hier dat die gemeente gereeld by die Tempel bymekaargekom het in die Pilaargang van Salomo. Hierdie was 'n lang afdak wat aan die buitekant van die tempelterrein gebou was. Dit was dikwels gebruik deur Rabbi's wat hulle leerlinge geleer het. Daar het die jong gelowiges nou ten aanskoue van al die Jode hulle byeenkomste gehou. Tóg was daar alreeds ‘n probleem wat begin kop uitsteek het. Mense was bang om so openlik betrokke te raak by hierdie nuwe kerk en dit was slegs die klompie bittereinders wat dit daar in die ope sou waag. Ons kan voel hoedat ‘n spanning besig is om op te bou. Die owerhede is beslis nie gelukkig met wat hulle sien nie en in die raadsale word daar al gemor oor die veld wat die kerk besig is om te wen. Wat egter wél gebeur het, is dat gelowiges oral begin huiskerke stig het en daar het hulle getalle gedurigdeur

gegroei. Stadig maar seker was die kerk besig om ondergronds te gaan om die dreigende vervolging te probeer ontduik.

Petrus was egter een van die manne wat openlik en onverskrokke sy ding gedoen het. Lukas vertel vir ons dat daar deur die Apostels baie wonderwerke plaasgevind het. Ons het ‘n paar dae gelede gehoor hoedat hulle daarvoor gebid het en nou gebeur dit. Mense word aangegryp deur die wonderlike dinge wat plaasvind en hulle besef dat hierdie “nuwe” geloof nie sommer maar net is nie. Dit kan wáárlik van God alleen af wees!

Petrus was veral die een wat uitgestaan het in hierdie opsig. Hy moes ‘n wonderlike, intieme verhouding met die Here gehad het en baie naby aan God geleef het want daar het ‘n krag uit Petrus gestraal, ‘n krag wat die Heilige Gees deur hom bewerk het. Siekes het van heinde en verre gestroom om deur Petrus aangeraak te word en hulle is almal gesond gemaak. Só sterk was die krag wat uit Petrus gestraal het, dat mense hulle siekes op straat uitgedra het en daar langs die pad laat lê het op draagbare en bedmatjies. As slegs die skaduwee van Petrus

op hulle val, word hulle genees. Petrus is beskou as ‘n tipiese “heilige man” en almal het baie hoë agting vir hom gehad. Dis natuurlik nou almal buiten die owerhede! Hulle het hierdie situasie met groot kommer dopgehou. En hulle het gesit en borrel en kook oor die skade wat Petrus en sy trawante besig was om hulle te berokken.

Hoe het Petrus asook die ander Apostels dit reggekry om so ‘n kragtige lewe uit te leef? Wat het gemaak dat verál Petrus so onverskrokke in die openbaar optree ten spyte van al die verskriklike dreigemente van die Joodse Raad? Onthou, hierdie dinge het plaasgevind slegs ‘n kort rukkie ná daardie verskriklike nag van skande, toe Petrus gesê het dat hy gladnie vir Jesus ken nie. Die nag toe hy so vrek bang was vir ‘n doodgewone diensmeisie. Sy vrees vir moontlike vervolging het hom gedryf tot die punt waar hy sy Meester en intieme Vriend van die afgelope drie jaar verloën het. Daardie verskriklike klad is steeds op sy naam. Of daardie nag op die see, toe Jesus hom die wonderlike geleentheid gebied het om op die water te kon loop! Petrus het inderdaad vir ‘n kort rukkie staande gebly op die water, maar toe

hy die golwe raaksien, het 'n verskriklike vrees hom oorval en toe sink hy!

Ons sien egter nou ‘n totaal ander Petrus, een wat vreesloos is. Die magteloosheid wat hy ervaar het toe die see hom verswelg het is nou vervang met ‘n wonderlike genesende krag wat uit hom straal. Daar het twee dinge met Petrus gebeur, twee dinge wat ook met jou en my kan gebeur. Natuurlik was die héél eerste stap die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Skielik het Petrus, asook al die ander gelowiges saam met hom die onuitputlike krag wat die Heilige Gees ‘n mens gee tot sy beskikking. Die blote beskikbaarheid van krag is egter nie genoeg nie. Jy moet dit jou eie maak en dit is presies wat Petrus gedoen het.

Hoe het hy dit reggekry? Bloot deur ‘n baie intieme en eerlike verhouding met God te hê. Hoe nader jy aan die Here leef, hoe voller raak jy van die Heilige Gees. Hoe minder sonde daar in jou lewe is, hoe meer plek is daar in jou lewe vir die Heilige Gees. Ds. Dana Minnaar het dit eenmaal vergelyk met ‘n emmer: jy is die emmer en van nature is jou lewensemmer propvol klippe, dis nou die klippe van sonde. Wanneer jy

die dag ‘n ontmoeting met Jesus het, kom die Heilige Gees in jou lewe en dan is dit soos ‘n ewigdurende stroom water wat in jou lewensemmer inloop. Omdat daar soveel klippe in is, is daar nie baie plek vir water nie, maar soos wat jy die sondeklippe uitgooi, so word jou emmertjie al hoe voller van water!

Ek en jy het die potensiaal om net so kragtig soos Petrus te kan optree. Dit vra egter ‘n baie spesiale, intieme verhouding met God en ‘n lewe waar sonde nie meer ‘n rol speel nie. Kom ons streef dit na.

Gebed:

Here, leer my om nader aan U te kan leef en help my asseblief om die sondes uit my lewe te verban!

16

# Vervolging Tref die Kerk

## Handelinge 5:17-42

**VIDEO | OUDIO**

Bo alle verwagting, groei die kerk met rasse skrede. Die klein groepie van 120 volgelinge groei binne 'n baie kort tydjie aan tot 'n reuse skare van Jesus-aanhangers. Boonop bring talle wonderwerke die volk in vervoering. Die Hoëpriester en sy trawante is gevul met vrees, afguns en jaloesie! “Hierdie mense moet gestop word voor dit dalk hééltemal te laat is!” Die manne is bitter bekommerd en die tempelwagte word opdrag gegee dat die Apostels in hegtenis geneem word. “Sluit hulle toe, môreoggend sal ons met hulle galle werk!”

Intussen word die volle Joodse Raad bymekaar geroep vir die oggend se belangrike vergadering. Al die leiers van Israel is daar. “Gaan haal hulle,” kry die wagte die bevel van die Hoëpriester. ‘n Rukkie later kom die wagte uitasem terug by die vergadering. Wit in die gesig geskrik stamel hulle: “Hulle is weg!”

“Wat bedoel julle met ‘Weg’?”

“Die tronk is gesluit; die wagte is op hulle pos, maar daar is g’n teken van die Apostels nie! Ons verstaan dit nie! Ons het hulle sélf persoonlik daar toegesluit!”

Wat hulle nie geweet het nie, is dat God ingegryp het. In die nag het Hy ‘n engel gestuur om die Apostels te bevry. Drie keer lees ons in Handelinge van engele wat op so ‘n dramatiese wyse ingryp en tronkdeure vir mense oopmaak. Dit is egter baie belangrik om te weet dat hierdie engele nooit die Evangelie verkondig nie. Dit is die taak van mense, van die Apostels en ander gelowiges.

Nog een van die wagte kom, buite weste geskrik, hygend ingehardloop: “Daardie manne wat ons gisteraand toegesluit het staan in die tempel en preek!”

“Gaan haal hulle!” Die Hoëpriester is woedend.

Die wagte is egter nie baie gewillig nie en hulle protesteer heftig: “Die mense gaan ons doodmaak as ons hulle weer arresteer!” Dit is ‘n bedremmelde groepie wagte wat uiteindelik mor-mor en baie halfhartig instem om die manne te gaan haal. By die tempel aangekom word die

Apostels nie weer gearresteer nie, maar mooi gevra of hulle nie asseblief maar wil saamkom nie, “want die Hoëpriester wil met julle praat,” verduidelik die bevelvoerder.

By die vergadering word die Apostels behóórlik oor die kole gehaal omdat hulle alle opdragte van die Raad verontagsaam het. Hulle is immers by die vorige geleentheid ten sterkste belet om óóit weer oor Jesus te praat, en wat gaan staan en doen hulle? Hulle steur hulle nie eers aan die hoogste gesag in Israel nie! Die ganse Jerusalem lê vol van die “snert” wat hulle verkondig! Boonop wil hulle ook nog voorgee asof die Joodse Raad die vark in die verhaal is. Volgens Petrus is dit húlle wat verantwoordelik was vir Jesus se dood! Hierdie onding moet onmiddellik staak!

Petrus is weereens die een wat na vore tree. Sonder vrees en vol vertroue wat die Heilige Gees hom gee verklaar hy: “Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense!” Hy gaan verder en steek sommer ‘n preek af vir die geleerde manne wat daar sit en hom aangluur. Die Joodse Raad is woedend! As hulle kon, het

hulle hierdie Apostels nét daar en dan laat doodmaak!

Dan staan Gamaliël op, ‘n man wat darem ‘n bietjie insig het. Hy stuur die Apostels uit sodat hy privaat met die Raad kan praat. “Kollegas, ons moet baie versigtig wees dat ons nie dalk vir God teëgaan nie! Ons sal wél gou sien of hierdie dinge van God kom of nie. As dit mensewerk is, sal dit bloot oorwaai. Kom dit egter van God af, dan kan ons absoluut niks daaraan doen nie!”

Die apostels word ingeroep en weereens word hulle dééglik geroskam en belet om verder te praat. Boonop word hulle geslaan voordat hulle vrygelaat word. Hierdie ou insidentjie het hulle egter géénsins van stryk gebring nie en spoor hulle juis nét aan om die Evangelie met nog groter vuur te verkondig. In sak en as gaan sit? Nog nooit nie! Vir hulle was dit ‘n reuse voorreg om te kon ly vir hulle Meester, Jesus!

Die Jehovah’s Getuies verkondig ‘n dwaalleer, maar één ding kan ons by hulle leer en dit is om jou nie te laat afsit as iemand jou uit die huis jaag nie. As hulle uitgeskel word, stap hulle net eenvoudig na die volgende huis om hulle boodskap te bring. As gelowiges moet

verwerping en vervolging eintlik as aansporing dien om die Woord met nog groter ywer uit te dra. Ek is sélf al ’n slag of wat uitgevloek omdat ek die Evangelie ongevraagd aan iemand gestuur het. Om te sit en tob en wroeg daaroor is sinneloos! Dit is nie mý boodskap wat hy verwerp nie maar God s’n! Laat dit aan Hom oor!

Die Evangelie word nie deur teenstand en swaarkry ondergekry nie. Die ware lig kan nooit deur die donkerste nag van vervolging of teenstand uitgedoof word nie, daarvoor sorg God sélf! Hy gee my en jou, Sy kinders die krag en wysheid sodat ons met vrymoedigheid oor Hom kan bly getuig. Soms bewe ons knieë, maar dan verseker die Gees ons dat ons op die Rots staan wat nooit sal bewe of wankel nie.

Gebed:

Here, hou asseblief my oë altyd gevestig op Jesus, my Rots, selfs deur die donkerste tye van vervolging en vernedering sodat ek met vrymoedigheid van U kan getuig. Gee asseblief vir my die regte woorde sodat ek U heilige Naam altyd hoog kan hou!

## Sewe Diakens

## Handelinge 6:1-7

**VIDEO | OUDIO**

Waar ‘n gemeente groei, sal daar altyd die een of ander probleem of uitdaging opduik wat die organisasie van die gemeente betref. Die Jerusalemgemeente het van ‘n klein handjievol gelowiges op een enkele dag met drieduisend lidmate gegroei. Slegs ‘n klein rukkie later is daar weer duisende siele bygevoeg tot die gemeentegetalle. Hierdie gemeente het letterlik uit sy nate gebars. Aan die “bestuur” van die gemeente was die twaalf Apostels. Dit was ‘n totaal onmoontlike taak vir hierdie paar manne om alles te beheer, 'n gemeente met 5000+ lidmate en om dan boonop nog te preek ook!

Ons het uit ‘n vorige hoofstuk gelees hoedat mense mekaar ondersteun het in die gemeente en hoedat die armes gedra was deur diegene wat meer welaf was. Met die ontploffing in gemeentegetalle was daar egter sekere mense wat afgeskeep was. Om te kan verstaan wat hier gebeur het, moet jy kyk na die agtergrond van

die samelewing. Die een probleem was dat die Jode wydverspreid oor die wêreld gebly het en dat die algemene wêreldtaal destyds Grieks was. Sommige Jode het hulle egter verset teen hierdie “volksvreemde" taal en het net geweier om dit te praat, want dit was verbind aan die Griekse filosofie. Die gevolg was dat daar twee stelle sinagoges ontwikkel het, dié vir Griekssprekende Jode, en dié vir Arameessprekende Jode. Dit het ‘n verwydering tussen die twee groepe tot stand gebring. Jode uit beide van hierdie groepe het gelowig geword en by die Jerusalemgemeente aangesluit.

Die ander probleem waarmee hulle te kampe gehad het was dat Joodse vrouens nie toegelaat was om enige werk te doen buite die huis nie. Die man was die broodwinner en sy moes die privaatheid van die huis behartig. As ‘n man gesterf het, het die weduwee met ‘n groot dilemma gesit want sy het absoluut géén werksondervinding gehad nie. Sy was dus totaal afhanklik van aalmoese van haar familie. Dis juis hiér waar veral die Griekssprekende weduwees afgeskeep was, waarskynlik omdat hulle families elders in die wêreld gebly het en daar niemand was om na hulle om te sien nie.

‘n Vergadering word belê om die probleme in die gemeente aan te spreek en sewe manne word aangewys wat sou omsien na die probleemareas. Daar was twee vereistes vir hierdie manne: In die eerste plek moes hulle vol van die Heilige Gees wees. Ander mense moes in hulle optrede kon sien dat die krag van die Here in hulle lewe aanwesig was. Die tweede vereiste was dat hulle oor wysheid moes beskik. Wysheid beteken nie om "slim" te wees nie maar om jou plek voor die Here te ken, Sy voorskrifte uit te voer en in alle situasies reg teenoor ander mense op te tree.

Elke gemeente het maar sy probleme! Dit help nie om jou blind te staar teen sulke struikelblokke nie. Die Jerusalemgemeente het hulle probleme in uitdagings omskep. Hulle het bloot nodige aanpassings gemaak onder leiding van die Heilige Gees en eenvoudig die regte mense aangestel om die probleem op te los. Die gemeente het nie net van die oggend tot die aand gekerm oor die probleem nie maar die bul by die horings gepak en daadwerklik iets daaromtrent gedoen. Die manne wat aangestel was het die verantwoordelikheid aanvaar om die uitdagings die hoof te bied. Hulle was die hande

opgelê en op hierdie wyse geseën vir die taak op hulle skouers. Toe spring hulle aan die werk! Alhoewel hulle afgesonder was vir ‘n spesifieke taak, het dit nie net daarby gebly nie. Ons weet byvoorbeeld dat een van hulle met die naam Stefanus kragtig gepreek en wonders gedoen het!

Hierdie aksie het die Apostels groter vryheid gegee om hulle taak uit te leef. Dit het ook beteken dat die Jerusalemgemeente verder met rasse skrede gegroei het en dat daar selfs ‘n groot aantal priesters wat tempeldiens gedoen het by die gemeente aangesluit het. Dít het natuurlik ook verder nuwe deure oopgemaak vir die gemeente.

Daar word ál te dikwels verwag dat die dominee of pastoor alles in die gemeente moet doen. Hy word mos daarvoor betaal! Sy kragte is egter ook maar baie beperk. As lidmate dus bereid is om ‘n spesifieke taak op hulle skouers te neem, laat dit hom vry om die taak uit te voer waarvoor hy éíntlik aangestel is. Ongelukkig is dit ‘n tendens dat al hoe minder mense bereid is om hulleself beskikbaar te stel vir ‘n taak in die gemeente. Die gevolg is dat dit al te dikwels

gebeur dat persone met ‘n spesifieke taak nie hart en siel die taak kan uitvoer nie omdat hulle oorlaai word. Terselfdertyd word probleme wél bespreek, maar dit bly gewoonlik ook net by praat.

Dit het tyd geword dat ons as gelowiges sal opstaan en in die krag van die Heilige Gees take in die gemeente op ons skouers neem en dit deurvoer. Dan sal die kwynende kerk weer begin groei en blom. Ek ken baie mense wat reeds tot daardie stap oorgegaan het, met wonderlike gevolge! Ongelukkig is hulle heeltemal té yl gesaai om werklik ‘n impak te maak. Moontlik praat God vandag met jóú deur hierdie dagstukkie om jouself beskikbaar te stel. Wees dan gehoorsaam en doen wat Hy vra!

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om die diens te verrig wat U van my vra. Gee my asseblief die nodige toerusting deur U Heilige Gees sodat ek die taak met my hele hart kan uitvoer!

18

## Stefanus Word Gearresteer

## Handelinge 6:8-15

**VIDEO** | **OUDIO**

“Het jy gehoor ….. ?” Dit is hoe die sappigste skinderstorie gewoonlik begin. Dikwels is dit die mense met ‘n hoë profiel wat deurloop en dan eindig so ‘n skinderstorie gewoonlik in ‘n tragedie!

Stefanus was die leier van die sewetal diakens en gister het ons genoem dat hy kragtig gepreek het en dat hy baie wonders gedoen het. Die gevolg was dat hy die slagoffer geword het van só ‘n skinderveldtog. Hy het baie aandag getrek in Jerusalem want dit was nie alleen die groot wonders wat deur hom gebeur het wat mense in vervoering gehad het nie maar ook die omstrede dinge wat hy soms gesê het. Vir die Jode was die tempel die heiligste plek op aarde en as jy iets onverskillig sou sê oor die tempel, was dit asof jy God sélf sou beledig. Stefanus het besef dat Jesus groter as hierdie blote gebou is en dat die offer wat Jesus aan die kruis gebring het ál die rituele wat daagliks in die tempel afspeel in

totaliteit vervang het. Die ware God bly in elkgeval nie in ‘n mensgemaakte tempel nie! Na die uitstorting van die Heilige Gees, weet ons dat God deur sy Gees in die gelowiges, Sy kerk bly en dat elke gelowige dus ‘n lewende tempel van God is.

Stefanus het nie geskroom om hierdie dinge reguit aan te spreek nie, gevolglik het dit hom die gramskap van die Jode op die hals gehaal. Veral een spesifieke groep het hulle mes ingehad vir Stefanus, ‘n groep Grieksspreekende Jode wat vroeër slawe was en intussen deur die Romeine vrygelaat was. Hulle het selfs hulle eie sinagoge gehad wat hulle “Die sinagoge van vrygelate slawe” genoem het. Hierdie klomp het lang debatte met Stefanus gevoer en hulle het alles in die stryd gewerp om hom te probeer verkeerd bewys. Stefanus se wysheid was egter een te veel vir hulle want die krag van die Heilige Gees in hom het hulle stomgeslaan!

As jy nie ‘n debat op ‘n mooi manier kan wen nie, dan is al genade om maar vuil te speel en dis presies nét wat hulle gedoen het! Uit pure frustrasie, omdat hulle nie kon hond haaraf maak nie het hulle toe vir Stefanus beskuldig dat hy

Moses en God belaster het! Hiermee het hulle bedoel dat hy die geldigheid van die wet van Moses in twyfel sou trek en dat hy boonop die hart van hulle godsdiens, die tempel, se gesag ondermyn het deur die heiligheid van die tempel in twyfel te trek. Dit was niks minder as laster teen God self nie!

Natuurlik, soos dit elke goeie skinderstorie betaam, het hierdie skandaal soos ‘n veldbrand versprei deur die strate van Jerusalem! En verséker het dit langs die pad stertjies bygekry ook. Die Joodse Raad was natuurlik behóórlik ingelig oor die jongste stand van sake en gevolglik word Stefanus op die rooi tapyt gedaag voor die Raad. Wat begin het as ‘n gesprek oor Jesus se bevryding, het nou in allerhande vals beskuldigings en lasterlike uitsprake geëindig presies nét soos wat dit die geval was met Jesus se verhoor. So moes Stefanus nou aanhoor dat hy sou gesê het dat Jesus die tempel sou afbreek en ál Moses se voorskrifte tot niet sou maak. Dit was dieselde aanklag wat teen Jesus gehou was.

Die Joodse Raad was nou nie juis die vriendelikheid vanself nie en so het hulle hom

aangegluur terwyl die een aanklag na die ander teen hom ingebring was. Stefanus aan die anderkant, was rustig en kalm oor die hele situasie. Om die waarheid te sê, was hy só vol van die Heilige Gees op daardie oomblik dat sy gesig gegloei het soos dié van ‘n engel. God was met Stefanus en vir hom het dit nie saakgemaak wat verder sou gebeur nie. Hy het sy volle vertroue op God alleen gestel!

Wat ‘n wonderlike verhaal van vertroue in God en totale onverskrokkenheid. Ons kan baie van Stefanus leer. Sy onverskrokke houding was nie omdat hy sterk of slim was nie. Dit was omdat hy ten volle op God vertrou het en boonop sy afhanklikheid van God terdeë besef het. Ek kan getuig daarvan, dat as jy jou vertroue op Hom stel dan sál Hy jou staande hou. Ek was al by verskeie geleenthede aangevat deur die Jehovah’s Getuies wat my van hulle standpunte probeer oortuig het. Hulle redenasies is dikwels só oortuigend dat dit baie maklik is om te swig voor hulle oortuigings. Die Here het my egter nog elke keer daardeur gedra en my die wysheid gegee om hulle te kon antwoord op hulle valse leerstellings!

Dat Stefanus uiteindelik met sy lewe moes betaal omdat hy vir die waarheid opgestaan het, is van minder belang. Hy het slegs één gedagte in sy kop gehad, dat die waarheid moes seëvier! Deur die krag van die Heilige Gees het hy dit dan ook reggekry. Dit geld ook vir my en jou, dat die moontlikheid van verwerping of vervolging ons nooit van stryk durf bring om op te staan vir die waarheid nie! Ons moet ook altyd in gedagte hou dat ons nooit, óóit alleen staan nie, maak nie saak hoe erg die situasie is nie. Jesus het immers tydens Sy hemelvaart belowe dat Hy altyd by ons sal wees. Hy sal ons bewaar en deur die donker klowe en selfs die "dal van doodskaduwee" dra. Terselfdertyd is die Heilige Gees altyd daar om ons die nodige wysheid en krag te gee om énige situasie te kan hanteer!

Gebed:

Here, so dikwels is ek bang om op te staan vir wat reg is. So dikwels huiwer ek om in te tree vir U heilige Naam. Gee my asseblief die moed, krag en wysheid om die waarheid uit te leef met my woorde sowel as my dade!

19

## Stefanus se toespraak

## Handelinge 7:1-53

**VIDEO | OUDIO**

Terwyl Stefanus voor die Joodse Raad staan, word allerhande beskuldigings na hom geslinger. So het ons gister gesien. Uiteindelik vra die hoëpriester vir Stefanus of die beskuldigings teen hom waar is? Stefanus gryp die kans aan met altwee hande. Nou kan hy sy saak behóórlik stel en sommer op die koop toe ‘n preek afsteek wat hierdie manne kan ruk! Dit is interessant dat die lengte van hierdie preek ‘n volle 5% van die hele Handelinge-boek beslaan.

In die Bybelse tyd het mense hulle huidige omstandighede gewoonlik probeer verstaan deur na die verlede te kyk. Ons moderne mense leef as’t ware met ons rug gekeer op die verlede en beplan jare vooruit in die toekoms in. In daardie tyd het hulle presies andersom geleef, met hulle gesig gedraai na die verlede en die rug gekeer op die toekoms. Op hierdie wyse het hulle die toekoms as't ware agteruit binnegestap. Dit is in daardie lig wat ons ook Stefanus se toespraak

moet lees. Dit is ‘n lang relaas wat begin by Abraham, Isak, Jakob en Josef en daarna eindig met ‘n uitgebreide geskiedenis van Moses en sy verhouding met Israel. Dit is tog só ironies dat een van die hoof aanklagte júís was dat hy Moses se wette verwerp het. En hier haal hy nou juis vir Moses aan!

Met die eerste oogopslag lyk dit asof Stefanus slegs ‘n uitgebreide geskiedenisles gee aan ‘n klomp geleerdes wat in elk geval hierdie geskiedenis woord-vir-woord uit hulle koppe ken, maar as ons mooi gaan lees merk jy die subtiele konnotasie wat hy heg aan die huidige omstandighede uit die verlede. Dit is veral die openbarende ooreenkomste tussen die lewe van Moses en dié van Jesus wat Stefanus hier uitlig.

Ons lees vyf temas in Stefanus se toespraak:

- God se beloftes aan Abraham
- Die geskiedenis van Josef
- Moses se roeping en sy optrede
- Die bou van ‘n heiligdom vir God
- Die Joodse Raad word verwyt omdat hulle Jesus vermoor het

In sy toespraak wys Stefanus die vinger reguit na die volk Israel. Alles het alreeds begin by Abraham, Isak en Jakob. Jakob se seuns, die stamvaders van die volk het hulle eie broer, Josef verwerp en hom verkoop as slaaf. Josef was natuurlik uiteindelik verhef as onderkoning in Egipte. Toe kom Moses aan die beurt. Nie alleen het hierdie einste volk die rug gedraai op hulle groot en gerespekteerde leier, Moses en hom verwerp nie, maar op dieselfde wyse het hulle ook uiteindelik vir Jesus, die beloofde Messias sélf ook verwerp! Trouens, die volk het telkemale die leiers wat God oor hulle aangestel het, verwerp! Nie alleen was die leiers verwerp nie maar die profete wat God aangestel het om die volk geestelik te rig, was links en regs vervolg en doodgemaak. Kyk maar hoe moes die arme Elia vlug vir sy lewe voor Agab en Isebel! En die laaste profeet, Johannes die Doper was op grusame wyse onthoof en sy bebloede kop tot groot vermaak van die gaste ten toon gestel op 'n skinkbord!

Daarom was dit vir Stefanus glad nie vreemd dat ook Jesus uiteindelik verwerp was nie. Inderdaad het die geskiedenis van Israel teen hulle getel, want al sou hulle sê dat hulle die volk

van God is, het hulle nou nie juis daarin geslaag om die boodskappers van God te herken nie en beslis ook nie om hulle voorskrifte na te volg nie!

Boonop het Stefanus die Joodse Raad daarop gewys dat hulle God totaal verkeerd gedien het deur die tempel tot iets buitengewoon te probeer verhef! Om God te dien gaan nie oor die nakoming van kultiese rituele nie. God is immers nie afhanklik van ons heilige feeste en godsdienstige geboue nie, daarvoor is Hy gans te groot! Godsdiens gaan daaroor dat jy gehoorsaam is aan Jesus, die gestuurde van God.

Ek sou vanoggend graag hand-aan-hand met Stefanus saam met jou wou stap deur die bladsye van Israel se geskiedenis, maar hiervoor is die spasie van hierdie dagstukkie net eenvoudig te min. Lees dus gerus vanaand rustig Handelinge 7 deur en as jy dalk jou hand kan lê op Die Bybellennium Eenvolume Kommentaar, dan sal jy sien dat die uitleg wat aan hierdie gedeelte gegee word uiters insiggewend is!

Stefanus word as ‘n misdadiger voor die hof gebring. In sy toespraak is hy nou egter nie meer

die aangeklaagde nie, maar die aanklaer. Die Joodse Raad weerstaan die Heilige Gees, maar hierteenoor neem Stefanus stelling in as iemand wat vol is van die Gees! Hy verwerdig hom nie eers om die vals beskuldigings wat teen hom ingebring word af te weer nie. Hy sien dit eerder as sy taak om die skynheilige praktyke van die volk en veral sy leiers te ontmasker.

Stefanus het ‘n baie belangrike waarheid ontdek en dit is dat God nie gedien kan word deur allerlei mensgemaakte tradisies nie, daarvoor is Hy te heilig. Voor die God van hemel en aarde kan ons maar net stilword en laag voor Hom neerbuig in aanbidding.

My gebed vir jou is dat die lig van God jou lewe vandag sal verlig, selfs al is jy fisies in die duister!

Gebed:

Here, leer my asseblief om U waarlik te kan dien soos U van my verlang!

# Stefanus Gestenig

## Handelinge 7:54-8:3

**VIDEO | OUDIO**

Ek het al by verskeie geleenthede gehoor van mense wat 'n doodservaring beleef het. Hiermee bedoel ek dat hulle letterlik dood was vir 'n kort rukkie en weer bygekom het en in hierdie tydjie iets van die hemel beleef het. Wonderlike dinge wat hierdie mense vertel van 'n belewenis waar die gordyn vir 'n paar oomblikke vir hulle oopgeskuif is en hulle die heerlikheid van die hemel kon sien. Dikwels vertel hulle dan ook dat hulle baie teleurgesteld was dat hulle nie daar kon bly nie en dat hulle nie wou terugkom nie. Die beskrywings wat die mense gee vertel van 'n ongekende en onbeskryflike heerlikheid. Dit vertel van helder, spierwit lig en dat alles so skoon en rein is en van die glans van God wat alles verlig. Dikwels wil jy jouself die vraag afvra: "Maar is dit werklik? Het hulle nie maar net gedroom nie? Is dit nie dalk maar net die trauma van die doodservaring wat met hulle sinne op loop gesit het nie?"

Maar dan lees jy hierdie stukkie in Handelinge waar Stefanus ‘n soortgelyke ervaring het. Die dinge wat hy gesê het, het die Joodse raad rasend van woede gemaak want hy het bitter seer op hulle tone getrap. Maar Stefanus het dit nie eers agtergekom nie want op daardie oomblik was die krag van die Heilige Gees so sterk by hom teenwoordig dat hy tot in die hemel kon sien. ‘n Visioen kon ‘n mens dit dalk noem, maar my beskeie opinie is dat Stefanus op daardie oomblik die grens tussen hemel en aarde oorgesteek het en die heerlikheid van God met sy eie twee oë aanskou het! Toe hy na die hemel opkyk sien hy vir Jesus aan die regterhand van God staan. Jesus, Regter en Redder staan in die belangrikste troonsaal van die heelal. Stefanus vertel opgewonde vir die Joodse Raad wat hy sien. Oor so ‘n ervaring durf ‘n mens net eenvoudig nie stilbly nie! Hierdie hemelse ervaring het vir Stefanus die krag gegee vir die verskrikking wat sou volg......

Vir die Jode was hierdie net één te veel - laster in die ergste graad! Hoe durf hy sulke snert kwytraak? Hulle skreeu hard om sy woorde te probeer verdrink en druk boonop hulle ore toe sodat hulle nie verder na hom hoef te luister nie.

Dan storm hulle soos een man op hom af en sleep hom uit die stad uit om hom te stenig. Die wet het hulle natuurlik uitdruklik verbied om iemand binne die stad te stenig.

Die ritueel van steniging het ‘n bepaalde orde gehad: die eerste getuie, die ooggetuie van die misdaad het die aangeklaagde op die grond neergegooi. Die tweede getuie moes dan die eerste klip gooi na die aangeklaagde se hart. Onthou, daar móés minstens twee getuies wees om iemand skuldig te bevind. Daarna was dit ‘n “free-for-all” en almal het klippe na hom geslinger totdat hulle seker was dat hy dood was!

Terwyl die klippe op Stefanus neer reën, bid hy hardop en hy vertrou sy gees toe in Jesus se hande. Hy vergewe sy martelare met die woorde dat die Here asseblief nie hulle verskriklike sonde aan hulle sal toereken nie! En so sterf die heel eerste Christenmartelaar, nie met haat op sy lippe nie, maar met vergifnis! Ja, Stefanus het voluit die pad van die Here bly stap tot aan die héél einde!

‘n Toeskouer van hierdie hele wrede teregstelling was ‘n man met die naam Saulus. In daardie tyd

het ‘n man drie name gekry: ‘n voornaam, ‘n familienaam en ‘n noemnaam en dan het jou naby familie jou gewoonlik ook nog ‘n vierde “troetelnaam” of signum gegee. “Saulus” was waarskynlik die troetelnaam wat sy pa hom genoem het en Paulus sy noemnaam. Saulus het met goedkeuring toegekyk hoedat Stefanus met klippe doodgegooi word. “So word God se eer immers gered”, het hy gedink, “want so ‘n Godslasteraar durf nie bly lewe nie!”

Die owerhede het nou bloed geruik en rooi gesien en so begin die vervolging van Christene in Jerusalem in alle erns. Hierdie "sekte", so het hulle gemeen, moes met wortel en tak uitgeroei word! Dis veral die Grieksprekende gedeelte van die kerk wat baie krities teenoor die tempel gestaan het, wat wreed vervolg was. Saulus was een van die voorbokke en hy het letterlik van huis na huis geloop om Christene uit te snuffel en tronk toe te sleep.

Die gevolg van hierdie vervolging was dat die Christengelowiges moes vlug vir hulle lewens. Jerusalem het letterlik leeggeloop van gelowiges, en hulle het oor die hele Judea en Samaria versprei. Skielik dink ons aan Jesus se

woorde: “Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” (Hand. 1:8). Fase 1 (Jerusalem) was voltooi en nou tree fase 2 van Jesus se opdrag en belofte in werking. Nou begin dinge opwindend raak maar die groot uitreik na die uithoeke van die wêreld moes nog kom. Daarvoor was 'n baie spesiale persoon nodig, iemand wat op hierdie stadium nog nie náástenby gereed was daarvoor nie! Hierdie groot sendeling was nog eers besig om die kerk van Jesus in alle erns te vervolg! Hy moes nog eers die pad na Damaskus stap om daar vir Jesus te ontmoet!

Maar nou loop ek die storie vooruit! Van daardie geskiedenisveranderende insident sal ons later lees!

Gebed:

Here, U is getrou en U beloftes staan vas! Soms dink ons dat alles verlore is maar dan sien ons hoe U op ‘n wonderbaarlike wyse werk. Vat asseblief my hand vandag en as dinge vir my duister lyk, rig dan asseblief my oog op U groot plan vir ons!

## Filippus in Samaria

## Handelinge 8:4-25

**VIDEO | OUDIO**

In gister se oordenking het ons gesien hoedat die vervolging van die Christene in Jerusalem in alle erns begin het. Gelowiges het uitmekaargespat en in alle rigtings gevlug vir hulle lewens. Omtrent die enigstes wat oorgebly het, was uiteindelik die apostels. Die Christene wat gevlug het, het die Evangelie verkondig so ver as wat hulle gegaan het en so is die blye boodskap die wêreld ingedra.

Een van die vlugtelinge was die nuutverkose diaken Filippus, een van die sewetal wat saam met Stefanus gekies was. Hy het na die landstreek Samaria uitgewyk om daar vir hom ‘n holtetjie vir sy voet te vind tussen die Samaritane. Die Samaritane en die Jode was nou nie juis die beste van bure nie en daar was gedurigdeur ‘n gestry oor waar God éintlik aanbid moes word, in Jerusalem of op die berg Gerisim. Die Jode het die Samaritane verafsku en as slegs ‘n Samaritaan se skaduwee op ‘n

Jood sou val, het hy hom eers gaan was want dan was hy onrein!

Onder hierdie donker omstandighede kom Filippus die land binne. En wat doen hy? Hy begin die Evangelie verkondig aan hierdie einste Samaritane! Maar eers moes hy die reg verdien om te kon preek. Die Heilige Gees het kragtig deur Filippus gewerk sodat hy baie wondertekens gedoen het en sodoende die mense se aandag op hom gevestig het. Siekes is gesond gemaak; kreupeles kon weer regop staan; verlamdes kon skielik weer loop! Dit het veroorsaak dat die Samaritane baie gou geredeneer het: "Hierdie is nie sommer maar net iemand nie, God werk deur hom! Ons kan gerus maar luister na wat hy sê!" Die inwoners van Samaria was vol verwondering oor wat Filippus vermag het en Lukas vertel dat hulle aandagtig na Filippus geluister het. Nie alleen het die wondertekens bevestig dat hy deur God gestuur is nie maar die dinge wat hy gesê het het hulle diep aangegryp!

Nie alles was egter net maanskyn en rose nie en mettertyd het Filippus groot teenstand begin kry van 'n man met die naam Simon, 'n gedugte

towenaar. Só sterk was Simon se mag om allerhande bonatuurlike dinge en toorkunste te verrig, dat die mense na hom verwys het as “die groot krag van God.” Baie mense het Simon uiteindelik beskou as ‘n goddelike wese wat ter aarde neergedaal het. Sommige het selfs so ver gegaan as om hom te beskou as ‘n beliggaming van God self!

Dit was nie vreemd vir daardie tyd nie want baie towenaars het daarop aanspraak gemaak dat hulle gode was. Towery was ‘n algemene ding en vir die mense van daardie tyd was die onsigbare of onsienlike eintlik die ware werklikheid! In die Grieks-Romeinse wêreld was daar ‘n hele galery van gode en godinne en hulle moes gelukkig gehou word om vir jouself die lewe gemaklik te maak. Towenaars en priesters sou oor die gawe beskik het om met hierdie godewêreld te kommunikeer. Hulle het dan ook dikwels bonatuurlike magte gekry in die proses. Hierdie mense is met groot agting bejeën. Vandag is hulle steeds met ons in die persoon van sangomas, spiritiste, fortuinvertellers ens. Hierdie is bitter gevaarlike praktyke wat heul met die magte van die duisternis. Mense wat hierdie

praktyke beoefen staan eintlik in diens van die duiwel!

Simon kon wél wonderlike dinge doen maar Filippus was egter in 'n hééł ander kategorie. Hy het boonop oor die wonderlikste woorde beskik, woorde wat lewe gee - wáre lewe! Geloof in God berus nie in die dinge wat jy kan sien, soos wonderwerke nie. Dit berus eerder in ‘n vaste vertroue dat Jesus se sterwe en opstanding nuwe lewe gee vir die gelowige. Simon het gesien wat gebeur en hy het begeer om ook soos Filippus te wees. Hy het na Filippus geluister en het die geloof aangeneem. Hy is selfs ook gedoop. Maar sy motiewe was nie suiwer nie en hy het slegs geglo op grond van die dinge wat hy Filippus sien doen het en nie soseer oor dit wat hy gepreek het nie.

Die gerugte het versprei oor Filippus se suksesvolle bediening in Samaria. Dit het ook die ore van die apostels in Jerusalem bereik en hulle het besluit om te gaan kyk wat daar besig was om te gebeur. Dit was immers hulle taak om toesig te hou oor die suiwer verkondiging van die Evangelie. So word Petrus en Johannes afgevaardig om 'n besoek by Filippus te gaan

aflê. Daar aangekom het hulle vir die mense gebid. Die reaksie was dat die Heilige Gees kragtig op die nuwe bekeerlinge gekom het presies net soos dit gebeur het op Pinksterdag.

Hierdie gebeure het nie ongesiens by Simon verbygegaan nie en weereens het sy hart met begeerte gebrand. Hy wou ook doen wat die apostels doen want hy het gesien dat die mense die Heilige Gees kry as Petrus maar net sy hande op hulle gelê het. Hy het by Petrus gaan pleit en hom selfs probeer omkoop: “Ek is bereid om gróót te betaal vir daardie krag!”

Petrus se geskokte antwoord was bloot: “Gaan na die verderf met al jou geld en al!” God se hemelse gawes is beslis nie met geld te koop nie!

Daar is nie plek in die kerk vir mense wat God probeer dien slegs om allerlei “byvoordele” te kry soos status, mag of eie eer nie. As jy probeer om goed te doen sodat jy ‘n beter plekkie in die hemel kan verdien is jy ewe selfsugtig! Om God waarlik te dien beteken dat alle eer aan Hom alleen gaan en dat jy Hom dien suiwer uit dankbaarheid vir wat Hy alreeds vir jou gedoen

het en aanbid sonder om enigiets terug te verwag!

Gebed:

Here, genees asseblief my selfsugtige hart en gee vir my ‘n hart van onbaatsugtige diens aan U alleen!

## Die Evangelie Na Afrika

## Handelinge 8:26-40

**VIDEO | OUDIO**

‘n Baie interessante man ry op ‘n wa in Judea, sowat 100km suidwes van Jerusalem. Hy kom uit Afrika, waar hy ‘n hoë posisie beklee as die finansiële raadgewer van "die Kandake, die koningin van die Ethiopiërs" (v27). Eintlik was sy nie werklik die koningin nie. Daardie jare het die Etiopiese Koninkryk gestrek van die bo-Nylgebied tot by Kartoem. Die koning was as ‘n soort godheid beskou en hy was verhewe bo sulke nietige dinge soos regeringsake. Daarom het sy moeder die regeringsfunksie verrig en sy het die titel van “Kandake” gedra.

Hierdie belangrike amptenaar was 'n eunug, iemand wat ontman is. Dit was algemene praktyk dat soldate wat die koning se vroue moes oppas asook hooggeplaaste paleisamptenare ontman moes word. Hierdie amptenaar was dus 'n eunug maar hy was ook ‘n proseliet, dis nou 'n nie-Jood wat hom tot die Joodse geloof bekeer het. Normaalweg was dit nie aanvaarbaar vir 'n

eunug om deel te kon kry aan die Joodse geloof nie. Ons verhaal begin waar hierdie merkwaardige man sit en lees uit die profeteboek van Jesaja terwyl hy op sy wa ry op pad terug na Etiopië.

Intussen speel daar elders ‘n ander drama af. Filippus kry besoek van niks minder nie as ‘n hemelse wese, ‘n engel van die Here wat aan hom ‘n boodskap bring: “Maak klaar, vanmiddag moet jy na die pad gaan tussen Jerusalem en Gasa.”

“Wat moet ek daar gaan doen?” maal dit deur Filippus se gedagtes. “En wie sal ek daar kry?” Filippus is egter dadelik gehoorsaam en weldra tref hy die wa met die lesende Etiopiër op die pad aan. ‘n Stem hier diep binne in hom sê vir hom dat hy langs die wa moet gaan loop en so maak Filippus. ‘n Swart man met ‘n Jesaja-rol, dié het Filippus nog nooit in sy lewe gesien nie. Hy is nuuskierig! “Verstaan jy ooit wat jy lees?” Gou blyk dit dat die arme man nie ‘n woord verstaan van wat daar geskrywe is nie, want die gedeelte in Jesaja 53 is ‘n profesie oor Jesus.

Filippus word genooi om op te klim en so al ryende lê hy die Skrifgedeelte vir die man uit. Hy

vertel hom opgewonde van die wonderlike goeie nuus van Jesus. Die amptenaar gryp die Evangelie met albei hande aan en as hulle by ‘n watertjie verbyry, vra hy vir Filippus om hom te doop, die sigbare bewys dat hy die Evangelie aangeneem het. Nou het hy ‘n lid geword van die nuwe gesin van God, die kerk!

Na die doop word Filippus elders benodig. Wonderbaarlik word hy deur die Gees van die toneel weggevoer. Wat presies daar gebeur het weet ons nie, dis 'n misterie waaroor ons maar net kan raai! Al wat ons weet is dat hy na Asdod weggevoer is, omtrent veertig kilometer noord van Gasa. Daar moes hy gaan sendingwerk doen, al langs die kus af tot in Ceasarea. En dis presies net dáár waar die Romeinse goewerneurs gewoon het!

En die Etiopiër? Wel, hy is terug na sy land, borrelend van vreugde oor sy nuutgevonde geloof!

Daar is ‘n paar vrae wat onmiddellik by jou opkom as jy hierdie verhaal lees. God het ‘n engel na Filippus gestuur om die boodskap oor te dra dat hy vir die amptenaar moes gaan preek. Sou dit nie makliker gewees het vir die

engel om maar sélf die ou takie te gaan afhandel nie? Ek meen, hier moet die arme ou Filippus nou uit sy pad gaan om iets te doen wat die engel dalk soveel makliker kon doen?!

Nee, dis nie deel van ‘n engel se “pligtestaat” om te gaan preek nie, dit is die taak van mense! Engele is slegs “boodskappers van God”. Op daardie oomblik was die Etiopiër baie ontvanklik vir die Evangelie. Hy was alleen op sy wa en hy was honger om uit daardie boek te lees wat hy waarskynlik so pas in Jerusalem gekoop het. En hy verstáán nie! Die Heilige Gees het reeds in hom gewerk en by hom die begeerte gegee om uit te vind waaroor dit alles gaan. En hier daag Filippus “toevallig” op, nét op die regte oomblik. Toeval? Nee, baie beslis nie!

Dikwels word mense oor ons pad gestuur, of dalk word óns eerder oor mense se pad gestuur. Ons moet altyd mooi luister na die influistering van die Heilige Gees want ek kan dalk ‘n baie groot verskil maak in iemand se lewe. Dit mag dalk slegs ‘n eenvoudige ding wees wat die Here wil hê ek vir iemand moet sê. Jy hoef nie ‘n predikant te wees om die Evangelie met iemand te deel nie. Ek is self nie ‘n predikant nie maar

die Here gebruik my net soos ek is om die Evangelie daagliks by duisende mense uit te kry. Maar dit kos van my om mooi te luister na wat die Heilige Gees sê, want uit my eie krag en wysheid kan ek nie hierdie dagstukkies skryf nie.

Die Here wil jou ook vandag gebruik op die een of ander manier en plek. Jy moet jouself egter bereid verklaar om in Sy diens te staan. Dit beteken ook dat jy jouself totaal in God se hande plaas en jou totale afhanklikheid van Hom besef. Die volgende stap is om te luister na die influistering van die Heilige Gees in jou lewe. Dit kan op een van baie verskillende maniere gebeur. As jy God se stem hoor, is die laaste stap om in afhanklikheid en gehoorsaamheid te doen wat Hy vra, al voel dit soms of dit nutteloos is. Hy sal die res doen! Moenie jou bekommer oor die resultate nie, daardie is God se afdeling!

Gebed:

Here, gebruik my asseblief vandag net soos ek is. Maak my gewillig om te doen wat U van my vra. Ek vertrou ten volle dat U Heilige Gees my daarin sal lei en die regte woorde op my lippe sal plaas!

# Damaskus

## Handelinge 9:1-25

**VIDEO | OUDIO**

Ons wil die Fariseërs van ouds sien as 'n bose klomp, maar eintlik was hulle doodgoeie mense. Hulle het geglo dat dít wat hulle doen, reg was volgens die Wet en dat hulle besig was om God se wil te doen. Om die waarheid te sê, het hulle voluit vir God gelewe en baie hard probeer om elke moontlike en onmoontlike wet in die Skrif na te kom tot die laaste tittel en jota. Om sake vir hulleself en veral ook vir die man op straat makliker te maak, het hulle ‘n klomp ekstra wette ingevoeg sodat daar nie dalk per ongeluk uit onkunde ‘n wet verbreek kon word nie.

Maar toe kom Jesus. Hy het alles waarin die arme Fariseërs geglo het omver kom werp. Dit het hulle woedend gemaak en uiteindelik het hulle daarin geslaag om van Hom ontslae te raak. Maar toe begin hulle éintlike nagmerrie eers want oornag ontplof Jerusalem in ‘n klomp volgelinge van daardie selfde Jesus en hulle getalle groei en groei soos ‘n potbrood-deeg op

‘n warm somerdag. Hulle was desperaat om van die klomp Jesus-volgelinge ontslae te raak want hulle was besig om die ganse volk te "vergiftig" met hulle "wettelose" Godsdiens!

Saulus was een van die mees fanatiese van hierdie Fariseërs. Net soos die ander, was hy heilig oortuig dat hy die regte ding doen deur die Christene wat besig was om die eeue-oue wette te verontagsaam te vervolg. Toe daar nou nie meer Christene in Jerusalem oor was nie, maak hy dit sy taak om hulle te gaan uitsnuffel dáár waar hulle heen gevlug het en hulle terug te sleep Jerusalem toe om daar vir altyd toe te sluit sodat hulle nie verder sulke "snert" in die mense se koppe kon inpraat nie. En so vertrek Saulus na Damaskus, ‘n stad in die Romeinse provinsie Sirië, op ‘n wrede vervolgingstog in die Naam van die Here. Só het hy ten minste geglo!

Vandag sit ons kerk dikwels ook vol “Fariseërs.” Hulle is mense wat vas glo dat die dinge wat hulle vir die kerk doen die regte ding is. Fanaties word hulle taak dikwels uitgevoer in die vaste geloof dat dit vir God is wat hulle dit doen, maar intussen kry mense seer as gevolg van hulle optrede. Dikwels kos dit ‘n “Damaskuservaring”

om so ‘n persoon tot sy sinne te ruk, soos wat met Saulus gebeur het.

Saulus was al naby Damaskus toe 'n verblindende lig uit die hemel skielik op hom skyn en hom en sy reisgenote omstraal. Saulus val op die grond neer as ál sy lewenskrag uit sy liggaam vloei in die teenwoordigheid van die lewende, opgestane Jesus. Terselfdertyd kom daar ‘n stem uit die hemel en Saulus word in sy moedertaal, Aramees aangespreek: “Saulus, waarom vervolg jy My?”

Wat ‘n ontnugtering moes dit nie vir Saulus gewees het nie! Al die tyd was hy onder die indruk dat Jesus dood was en begrawe lê iewers in Jerusalem en skielik moes hy hoor dat Jesus leef! Al die jare het hy gedink dat hy die regte ding doen en nou word sy borreltjie gebars en hy moet uitvind dat hy totaal die pad byster geraak het! Die ergste van alles was egter dat hy moes besef dat ál sy godsdienstige geesdrif die groot struikelblok was in die pad van Jesus, die ware Messias!

Jesus verander hierdie verskriklike struikelblok deur Saulus se lewe in ‘n oogwink te verander. Maar wanneer hy daar opstaan van die grond af

met wankelende knieë, moes hy met ‘n verskriklike skok agterkom dat hy skielik blind geword het. Angsbevange soek hy hulp by sy medereisigers, wat hom dan na Damaskus lei soos wat Jesus hom beveel het. Drie dae lank leef Saulus in die angsvolle, onsekere pikdonker van blindheid. Drie dae waarin hy waarskynlik baie tyd gehad het om na te dink oor alles wat met hom gebeur het. Vir drie dae sit hy nie sy lippe aan kos nie. Ek is oortuig daarvan dat Saulus die grootste deel van daardie tyd deurgebid het.

Terwyl Saulus in angsvolle duister sit, gebeur daar ‘n tweede wonderwerk. Die Here praat met Ananias, een van die gelowiges en Hy stuur hom na Saulus. Ananias wou eers heftig teenstribbel want Saulus se reputasie het hom vooruitgeloop. Saulus was 'n gevaarlike man! Maar die Here het hierdie taak vir Ananias uitgesonder en uiteindelik gehoorsaam hy die Here en loop met bewende knieë na Saulus se kamertjie toe. Nadat hy vir Saulus die hande opgelê het, word Saulus ook gedoop as teken dat hy as kind van God nou ook deel van die kerk was.

Saulus se bekering was ‘n uiters dramatiese ervaring en dit het sy lewe so drasties verander dat hy kort daarna in Damaskus se sinagoges gaan preek het. Hierdie slag het hy egter ‘n totale nuwe boodskap gebring, nou nie meer oor die gevaar van die Jesus-volgelinge se dwaalleer nie maar die boodskap van Jesus se verlossing! Vol van die Heilige Gees, kon hy nie anders nie as om vir die mense van Damaskus te vertel dat Jesus die ware Verteenwoordiger van Israel is, die Een wat die wil van die Vader aan mense kom openbaar het.

Saulus se nuwe entoesiasme laat hom in die moeilikheid beland. Die Jode sweer saam om hom te vermoor en hy moes vlug vir sy lewe. Van sy medegelowiges laat hom met 'n mandjie deur 'n opening in die stadsmuur afsak sodat hy van die bloeddorstige skare kon ontsnap. Skielik was hy nie meer die vervolger nie maar die vervolgde!

Gebed:

Here Jesus, vul asseblief my lewe met liefde en met U Heilige Gees sodat ek nie in dieselfde slagyster sal trap as Saulus destyds nie!

## Die Storie agter die Storie

## Handelinge 9:26-31

**VIDEO | OUDIO**

‘n Gerug versprei onder die Christene van Jerusalem: “Hy is terug! Die wrede vervolger wat so baie gelowiges in die tronk laat beland het, is na drie jaar wat hy net verdwyn het weer terug! Kruip weg, anders is die kerker jou voorland!”

“Maar ek het dan gehoor dat hy tot bekering gekom het, is dit nie so nie?”

“Wie, Saulus? Nog nooit! G’n toegewyde Fariseër van sý formaat kan ooit tot bekering kom nie, dis mos totaal onmoontlik! Al manier wat hy tot bekering sou kom is as Jesus Sélf uit die hemel sou ingryp!”

Met angs in hulle harte vir verdere vervolging, kruip die gelowiges van Jerusalem weg vir die fanatiese Saulus van Tarsus wat in Jerusalem aangekom het ná sy “uitreik-aksie” na Damaskus én natuurlik die drie jaar wat hy intussen in Arabië weggekruip het. Intussen probeer die arme Saulus sy bes om maar net kontak te maak

met die gelowiges want hy het só baie om met hulle te deel. Hy het só baie om vir hulle te vertel na sy asemrowende ervaring op die Damaskuspad. Hy word egter vermy soos die pes want niemand waag dit om hom te vertrou nie!

Uiteindelik ontferm ‘n man met die naam Barnabas hom oor Saulus. Hy het die gerugte gehoor van die kêrel se kragdadige bekering en dalk moet ‘n mens hom maar vertrou. “Saulus my broer, kom ek vat jou na die sogenaamde ‘aanhangers van die pad.’” Hierdie is, terloops die naam wat die eerste Christene hulleself toegeeëien het omdat hulle die “pad van geregtigheid” aangehang het.

Saulus hou sommer dadelik van Barnabas. Met hierdie man kan hy nog ‘n baie lang pad saamloop! Inderdaad sou hierdie twee manne 'n paar jaar later baie ver paaie saamstap op hulle sendingreise. Maar hierdie is ‘n storie vir anderdag!

Ek kan my voorstel, die skok wat ‘n paar van die gelowiges gekry het toe Barnabas die dag met Saulus by een van hulle byeenkomste opdaag! “Wat sou die man besiel om hierdie wrede

vervolger hierheen te bring? Nou is ons doppie beslis geklink!”

Baie gou kom hulle egter agter dat Saulus opreg is en dat sy bekering nie maar net ‘n storie is nie. “En kan hierdie man vir jou preek!” fluister hulle vir mekaar. “Waar sou hy so vinnig geleer het om so mooi te preek?” Wat hulle dalk nie geweet het nie was dat Saulus ‘n uitgebreide kennis van die Skrifte gehad het wat skrik vir niks. Vir jare lank het hy by die voete van die beroemde leermeester, Gamaliël gesit as deel van sy opleiding. Daar was nie ‘n wet of voorskrif waarvan hy nie geweet het nie. Die profete het hy almal uit sy kop geken - Jesaja, Daniël, Esegiël, die hele lot! Nou kon hy hierdie asemrowende kennis van hom toepas want hy het die lig gesien, letterlik en figuurlik!  En skielik het Saulus besef hoe alles inmekaar pas.

“Ek gaan in die Sinagoge preek,” deel Saulus die gemeente na ‘n rukkie mee.

“Jy kan nie,” probeer hulle hom keer. “Die Jode gaan jou doodmaak as jy in die openbaar gaan preek!” Maar daar het steeds ietsie van die onstuitbare Saulus in hom agtergebly en niemand kon hom oortuig om van sy voorneme

afstand te doen nie. Later in Lukas se verhaal sal ons sien dat Saulus net meër hardkoppig geraak het! As hy dit eers in sy kop gekry het dat hy wou preek, dan het niks en niemand hom gestuit nie! Nie eers 'n pak slae, die dood of selfs steniging nie!

En so kry Saulus sy eerste vuurdoop. Hy lewer die een vurige preek na die ander in al die sinagoges van Jerusalem. As ‘n boorling van Tarsus, praat hy natuurlik ook vlot Grieks en een van sy grootste vreugdes was om lang redenasies met die Griekssprekende Jode aan te knoop. Hy was immers ‘n redenaar van formaat! Maar toe begin dinge skeefloop. Eers was dit net dreigemente dat hy moes ophou om hierdie “snert” van Jesus te verkondig. Later word dit ernstige doodsdreigemente en die uiteinde van die saak was dat Saulus moes vlug vir sy lewe! Al wat ‘n Griekssprekende Jood was, wou hom doodmaak. Vir die tweede keer sedert sy bekering moes sy mede-gelowiges hom help om van ‘n bloeddorstige skare te ontsnap. Eers pas na sy bekering in Damaskus toe sy vriende hom met ‘n mandjie deur ‘n opening in die stadsmuur moes laat afsak, anders was dit dáár al klaarpraat met hom! Saulus vlug na die

hawestad Ceasarea en vertrek per skip na sy geboortestad, Tarsus. Hy laat die Jerusalem gemeente agter met ‘n swaar hart en mooi herinneringe!

Dit was egter nie alles verlore nie en Lukas vertel vir ons dat die kerk regdeur Judea, Galilea en Samaria ‘n tyd van rus en vrede beleef het. Die Here het dit só beskik dat hulle ‘n blaaskans kon kry om geestelik te groei en gevestig te raak. Verder moes hulle ook die kans kry om die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle lewens te kon beleef. O en natúúrlik het die kerk ‘n bloeitydperk beleef en sterk gegroei!

‘n Wonderlike verhaal, is dit nie? Wonderlik hoedat die Here voorsien. Dieselfde Here voorsien vandag steeds en al lyk dinge soms bitter donker, kan ons steeds weet dat Hy in beheer is en dat daar ‘n wonderlike doel agter alles is!

Gebed:

Here, soms lyk dit vir my ook asof alles verlore is, maar dan kan ek my oog slegs op U hou. Dankie, Here! Help my om ook soos Saulus van ouds die Woord onverskrokke uit te dra!

25

## Wonderwerke

## Handelinge 9:32-43

**VIDEO | OUDIO**

Gebeur daar vandag nog wonderwerke? Hierdie is ‘n baie omstrede vraag en dadelik sal sommige mense vir jou sê dat wonderwerke slegs beperk was tot die Bybelse tyd. Jesus het wonderwerke gedoen en daarna het dit gestop! Dan is daar mense wat vir jou sê dat daar beslis nog vandag wonderwerke gebeur. By “genesingsdienste” gebeur dit dikwels dat mense gesond word. Is dit nie genoeg bewys van hedendaagse wonderwerke nie?

Ek wil vanoggend ‘n klip in die bos gooi en sê dat daar elke dag talle wonderwerke gebeur. Dit is nie net by “genesingsdienste” waar hulle plaasvind nie maar in die alledaagse lewe. Soms is die wonders groot en aanskoulik en ander kere weer, soos meestal die geval is dit klein dingetjies wat op die oog af lyk of dit “toevallig” gebeur. As jy egter 'n slag jou oë en hart oopmaak, sal jy die talle wonderwerke raaksien. ‘n Paar jaar gelede was daar ‘n beriggie in die

koerant van ‘n man wat deur rowers aangeval is. Die rower het ‘n pistool teen die man se kop gedruk en die sneller getrek. Die skoot het nie afgegaan nie! Toe trek die rower wéér die sneller en steeds was daar net ‘n klikgeluid. So ook die derde keer. Is dit nie ‘n wonderwerk nie? Male sonder tal gebeur sulke wonderwerke tussen ons, maar ons sien dit nie raak nie!

Lukas vertel in sy Handelinge-verhaal van ‘n paar wonderwerke wat gróót opslae veroorsaak het. So het Petrus per geleentheid op ‘n “preektoer” gegaan. Hy het Jerusalem verlaat en oral op die plattelandse dorpies die woord gaan verkondig. Op ‘n dag kom hy in ‘n dorpie met die naam Lidda, so halfpad tussen Jerusalem en die hawestad Joppe. Die verhoog was vir hom opgestel want daar tref hy ‘n verlamde man met die naam Enas aan. Enas was al vir die afgelope agt jaar bedlêend. God het egter ‘n baie groot plan met hom gehad want hy moes die instrument wees om ‘n groot menigte mense tot bekering te laat kom. ‘n Hulpelose, verlamde? Hoe kan hy help? Petrus hoor die stem van die Heilige Gees en hy weet dat hierdie man die onderwerp van ‘n wonderwerk moes word. “Jesus Christus maak jou gesond,” sê Petrus vir

die man. Hy kyk Petrus verbaas, half ongelowig aan. “Staan op en maak jou bed op,” gaan Petrus voort. Onmiddellik voel die man die lewe in sy slap bene invloei en hy spring op. Die omstanders snak na hulle asems. Sówat het hulle nog nooit beleef nie! Die storie versprei soos ‘n veldbrand en van heinde en verre, vanoor die hele Saronvlakte stroom mense saam om te kom sien wat gebeur het. Almal ken tog die arme Enas wat so bitterlik lank moes ly. Voor hulle oë het hy verander van ‘n verlamde na ‘n blakend gesonde man. Só 'n genesing was nie binne die mag van énige mens nie! Deur Enas se siekte en dan veral sy genesing het groot getalle mense gelowig geword.

Maar Petrus se taak as instrument in die hand van God was nog lank nie verby nie. Uit die hawestad Joppe kom twee manne aan met ‘n versoek dat Petrus daarheen moes kom. Teen hierdie tyd was hy al deur die ganse Israel bekend as ‘n groot prediker. Op pad vertel hulle hom van die groot tragedie wat hulle getref het. In Joppe woon daar ‘n baie begaafde vrou met die naam Tabita, oftewel Dorkas soos die Grieke haar noem. Beide name beteken “Bokkie”.

“Hierdie vrou was ongelooflik,” vertel hulle vir Petrus. “Daar het absoluut niks vir haar twee hande verkeerd gestaan nie. Sy was gedurigdeur besig met die een of ander projek om die armes in die gemeenskap te versorg. Jy moet net die klere sien wat sy vir die behoeftiges gemaak het!”

Dit was twee bedroefde manne wat vir Petrus vergesel het na Joppe om vir Tabita te gaan begrawe. Hulle het spesifiek vir Petrus kom haal want net die héél beste prediker sou goed genoeg wees om so ‘n besondere mens ter ruste te lê. Niemand was egter voorbereid op wat daar sou volg nie.

Op Joppe aangekom, tref  Petrus ‘n groot skare van bedroefde mense aan. ‘n Klomp weduwees, wat maar swaar getref was deur hulle omstandighede, was daar om hulle laaste eer te kom betoon aan dié vrou wat so ‘n groot verskil in hulle lewens gemaak het. “Kyk net die mooi klere wat sy vir ons gemaak het,” snik een bedroefde ou tannie dit uit.

Hulle neem Petrus na die bokamer en daar tref hy die lyk van Tabita aan, netjies skoon gewas en uitgelê, gereed vir haar begrafnis.

“Laat my vir ‘n rukkie alleen met haar,” versoek Petrus die huilende massas. Hy bid. Dan weet Petrus dat hier vandag iets moes gebeur tot eer van God: “Tabita, staan op!” beveel hy die lyk in die Naam van Jesus. Dan gebeur die wonderwerk en Tabita maak haar oë oop. Dadelik sit sy regop en Petrus help haar op uit die bed uit en gaan wys haar vir die verbaasde huilende weduwees. Weereens versprei die nuus soos ‘n veldbrand deur die hele stad en talle mense kom tot geloof in die Here. Die Here maak vir Petrus deure oop en terwyl hy by Simon die leerlooier tuisgaan, kry hy die geleentheid om in vryheid te preek en die Evangelie te versprei.

Ja, inderdaad het wonderwerke nie net by Jesus opgehou nie! Maak jou oë oop vir die talle wonderwerke wat elke dag rondom jou afspeel en laat jou hart aanraak daardeur!

Gebed:

Dankie Here, vir die talle wonderwerke wat U reeds in my lewe gedoen het!

## Petrus en sy Tradisies

## Handelinge 10:1-23

**VIDEO | OUDIO**

Die gróót prediker, só het Petrus bekendgestaan! Binne 'n kwessie van 'n relatief baie kort tydperk het daar 'n reuse transformasie in sy lewe gekom wat hom verander het van rowwe visserman tot geliefde leraar. Ons het Petrus leer ken as die ongekunstelde visserman wat deur Jesus geroep was om Hom te volg sodat hy 'n "visser van mense" kon word. Ons het telkemale gesien hoe verskriklik impulsief Petrus kon wees. Hy het in die onstuimige see gespring en op die water probeer loop soos Jesus en dit boonop nog so byna reggekry ook! Hy het gepraat voor hy gedink het en dikwels ál die verkeerde dinge gesê! Sy impulsiewe beloftes soos dat hy sy lewe vir Jesus sou aflê en dat hy Hom nooit óóit in die steek sou laat nie en slegs enkele ure later sy hartseer verloëning van die einste Jesus! Ja, dit was die óú Petrus. Maar toe kom Pinkster en ons sien 'n splinternuwe Petrus wat na vore tree

as ‘n ware, onverskrokke en verstandige leier wat ál die régte dinge sê!

Daar was egter nog één ding waarmee Petrus in sy lewe móés planmaak, sy Joodse agtergrond. Sien, Petrus was nou wél ‘n Christengelowige maar hy kon maar net nie verby die jare en jare se Joodse tradisies kom wat van babatyd in hom ingedril was nie. Waar iets egter vir ons dikwels onmoontlik mag lyk, kom die Here en Hy maak dit wél moontlik. Vir Petrus het die heel eerste stappie gekom toe Simon die leerlooier hom uitnooi om by hom in Joppe tuis te gaan. Petrus het hom uit sy geloof uit geskrik toe hy hierdie uitnodiging kry! Sien, ‘n leerlooier werk met die velle van dooie diere en die goed is mos onrein! ‘n Godvresende Jood het daarom nóóit as 'n leerlooier gewerk nie. Dit sou hom immers óók mos onrein maak. Nou moes Petrus by hierdie “onrein” man tuisgaan. Dit was sekerlik baie moeilik vir Petrus maar die troos was dat ten minste die man darem ‘n Jood was!

En toe kom dáárdie droom! Dit was twaalfuur die middag en Petrus het op die platdak van die huis gaan sit en ontspan en gebid soos dit enige goeie Jood betaam. Onder in die huis was die

vrou besig om kos te maak en die heerlike geure het Petrus rasend van die honger gemaak. Terwyl hy daar sit, sien hy in ‘n visioen ‘n reuse doek uit die hemel neersak. Petrus is nuuskierig: wat sou daarin wees? Dit lyk nogal swaar! Maar wat Petrus daar sien, vervul hom met afgryse want die doek is vol diere! Maar nie sommer net enige diere nie - alles gemeng! Daar is skape, beeste, varke, akkedisse, duiwe, aasvoëls. Dis om van naar te word! Rein en onrein diere, alles sommer deurmekaar! Terwyl Petrus nog grootoog na hierdie Babelse mengelmoes staar, kom daar ‘n Stem uit die hemel: “Kom Petrus, slag en eet.”

“Nog nooit nie, Here!” protesteer hy. "Ek het nog nooit in my lewe iets wat besoedel of onrein is geëet nie!” Petrus se onmiddellike reaksie is wat jy van énige goeie Jood sou verwag. Hy is immers ‘n Jood in murg en been en die wette wat hy so goed ken en wat van kleins af in hom ingedril is, sê tog ál te duidelik dat g’n Jood enigiets mag eet wat onrein is nie. Dan kom die stem uit die hemel weer: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie as onrein beskou nie." Drie keer word die opdrag herhaal voordat die doek weer die hemel in verdwyn. Petrus is bitter ontsteld!

Alles waarin hy tot dusver geglo het, is skielik op sy kop gedraai. Wat moet hy daarvan maak?

En terwyl hy met ‘n kloppende hart sit en peins oor die verskriklike gesig, staan daar drie manne voor die deur. Hulle wil vir Petrus spreek. “Kaptein Cornelius het ons gestuur.”

Petrus is steeds só in vervoering oor die visioen, dat hy hulle nie eers hoor klop nie. Die Here moet hom wakker skud uit sy denke. “Daar is drie mans wat jou soek. Ek het hulle gestuur. Moenie aarsel om saam met hulle te gaan nie!” Petrus hoor helder en duidelik die Stem van God.

Cornelius was 'n centurio, ‘n kaptein in die Italiaanse kohort regiment wat in Ceasarea, die hoofsetel van die Romeinse goewerneurs in Judea, gestasioneer was. Hy het die Joodse geloof aangeneem en het baie vroom geleef, maar die feit dat hy nie ‘n Jood van geboorte was nie het hom steeds “onrein” vir enige Jood gemaak. 'n Engel het in 'n visioen na hom gekom en hom opdrag gegee om Petrus te laat haal.

En hier staan die drie “heidene” voor Petrus. Wat moet hy maak? Skielik gaan daar vir Petrus ‘n lig

op: dít is waaroor die visioen was! Rein en onrein diere was alles deurmekaar! Hoe kan ek as mens iemand onrein verklaar? Téén alle Joodse voorskrifte in word die drie binnegenooi om die nag daar te slaap. Dit was Joodse tradisie dat as vriende of selfs vriende se vriende by jou opdaag, al ken jy hulle gladnie eers nie, dan gee jy hulle slaapplek. Natúúrlik is hierdie drie "heidene" vriende, want God het hulle dan gestuur! Hy het Sélf so gesê!

Vir Petrus is hierdie die begin van 'n totale nuwe lewe. Hy kry skielik 'n lewe vrygemaak van die kettings van tradisies. Maklik was dit beslis nie, want ál die jare was dit in hom ingehamer en nou skielik moet hy daarmee breek. Ek en jy sit dikwels ook met tradisies wat indruis teen wat die Here vir ons wil hê. Daar is dinge soos rassevooroordele, sosiale verskille, kerktradisies - noem maar op! Natuurlik is alle tradisies nie sleg nie maar sommiges weerhou jou daarvan om voluit vir God te leef. Dit is dáárdie soort tradisies waarvan jy moet ontslae raak, soos Petrus ook uitgevind het. Nie alleen het die Here daardie dag vir Petrus laat verstaan dat dit nie saakmaak wat jy eet nie, maar ook dat een groep mense nie verhewe is bo 'n ander nie. So

durf ek nie neersien op énige mens nie, maak nie saak wie of wat hy is nie!

In more se oordenking volg ons DV vir Petrus verder op sy opwindende nuwe avontuur!

Gebed:

Here, vergewe my waar ek steeds so dikwels vooroordele het teen mense wat anders as ek is. Help my asseblief om U wonderbare liefde teenoor almal uit te leef!

# Petrus en Cornelius

## Handelinge 10:23-48

**VIDEO | OUDIO**

Gister het ons gehoor van Petrus se visioen van die onrein diere, en hoe hy moes uitvind dat sy stoere Joodse tradisies begin wankel het. Daardie nag slaap die drie gesante wat Cornelius gestuur het om hom te laat haal, by hom en Simon die leerlooier aan huis. Maar ek dink dat Petrus die hele nag nooit 'n oog toegemaak het nie! Hy het nie geweet wat om te verwag nie. Vir die eerste keer in sy lewe moes hy nou by nie-Jode - heidene tuisgaan. Sê nou maar hulle leefwyse is radikaal verskillend van syne? Sê nou maar hulle bied hom kos aan wat nie strook met die wette wat hy al die jare so getrou onderhou het nie! Wat moet hy dán doen? As hulle byvoorbeeld vir hom varkvleis sou voorsit - moet hy dit maar gedweë eet? Die Here het immers so pas in 'n visioen vir hom laat weet dat hy nie onderskeid mag tref nie. Hy moes hoor dat alles rein is, selfs die onrein diere

wat in Moses se wet so duidelik beskryf is. Dit sou slegte maniere wees as hy dit sou weier!

Petrus besluit dat hy gemakliker sou voel as hy ‘n paar vriende kon saamneem na Ceasarea en vroegoggend sleep hy ses manne by. Dit moes seker baie mooi verduideliking van Petrus se kant af gekos het om daardie manne so ver te kry om saam te gaan. Skielik was dit nou nie net meer Petrus wat sy tradisies moes oorboord gooi nie maar ook sy reisgenote. Hoe moes hy vir hulle verduidelik dat al die dinge wat hulle al die jare beskou het as onrein, nou skielik rein geword het? Die reis het ‘n volle dag geduur en dalk was dit ook maar goed so, want Petrus het baie gehad om aan sy reisgenote te verduidelik!

Toe hulle die volgende dag by Cornelius se huis aankom was hierdie hooggeplaaste soldaat se agting vir Petrus só groot, dat hy voor hom neerkniel uit eerbied vir die "groot prediker." Petrus was skoon onthuts en baie gou moes hy eers die sakie regstel dat hy maar net ‘n doodgewone mens is. Petrus en sy medereisigers word hartik binnegenooi. Dáár wag ‘n groot aantal mense in groot

opgewondenheid om hierdie Godsman, waaroor die hele wêreld so gons te ontmoet!

Petrus moes sekerlik eers ‘n slag diep asemhaal voordat hy kon praat. “Julle besef seker dat ek 'n Jood is? Julle weet dat dit vir 'n Joodse man verbode is om met iemand van 'n ander volk te assosieer of hom te besoek. God het egter aan my getoon dat ek geen mens as besoedel of onrein mag beskou nie. Daarom het ek sonder huiwering gekom toe ek ontbied is.” Petrus moes sy woorde baie mooi tel om op niemand se tone te trap nie!

Dit was ‘n reuse stap in Petrus se lewe. Stel jouself maar voor: as jy as "bevoorregte" in die apartheidsera grootgeword het met tradisies wat oor baie jare in jou ingehamer is oor kleur- en kultuurverskille, nou skielik uitgenooi word deur jou huiswerker om ‘n aand saam met haar gesin deur te bring. Julle klim in jou motor en sy beduie die pad na Soweto. Jy is bang want jy weet nie wat om te verwag nie. Jy was immers nog nooit in Soweto nie! Jy kom naderhand agter dat dit nie so anders is as in ‘n gemiddelde voorstad nie, maar dan beduie sy vir jou in die agterstraatjies in. Hoe verder julle ry, hoe slegter

word die pad en hoe kleiner en meer armoedig raak die huisies. Jou hart spring in jou keel as julle uiteindelik ‘n krotbuurt binnery waar daar skaars genoeg plek is vir jou blink motor om tussen die blikhuisies deur te skuur. Haar huisie bestaan uit ou, geroeste sinkplate wat aanmekaargetimmer is. Die toilet is ‘n ent weg en vir ‘n dosyn huishoudings se gebruik. “Dis my paleis!” ruk sy jou terug na die werklikheid. “Kom asseblief binne.” 'n Paar kindertjies met loopneusies borrel by die deur uit en kom hang grootoog om jou bene.

“Moet ek die nag hier deurbring?” Jou gedagtes is verward. “Maar ek kan mos nie! My kultuur …… my agtergrond!” Buite blêr ‘n blikkerige radio Afrika-musiek terwyl jy ongemaklik op ‘n lendelam stoel neersak. “Hierdie gaan ‘n laaaaaang nag wees!”

Moontlik moes Petrus-hulle ook so gevoel het! Ėén ding het Petrus egter geweet: God het hom sélf hierheen gestuur! Cornelius bevestig dit ook, want hy vertel dat ‘n engel van God aan hom ‘n boodskap gegee het om Petrus te laat haal. Moontlik het Petrus ook gedink dat daar vir hom ‘n bitter lang  nag sou voorlê. Daar was egter só

baie wat hy vir Cornelius en sy gaste wou sê, dat die tyd verbygevlieg het. Hy het hulle vertel van Jesus en van verlossing en van vergewing van sondes. Dan gebeur die groot wonder: mense word gelowig! Diegene wat geglo het in Jesus, word gedoop en hulle ontvang die Heilige Gees.

Die lang nag in Soweto kan ook in ‘n oogwink verbygaan as jy eers begin gesels oor God se genade en verlossing en die ewige lewe. En skielik sal jy agterkom dat die grootste kultuurverskille en selfs die haglike omstandighede waarin jy verkeer, verdwyn wanneer die Heilige Gees deur jou werk en jy die wonderlike boodskap van die Evangelie en ‘n volheidslewe in Jesus Christus met iemand anders kan deel. Skielik is dit nie meer ‘n wit baas en ‘n swart bediende wat sukkel om te kommunikeer nie, maar bloedfamilie in Jesus Christus wat heerlik gesels!

Gebed:

O Here, daar is nog so baie vooroordele in my lewe, so baie dinge wat skeiding maak tussen my en mense wat anders as ek is. Help my asseblief om te breek met daardie tradisies wat

keer dat ek die blye boodskap met elkeen kan deel!

## Petrus op die Rooi Tapyt

## Handelinge 11:1-18

**VIDEO | OUDIO**

Koerantplakkate in Jerusalem skreeu dit uit in groot, vet letters: "**GROOT PREDIKER VERLOëN SY TRADISIES!**" Die Jerusalem Times is sommer vroegdag al uitverkoop want op die voorblad pryk die woorde: "**APOSTEL SMYT SY ERFENIS WEG!**" Die ontstoke verslaggewer vra sarkasties: "Kan heidene ooit Christene word?" In 'n berugte skinderkoerant is daar 'n soetsappige berig oor daardie sogenaamde "wonderwerker" wat nou so laag gedaal het dat hy hom met die semels gemeng het! Nou wag almal net dat die varke hom moet opvreet!

Nee, natúúrlik was daar nie koerante in Jerusalem daardie jare nie, maar as daar was sou dit seker die opskrifte gewees het. Die feit is egter dat Petrus in die sop was! Vir die ander apostels was dit 'n groot verleentheid en ontnugtering dat hulle groot leier dit durf waag het om die Evangelie in die huis van 'n heiden, 'n

onbesnedene te gaan verkondig! Soos húlle dit verstaan het, was God se genade immers eksklusief slegs vir Israel bedoel. Dit was nog al die eeue so, van oorl'e Oupa Abraham se tyd af! Altans, so het die gelowiges in Judea op daardie tydstip geglo. "Petrus moet onder stok gekry word!" het hulle geredeneer. Hy was besig om die gelowiges 'n slegte naam te gee en om die eeue-oue Joodse tradisies weg te smyt!

En so beland Petrus weereens op die rooi tapyt, hierdie slag egter nie voor die Joodse Raad nie maar voor sy eie mense. Voor hom sit die ander apostels asook 'n klompie ander beswaarde gemeentelede met stroewe gesigte. "Petrus, jy het saam met mense gebly wat onbesnede is. Nog erger: jy het saam met hulle geëet. Het dit nooit by jou opgekom dat hulle dalk vir jou kos sou voorsit wat nie volgens die streng Joodse voorskrifte voorberei is nie? Jy was in kontak met onrein heidene! Dit het jou eie reinheid aangetas! Wat het jou besiel, broer?"

Ons moet onthou dat hierdie gelowiges steeds Jode was. Hulle het steeds geglo dat hulle al die wette van Moses moes nakom en streng volgens die Joodse tradisies moes leef. Dit ten spyte van

die feit dat hulle as vrygemaaktes die nuwe lewe in Christus gesmaak het. Om nou skielik vir hulle te sê dat hulle met dit alles moes breek, sou fataal wees.

Petrus moes dus baie mooi verduidelik waarom hy gedoen het wat hy gedoen het. Hy vertel van die angswekkende visioen van die mengelmoes van diere wat vir hom voorgesit is en hoedat God vir hom verduidelik het dat hy niks onrein durf verklaar wat God rein geskep het nie. Toe vertel hy van die drie manne en hoe God sélf vir hom gesê het dat hy saam met die manne moes gaan en by Cornelius moes gaan bly. Die manne skud hulle koppe in verwondering as Petrus vertel van die koms van die Heilige Gees na Cornelius en sy gaste. Hulle het daar feitlik dieselfde belewenis gehad as wat die klompie Joodse gelowiges op Pinksterdag beleef het. Nou het hierdie nuwe “heidense” gelowiges presies dieselfde gawes ontvang as die Joodse gelowiges.

Hierdie was die aanbreek van die tweede fase van die vroeë kerk. Fase een het gebeur op Pinksterdag, toe die Joodse gelowiges toegerus is met hemelse krag. Die tweede breek aan

wanneer die Heilige Gees die grens tussen Jood en nie-Jood vir eens en altyd oorbrug met Sy koms by Cornelius se huis.

Petrus verduidelik dat Johannes die Doper per geleentheid gesê het dat hyself met water doop, maar dat die Een wat ná hom kom mense met die Heilige Gees sou doop. Jesus het Johannes se woorde bevestig kort voor Pinksterdag. Inderdaad het dit waar geword en nou het dit ook vir heidene waar geword. Wie is hy, Petrus, om in God se pad te staan wanneer die hemelse gawes uitgedeel word? Natúúrlik kon hy dit nie weier nie. Petrus maak dit baie duidelik dat God sélf ingegryp het op bonatuurlike wyse, nie alleen in sy eie lewe nie maar ook in dié van Cornelius en die ander heidene saam met hom. Daarom kon mense van nou af presies weet wat God se plan is met die verlossing van alle mense wat hier op aarde is.

In die hemel het die engele sekerlik asem opgehou oor die uitslag van hierdie “verhoor.” Toe die gemeentelede aandui dat hulle tevrede is met Petrus se verduideliking, was daar in die hemelsale ‘n reuse sug van verligting geslaak! Groot opgewondenheid het geheers in die

gemeente want God se genade het nou ook uitgekring na die heidene. ‘n Spontane lofprysing het getuig dat hulle kritiek verander het in lof en blydskap!

Wanneer mense die werk van God raaksien, verander hulle kritiek in lofprysing. Maar helaas, so dikwels sien ons net eenvoudig nie God se werk raak nie! Herken én erken ons nie die dade van God in sekere omstandighede nie! Dan gaan staan ons vierkantig in die pad van die Evangelie, soos wat so amper-amper in die Jerusalemgemeente gebeur het. Dit is dus van uiterste belang dat ons gedurig in gebed sal verkeer sodat God ons die onderskeidingsvermoë sal gee om Sy werke duidelik raak te sien. Ons moet bid dat God die skille van ons oë sal afhaal sodat ons kan weet wanneer God aan die werk is en dat ons nooit in Sy pad sal staan om só die verspreiding van die Evangelie te verhinder nie!

Gebed:

Here, ek bid vanoggend vir wysheid sodat ek U werke sal raaksien. Maak asseblief my ore oop vir die influistering van die Heilige Gees en maak my gehoorsaam wanneer ek U stem hoor!

# ‘n Gemeente in Antiogië

## Handelinge 11:19-26

**VIDEO | OUDIO**

Lukas het net so terloops in hoofstuk 8 gemeld dat die gelowiges uitmekaargespat het ná Stefanus se wrede dood. Nou, in hoofstuk 11 gee hy die besonderhede. Hy vertel dat sommige na Fenisië gevlug het. Dit is ‘n smal kusstrook, slegs 12km breed tussen Israel en Sirië. Ander het na Ciprus gevlug en ander weer na Antiogië. En hier in Antiogië speel die volgende deel van die verhaal af.

Antiogië was die derde grootste stad in die wêreld in daardie tyd, naas Rome en Aleksandrië. Dit het ‘n inwonertal van ‘n halfmiljoen mense gehad waarvan omtrent 50’000 Jode was. Die stad was geleë aan die Orontesrivier (vandag Antakya).

Omdat daar soveel Jode in die stad was, het die gelowiges vinnig tuis gevoel en het hulle die Evangelie wyd en syd verkondig so ver as wat hulle gegaan het. Die Evangelie was aanvanklik slegs aan Jode oorgedra maar weldra het hier ‘n

nuwe wending gekom toe gelowiges uit Ciprus en Sirene in Antogië aankom. Hulle het met die sogenaamde Helleniste, die Griekssprekende gemeenskap gesels. Die inhoud van die "sendelinge" se boodskap was eenvoudig: "Jesus is die Here!" Onthou, hierdie heidene het niks van die Joodse Godsdiens geweet nie en dit sou dus absoluut niksseggend wees om vir hulle te probeer verduidelik dat Jesus die Messias is wat sou kom en dat dit deur die profete voorspel was. Die term "Here" ken hulle egter goed want so het hulle hulle godhede asook die Keiser aangespreek. Die verskil is egter dat hulle nou moes verneem dat daar slegs één Here is, naamlik Jesus!

Die nuus van hierdie verwikkelinge het gou na Jerusalem oorgewaai en Barnabas, een van die leiers is gestuur om te gaan kyk of alles in ooreenstemming met die Evangelie verloop soos die apostels dit verkondig. Hy moes ook 'n band bewerkstellig tussen die Jerusalemgemeente en die kerk in Antiogië want hulle is immers almal deel van dieselfde geloofsgemeenskap. Afstand, kultuur, taal, ruimte - níks mag skeiding maak tussen gelowiges nie!

Ek dink dit was ‘n bekommerde Barnabas wat die lang reis na Antiogië aangepak het. Wat sou hy daar aantref? Watter soort dwaalleringe sou daar nie dalk al rondlê nie? Daar was immers niemand wat “opgelei” was om die Evangelie te verkondig nie! Groot was Barnabas se verbasing toe hy daar aanland en absoluut géén fout kon vind met die Evangelie wat daar verkondig was nie. Barnabas het dadelik besef dat dit nie mensewerk was nie maar die werk van God self wat hierdie splinternuwe en baie anderse gemeente tot stand gebring het. Al wat hy kon doen was om maar net die gelowiges aan te spoor om die pad voluit te stap!

Ons kan Barnabas se oordeel oor die geestelike stand in die gemeente nie ligtelik opneem nie want hy was ‘n man met baie besonderse geestelike kwaliteite. Hy was immers die man wat hom destyds oor Saulus ontferm het toe niemand iets van hom wou weet nie. In die rukkie wat Barnabas in Antiogië spandeer het, het die gemeente letterlik uit hulle nate gebars want groot getalle mense het gelowig geword.

Barnabas het begin besef dat die gemeente vir hom te groot geword het en dat hy dit beslis nie

alleen sou kon hanteer nie. Hy was dus genoodsaak om te gaan hulp soek! Hy besluit dat Saulus nét die regte man sou wees om op te kommandeer. So vertrek hy na Tarsus waar Saulus al vir die afgelope paar jaar besig was om in sy geboortestad die evangelie te verkondig. Saulus stem dadelik in en daar word ‘n hegte vriendskapsband gebind!

In Antiogië word die term “Christene” vir die eerste keer vir die gelowiges gebruik want hulle was volgelinge van Christus. Hierdie is nie ‘n naam wat die gelowiges hulleself toegeëien het nie maar dit is deur buitestaanders aan hulle gegee. Die gelowiges het hulleself bloot “geroepenes”, “gelowiges” of “die kerk” genoem.

Die Here werk op wonderlike en dikwels onverstaanbare maniere en dit neem ons dikwels baie jare om God se hand agter sekere gebeurtenisse te sien. Die wrede dood van Stefanus het daartoe bygedra dat die kerk geblom het, ver buite die grense van Israel en dat ook heidene daar deel kon word van die kerk. En wat van Saulus? Hy het daar in Tarsus waarskynlik gewonder wat die Here se doel was met sy lewe. En toe daag Barnabas op met ‘n

“werksaanbod”. ‘n Paar jaar later is dit júís die einste gemeente in Antiogië wat Saulus op sy eerste sendingreis stuur. Die res is geskiedenis! Nee, nie sommer-so se geskiedenis nie maar ‘n opwindende verhaal van bittere swaarkry, wonderlike suksesse, verwerping, aanvaarding. En die kerk wat oor die hele wêreld versprei! As Saulus geweet het dat die tronk verskeie kere sy voorland sou wees en dat hy doodgegooi sou word met klippe deur ‘n woedende skare (wel, amper dood!) - sou hy nog saam met Barnabas gegaan het? Sou jy? Vandag is daar talle gelowiges wat hulle in sulke situasies inbegewe, wel-wetende van wat op hulle wag. Geopende Deure is maar een van 'n hele aantal organisasies wat die Evangelie onverskrokke uitdra na plekke waar dit verbied word!

Gebed:

Here, ek loof en prys U vanoggend want ek weet dat U in beheer is, al voel dit soms nie so nie. Dankie dat ek op U kan vertrou vir die toekoms!

30

## Swaar Tye Lê Voor

## Handelinge 11:27-12:2

**VIDEO | OUDIO**

In die tyd van die nuwe kerk was daar nog nie 'n Bybel soos wat ons dit vandag ken nie. Die enigste geskrif wat toeganklik was vir meeste mense was die Septauginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament. Die Nuwe Testament het eers driehonderd jaar later tot stand gekom. Paulus se sendingbriewe was die eerste geskrifte in hierdie tydperk. Die evangelies het eers baie jare later gekom. Profete het dus 'n baie belangrike rol gespeel om die wil van God aan die gemeente oor te dra. Vandag is ons natuurlik wonderlik bevoorreg om die wil van God in die Bybel te kan lees. Profete se taak was nie om die toekoms te voorspel nie maar bloot om onder die inspirasie van die Heilige Gees God se wil aan die gemeente bekend te maak oor die onmiddellike toekoms.

So het dit gekom dat 'n man met die naam Agabus vir die gemeente kom vertel het dat 'n groot hongersnood die wêreld sou tref. In die

jare 46-48nC word dit waar en ‘n verskriklike hongersnood tref veral die gebied in Judea. Wat die saak vererger het, was dat dit ‘n sabbatsjaar was wat beteken het dat die Israeliete verbied was om te ploeg of plant vir die volle jaar.

Die gemeente in Antiogië het hulle geldjies bymekaargesit en vir Saulus en Barnabas daarmee na Jerusalem gestuur om die sukkelende gemeente daar te gaan help. Wat ‘n pragtige voorbeeld is hierdie nie vir ons vandag nie! In Suid Afrika is hier skatryk gemeentes met paleis-kerke van baie miljoene rande. Hier is egter ook sukkelende gemeentes wat skaars aan die lewe kan bly deur omstandighede buite hulle beheer. ‘n Voorbeeld is die NG Gemeente in Durban se middestad. Hierdie was eens ‘n florerende gemeente wat verarm het tot een wat hoofsaaklik bestaan het uit 'n handjievol brandarm oumense wat skaars geld gehad het vir kos. Hulle kon nie eers hulle leraar betaal vir sy dienste nie en hy het sonder vergoeding aangehou om hulle te bedien! O, daar is talle gemeentes soos hierdie, wat sukkel om kop bo water te hou. Wat het van ons Christelike liefde geword? Gelukkig het die ander gemeentes van die Durban omgewing dit raakgesien en ingegryp

om die Metropool Trust te stig. Vandag blom daardie eens-sukkelende gemeente! Vanuit hulle kerkgebou word die evangelie vandag uitgedra aan duisende mense in die strate van Durban, in verskeie tale, selfs Frans!

Armoede binne die kerk móét net eenvoudig aangepak word. Ons as gelowiges kan nie maar net verbystap en die kop wegdraai terwyl ander gelowiges honger ly of swaarkry nie. Ons eerste prioriteit is in ons eie gemeenskap, maar dit geld natuurlik ook vir ander dele van ons land en selfs in ander lande. Die afgelope paar jaar het ons dit telkemale beleef toe rampe verskeie dele van die land getref het en gemeentes sonder versuim ingespring het met hulp! Die gelowiges in Antiogië het die voorbeeld gestel en gelowiges gaan help wat baie ver van hulle af gewoon het.

Lukas vertel nou van ‘n dramatiese nuwe vervolging wat die kerk getref het. Herodus Agrippa I was die kleinseun van Herodus die Grote, daardie wreedaard wat verantwoordelik was vir die baba-moord tydens Jesus se geboorte. Agrippa was op ‘n jong ouderdom na Rome gestuur, waar hy bevriend geraak het met twee van die latere keisers, Gaius en Tiberius.

Die gevolg was dat hy eers as koning van die noordelike deel van Israel aangestel was en later ook oor Judea. Hy het hard probeer om die guns van die Jode en veral die Fariseërs te wen.

Oorspronklik was die gelowiges slegs deur die Joodse Raad vervolg, want polities het hierdie gelowiges vir niemand 'n bedreiging ingehou nie. Die Jode was suur omdat die gelowiges 'n prediking aanhang wat volgens hulle "Godslasterlik" was en boonop omdat hulle geneig het om die wet van Moses as minder belangrik te ag. Die vervolging kry egter nou 'n politieke kleur want Herodus se politieke status was op die spel en as hy dalk 'n paar Christene sou vervolg, sou hy die guns van die Joodse Raad kon wen. Vir hom was dit dus van uiterse belang!

Toe hy begin om die Christene te vervolg, het hy gou gesien hoe breed die Fariseërs glimlag en dit was vir hom soos vet in die vuur! Die eerste apostel wat moes betaal vir Herodus se magsbeheptheid, was Jakobus, die broer van Johannes, een van die seuns van Sebedeus. Die arme man was met die swaard tereggestel, suiwer omdat hy 'n gelowige was! Jakobus was

maar een van talle wat oor die volgende jare onskuldig sou moes betaal vir iemand se politieke aspirasies. Ons weet hoe die keiser Nero byvoorbeeld bloeddorstig die gelowiges op strepe laat doodmaak het op die wreedaardigste wyses denkbaar.

Die Fariseërs was natuurlik in die wolke oor Jakobus, want een van die groot leiers van hierdie "sekte" het gesneuwel! Natuurlik het Herodus die vibrasies opgetel en toe spoor dit hom aan om die "groot kanon", Petrus in die hande te kry. Maar hierdie is 'n héél ander storie vir 'n ander dag, want in hierdie verhaal sien ons die wonderlike almag van God en hoe Hy kan ingryp, selfs in die totaal onmoontlike situasies!

Gebed:

Here, ons weet dat talle gelowiges vandag nog sterf en wreed vervolg word vir hulle geloof. Ons gebed vanoggend is dat U hulle die genade sal gee om hierdie vervolging met blydskap en vreugde te aanvaar!

## Petrus en die Engel

## Handelinge 12:1-25

**VIDEO** | **OUDIO**

Dit was Aprilmaand. Met Paasfees wat so pas verby verby was, was die Jode nou besig om die Fees van Ongesuurde Brode te vier waartydens hulle slegs ongesuurde brood mag eet.

In Jerusalem het daar groot kommer geheers onder die Christengelowiges want Herodus Aprippa I was op die oorlogspad teen hulle. Skokgolwe het die gemeenskap getref toe Herodus se eerste teiken, Jakobus so pas onder Herodus se swaard geval het. Wie sou volgende wees, dalk nog een van die Apostels?

Die gelowiges is asvaal geskrik as Herodus se soldate opdaag: "Ons soek vir Petrus!" blaf die bevelvoerder. Almal is verslae wanneer die soldate vir Petrus gryp. Gaan dieselfde lot hulle charismatiese leier tref as vir Jakobus? Haastig word hy gegroet terwyl die soldate hom wegsleep. Nie minder nie as sestien soldate is opgekommandeer om Petrus te kom vang want Herodus het gehoor hoe Petrus die Hoëpriester

se wagte ore aangesit het die vorige keer wat hulle hom gevange geneem het. Herodus het hom voorgeneem dat dit beslis nie met hom sou gebeur nie! Hierdie keer sou hy sorg dat dit totaal onmoontlik sou wees vir Petrus om wéér te ontsnap!

En só, terwyl Petrus weggelei word begin die gelowiges alreeds vir hom bid. “Here, bewaar asseblief vir Petrus! Ons het hom só nodig, hy doen soveel vir die uitbreiding van U Koninkryk!” Van slaap was daar beslis nie eers sprake nie, want hier was nou ‘n noodsituasie! Ernstige gebede het daardie nag vanaf ‘n baie bekommerde gemeente opgestyg tot die hemeltroon!

Intussen is Petrus hardhandig die tronk ingesleep. Die soldate was behóórlik die Leviete voorgelees sodat die vorige verleentheid nie herhaal sou word nie. Daar sou géén kanse gewaag word met hierdie “uiters gevaarlike” krimineel nie!

Grootoog vertel een soldaat: “Ek het gehoor dat hy sommer nét só uit sy boeie kan glip!”

“Nie híér nie!" lag sy maat vulgêr terwyl hy vir Petrus in twéé stelle kettings vasknoop. "Hier gaan hy baie beslis nie uitkom nie!”

Die manne bekyk hulle "kunswerk" van 'n spinnerak van staal krities en dan besluit hulle dat géén mens óóit daaruit sou kon ontsnap nie! Net om egter dóódseker te maak, besluit hulle dat daar te alle tye twee soldate by Petrus sal wees. As hy dit ooit gaan regkry om in hierdie kettings te slaap, dan slaap hy tussen twee soldate!

Daardie nag kry Petrus dit tóg wonder-bo-wonder reg om aan die slaap te raak, ten spyte van sy bittere ongemak. Weerskante van hom lê sy wagte rustig, want Petrus is mos veilig tussen hulle! Die tronksel is gegrendel en gesluit en buite staan nóg twee wagte, net vir ingeval. Skielik skrik Petrus wakker. Voor hom staan ‘n hemelse wese, ‘n engel. “Hoe salig!” dink Petrus. “Wat ‘n wonderlike droom!” In sy “droom” val die kraaines van kettings sommer vanself van hom af. Petrus trek saggies sy klere aan, sodat die soldate nie dalk wakker word nie. In ‘n waas swaai die swaargegrendelde tronkdeur voor hom oop en hy word deur die engel uitgelei na buite.

Die deurwag se aandag is elders en stilletjies sluip Petrus en sy engel verby hom sonder dat hy eers iets agterkom. Petrus skrik hom nugter-wakker as hy ‘n tweede wag sien. Skielik besef hy dat hierdie beslis nie ‘n droom is nie maar die ware werklikheid. Maar ook die tweede wag kom nie agter dat daar twee persone is wat by hom verbysluip nie. Dan is hulle buite in die straat en Petrus kan asemhaal. Hy wou nog vir die engel dankie sê maar skielik is hy net weg - verdwyn soos mis voor die son!

Eers nóú dring die werklikheid tot Petrus deur. Haastig draf hy na die plek waar die gelowiges gewoonlik bymekaar kom, die huis van Maria, Johannes Markus se ma. Hy hamer aan die deur: “Maak oop, dis ekke!”

Rodé, die diensmeisie gaan hoor wie dié tyd van die nag klop: “Wie’s daar?” Sy is maar baie skrikkerig met Herodus se soldate wat nou so tydig en ontydig mense arresteer!

“Dis ek, Petrus! Maak oop!”

“Maar dit kan mos nie wees nie!” dink sy en sonder om eers vir hom oop te maak hardloop sy opgewonde na die biddende gemeente.

“Petrus is vry!” babbel sy dit uit, “Petrus is by die deur!”

Intussen skud die arme Petrus net sy kop. Hy staan nog stééds buite en hy klop weer 'n slag.

Die gemeente is erg ontwrig deur die meisie se onderbreking: “Stil, Rodé! Kan jy nie sien dat ons besig is om te bid nie? Dis Petrus se gees - sy engel.”

“Nee, is nie!” hou sy vol. “Petrus is by die deur, kom kyk sélf!”

Die vreugde was natúúrlik baie groot om Petrus lewend en vry te sien! Nie almal het egter oorgeloop van blydskap nie. Herodus wou slange vang! Hy was woedend oor die “onbeholpenheid” van sy soldate en hulle moes baie duur daarvoor betaal. Hulle het met hulle lewens geboet vir daardie onverskoonbare misstap. En Herodus? Selfvoldaan het hy op sy troon gesit en regeer met ‘n gebalde vuis. Sy bewonderaars het hom vereer as ‘n god en Herodus Agrippa I het hierdie aanbidding ingedrink. Maar hy het nie met die ware God rekening gehou nie. ‘n Afgryslike einde het op

hom gewag: hy is later lewend deur wurms verteer …….

Ten spyte van Herodus se wrede vervolging, het die kerk geblom en uitgebrei!

God se liefde is oneindig groot en nét so groot is Sy wonderlike genade. Hy maak bemoeienis met Petrus in die tronk. Nét so maak Hy ook bemoeienis met my en jou! Een ding moet ons egter onthou en dit is dat jy nie met God mors soos Agrippa gedoen het nie! Al is Hy bereid om na ons vlak neer te daal, is en bly Hy steeds die Koning van alle konings én die Almagtige, Heerser oor die heelal!

Gebed:

Dankie Here, dat ek ‘n groot en almagtige God kan aanbid, die enigste ware God, die Een vir Wie absoluut niks onmoontlik is nie!

## ‘n Sendingvisie

## Handelinge 13:1-12

VIDEO | OUDIO

Lukas se verhaal verskuif nou weer terug na Antiogië waar die gemeente besig was om uit haar nate te bars. Lukas meld net so terloops van ‘n paar van die leierfigure wat in die gemeente werksaam was. Buiten Saulus en Barnabas was daar ook Swart Simeon (Simeon bekend as Niger), Lucius en Manaen, iemand wat in hoë kringe grootgeword het saam met ‘n toekomstige koning, Herodus die Tetrarg. Nou is hy egter ‘n doodgewone gelowige wat sy vaardighede in die gemeente gebruik tot eer van God.

Terloops, 'n mens wonder oor Swart Simeon. Sommige Bybelkenners meen dat hy van Afrika afkomstig kon wees, moontlik uit Noord-Afrika wat op daardie tydstip groot Joodse gemeenskappe gehuisves het.

Simeon se rol in die kerk in Antiogië, saam met ander prominente leiers soos Barnabas en Saulus dui daarop dat hy ‘n gerespekteerde

geestelike leier in die vroeë Christelike beweging was. Antiogië was bekend vir sy diversiteit en dat dit ‘n gemengde samelewing gehad het, wat moontlik verklaar waarom mense van verskillende agtergronde daar in leiersrolle was.

Die gemeente in Antiogië leef nie net vir hulleself nie, maar ons sien keer op keer hoe hulle uitreik na buite. Ons het reeds gehoor hoedat finansiële hulp verleen is aan die Jerusalemgemeente wat in groot nood verkeer het. Nou was daar weer ‘n nuwe visie wat besig was om vorm aan te neem. Terwyl hulle bymekaar was om die Here te dien, praat die Heilige Gees met hulle. Saulus en Barnabas moes afgesonder word om te gaan sendingwerk doen. Dit was die opdrag van God! Vir hierdie gemeente klink dit dalk na ‘n groot verlies om hulle twee belangrikste herders te moes verloor. Hulle is egter gehoorsaam aan die Here en hulle stuur die twee weg op hulle eerste sendingreis. Uiteindelik sou Saulus meer as 16’000km aflê. In vandag se terme is dit dalk nie so verskriklik ver nie maar as ons in ag neem dat hy die grootste deel hiervan te voet sou loop, dan begin dit nogal verskriklik ver raak!

Die gemeente bid vir die twee en lê hulle die hande op en dan word hulle weggestuur. Daar is dadelik ‘n paar dinge wat ons opval. In die eerste plek het ons hier te doen met ‘n gemeente wat besig is met die dinge van die Here en nie om maar net hulle eie ding te doen nie. Die eerste baie belangrike ding is dat hulle saam bid en die wil van die Here met ‘n opregte hart soek. En wanneer die Here met hulle praat is hulle gehoorsaam aan die wil van God, al kos dit ook vir hulle baie duur!

Die tweede aspek is ewe belangrik, dat hierdie gemeente ‘n visie het. Hulle het ‘n sendingvisie en dit bly nie maar net by praat nie. Hulle begin om daadwerklik hierdie visie uit te leef. Hulle voeg die daad by die woord en stuur die twee manne na ‘n bestemming om die Woord uit te dra. Dit word nie pertinent genoem nie, maar ek is oortuig daarvan dat Saulus en Barnabas nie met leë hande weggestuur is nie maar dat daar sekerlik ruim vir hulle voorsiening gemaak is om hulle taak tot uitvoer te bring......

Talle gemeentes in ons land voer geestelik ‘n sukkelbestaan want hierdie twee elemente is nie by hulle teenwoordig nie. Ons sien duidelik dat

hier ‘n reuse kringloop in die Antiogië-gemeente is. Uitreik bring groei en lewe en dit bring weer nuwe visies wat verdere groei en lewe gee. Ons praat van so 'n gemeente as 'n missionale gemeente.

Ons moet in die eerste plek by die Woord van God uitkom en Sy wil ernstig soek in gebed. Wanneer ons dan hoor wat die Here vir ons sê, moet ons doen wat Hy van ons vra om te doen, al klink dit vir ons of ons daardeur skade sal ly. Dit help ook nie dat ons klein dink en slegs die probleme raaksien binne ons eie ou kringetjie of gemeenskap nie. Ons moet baie wyer kyk en ons horisonne verbreed. Gemeentes wat dit doen word wonderlik geseën en hulle groei!

Saulus-hulle se eerste bestemming is die eiland Siprus, sowat 150km per skip van die hawestad Seleukië af. Daar begin hulle van ‘n kant af en werk die hele eiland stelselmatig deur van hoek tot kant en hulle preek in elke Joodse sinagoge. Hulle begin by Salamis op die oostelike uithoek van die eiland en hulle hou nie op voor hulle by die verste westelike punt, by Pafos uitkom nie. Terloops, die eiland is meer as 200km lank. Hulle kry ook hulp van Johannes en alles gaan

voor die wind. Natuurlik moet jy ook teenstand verwag as jy suksesvol is in jou bediening. Dit kry hulle in die vorm van ‘n Joodse towenaar met die naam Barjesus of Elimas, soos hy in Grieks bekend gestaan het. Hy is een van die goewerneur se raadgewers. Hy beskou Saulus-hulle as ‘n bedreiging vir sy eie posisie in die goewerneur se administrasie, dus staan hy hulle sterk teë wanneer hulle die geleentheid kry om die Evangelie aan die goewerneur te bedien. Dit kos slegs ‘n enkele woord van Saulus, oftewel Paulus soos hy van nou af genoem word, om die man met totale blindheid te slaan. Die goewerneur is so beïndruk met Paulus se “krag” dat hy nét daar tot geloof kom. Paulus gee egter ál die eer aan God want hy is uiteraard slegs ‘n instrument in die hand van God!

Met hulle eerste taak voltooi, klim hulle op die skip en seil noordwaarts, na die vasteland. Maar hieroor berig ons DV in more se oordenking.

Gebed:

Here, ons moet vanoggend bely dat baie van ons gemeentes egosentries geraak het en dat ons stagneer omdat ons net aan onsself dink.

Gee vir ons asseblief ‘n visie na buite asook die wil en ywer om dit uit te voer!

# Toegejuig en Verwerp

## Handelinge 13:13-52

**VIDEO | OUDIO**

Paulus en Barnabas het hulle suksesvolle sending-uitreik in Siprus afgehandel en vertrek per skip na Klein-Asië. Hulle bestemming is die stad Antiogië. Hierdie is nie dieselfde Antiogië waar die gemeente was wat hulle gestuur het nie, maar 'n stad in die Romeinse provinsie Galasië, naby die grens van Pisidië. Paulus begin agterkom dat dit sin maak om elke keer wanneer hy in 'n nuwe stad aanland eerste die plaaslike sinagoge te gaan uitsoek om die Evangelie te begin verkondig. Hier is mos alreeds bestaande strukture en mense wat spesiaal kom om na ‘n boodskap te kom luister. Wanneer hy dus in Antiogië aanland, wag hy tot die Sabbat aanbreek en vra dan vir ‘n preekbeurt vir die Jode.

Gou kom ons agter dat Paulus ‘n spreker is wat mense boei. Hy begin praat oor die geskiedenis van die volk Israel en sommer dadelik het hy hulle aandag. Hierdie man kén boonop sy

geskiedenis! Hy vertel hulle van God se reddingshandelinge deur die loop van Israel se geskiedenis en van ál die mooi en groot oomblikke wat die volk beleef het en baie gou het hy almal in vervoering. Dan kom hy by hulle groot held, Dawid. In plaas daarvan dat hy egter uitbrei oor al Dawid se heldedade, verras hy hulle deur te sê dat Jesus direk uit die nageslag van Dawid kom en dat Hý die Een is waarvan al die profete deur die eeue gepraat het, die langverwagte Messias!

Paulus se gehoor is sprakeloos en hulle hang aan hierdie begaafde spreker se lippe. Paulus stippel vir hulle die duidelike Goddelike plan uit wat deur die ganse geskiedenis van Israel verweef is en wat uiteindelik 'n hoogtepunt bereik met die koms van Jesus.

Paulus praat met 'n groot aantal Jode sowel as nie-Jode wat die Joodse geloof aanvaar het en deel hulle mee dat hierdie verlossingsboodskap van God juis vir húlle bedoel is! Deur die ganse loop van Israel se geskiedenis het mense met groot verlange uitgesien na die wonderlike dag wanneer die Verlosser sou kom. Jesus het gesterf maar Hy het ook opgestaan en nou is Hy

hier! Jesus se lyding en sterwe het beslis nie buite God se raadsplan plaasgevind nie! Dit was baie duidelik beplan! Selfs die profete het daaroor geskryf nog lank voor dit gebeur het. Maar God het verder gegaan en Jesus uit die dood opgewek. Hy maak dit baie duidelik dat hierdie nie sommer net ‘n storie is nie. Jesus het by verskeie geleenthede ná Sy opstanding aan Sy volgelinge verskyn, almal mense wat nou die lewende bewys is dat hierdie verkondiging waar is!

Dan speel Paulus sy troefkaart, die praktiese toepassing van dit alles. Sy hoorders word nou betrek by al hierdie gebeure, want daar is slegs één manier waarop jy in die regte verhouding met God kan kom en dit is deur geloof in daardie Jesus waarvan hy vertel het. Nie eens die wet van Moses kan jou in God se oë vryspreek nie, slegs Jesus! Hy is die enigste Een wat vergifnis en vryspraak aan mense kan bied. Hy verklaar almal wat in Hom glo onskuldig, want Hy het hulle sondes voor God uitgewis.

Wanneer die sinagoge verdaag, gons dit deur die ganse Antiogië. “Volgende Sabbat gaan daardie Paulus weer praat - jy mag dit net

eenvoudig nie misloop nie! Daardie man is fenominaal!”

‘n Week later preek Paulus weer. Hierdie keer is die hele stad daar. Dit wemel van mense, alle kleure en geure en almal is opgewonde. Wat gaan Paulus dié slag sê? Daar is egter 'n groep mense wat nie hulle opgewondenheid deel nie. 'n Klompie Jode is baie suur want ware Godsdiens is mos slegs vir Jode bedoel en nou is hierdie spul heidene óók vandag hier! Vir die “heidene” is die boodskap wat Paulus bring soos nektar. Dit is die wonderlikste nuus wat hulle nog óóit gehoor het en Paulus word spontaan toegejuig. Maar die Jode, wat nóú ver in die minderheid is, slinger die hele tyd allerhande beledigings na die spreker. Hulle is duidelik nie baie gelukkig oor die verloop van omstandighede nie......

Wanneer almal uiteindelik hulle loop gekry het, brom die beswaarde Jode onder mekaar: “Hierdie man moet gestop word!” Elkeen in die stad wat invloed uitoefen, word bygetrek en hulle word teen Paulus en sy geselskap opgesweep. Uiteindelik raak die situasie absoluut onhoudbaar vir Paulus-hulle. Einde ten laaste

kos dit dat hulle maar hulle goedjies moet vat en loop. Maar alles was nie verniet nie en hulle laat ‘n groot aantal opgewonde gelowiges agter, die kern van ‘n splinternuwe gemeente in Antiogië!

Paulus en Barnabas het dalk gevoel asof hulle niks bereik het in hierdie stad nie, maar die saad was gesaai en dit sou nog welig groei! Ek en jy is God se saaiers. Hy vra nie van ons om lewe te blaas in diegene vir wie ons die boodskap bring nie. Al wat Hy van ons vra, is dat ons maar net die boodskap moet saai. Die Heilige Gees sal die lewe gee. Ek het nou al ‘n baie groot sak saad uitgestrooi deur hierdie dagstukkies. Boonop is daar al meer as 'n duisend van my Zoeloe Bybelstorieboeke versprei. Ek het nie die vaagste idee hoeveel saadjies opgekom het nie. Dit is egter nie my saak nie, solank ek doen wat God van my vra. My vraag is egter vandag aan jou: het jy al begin saai? Ja, natuurlik is ons nie almal Paulusse nie, maar God verwag ook nie van jou om een te wees nie! Hy vra alleen van jou om binne jou eie vermoë van die blye boodskap van Jesus se verlossing te vertel!

Gebed:

Here, ek dank U dat U my die geleentheid gee om die boodskap van U genade met soveel mense te mag deel. Hou my asseblief getrou daarin!

# Preek is nie Maklik nie!

## Handelinge 14:1-28

VIDEO | OUDIO

Na hulle vernederende ondervinding in Antiogië, vertrek Paulus en Barnabas ooswaarts na drie stede in die Romeinse provinsie Galasië, Ikonium, Listra en Derbe. Die roetine wat hulle volg is om weereens eerste in die Joodse sinagoges te gaan preek en daarvandaan verder uit te brei en die evangelie dan ook aan die heidene te verkondig. Telkemale is dit die Jode wat die vlieg in die apteker se salf is. In Ikonium sweep die Jode wat nie die evangelie wou aanvaar nie die heidene op teen Paulus en Barnabas, met die gevolg dat hulle baie teenstand kry. Maar dit skrik hulle nie af nie en die twee hou ywerig aan om die Woord te verkondig. Hulle hou aan totdat dit op ‘n dag net eenvoudig so warm begin raak dat hulle noodgedwonge voor ‘n woedende, oproerige skare vir hulle lewens moet vlug!

Vandaar vertrek hulle na die stad Listra, waar Paulus ‘n gebreklike man genees. Die skare is in

vervoering oor hierdie wonderwerk en hulle besluit summier dat hierdie twee manne gode is wat na die aarde neergedaal het. Barnabas is die hoofgod Zeus en Paulus sy boodskapper Hermes. Die mense babbel opgewonde in hulle moedertaal, Likaonies, met die gevolg dat Paulus-hulle nie verstaan waaroor die groot bohaai gaan nie. Eers wanneer hulle tempel toe gesleep word en daar begin word om vir hulle offerandes voor te berei, begin hulle besef wat werklik aan die gang is. Dit kos baie mooi verduidelik om die opgewonde skare te oortuig dat hulle maar net doodgewone mense is en beslis nie gode nie!

Weereens is dit die Jode wat die twee se prediking kom versuur. Hulle het al die pad van Antiogië en Ikonium af gekom om die mense van Listra te kom waarsku oor hierdie twee "gevaarlike" manne se “dwaalleringe” en dan sweep hulle die mense van Listra op teen Paulus en Barnabas. Só oortuigend is hierdie Jode dat die inwoners vir Paulus uit die stad sleep en hom met klippe bestook.

En daar lê hy morsdood gestenig! Nes Sefanus van ouds...... Altans, so dink almal, maar die

Here het nog ‘n groot taak wat vir Paulus voorlê en Sy hand van beskerming rus op die groot sendeling. Terwyl die gelowiges so verslae rondom sy “lyk” staan, staan Paulus voor hulle oë op en gaan saam met hulle terug in die stad in!

Ek wonder darem net wat die uitwerking was op die gelowiges toe Paulus hier "uit die dood opstaan?" Die nuus het sékerlik soos 'n veldbrand versprei!

Nét die volgende dag vertrek hy en Barnabas egter na die stad Derbe, waar hulle weereens ywerig die Evangelie verkondig. In Derbe kom 'n groot aantal mense tot bekering.

Die tyd het egter nou aangebreek dat hulle moes terugkeer na hulle moedergemeente. Maar eers was daar ‘n baie belangrike taak: hulle moet dóódseker maak dat dit goed gegaan het met die gemeentes wat hulle so pas gestig het. So loop hulle dan terug op hulle spore deur Listra, Ikonium en Antiogië en dít ten spyte van al die weerstand wat hulle die afgelope tyd daar ondervind het!

Hierdie twee manne het waarlik hare op hulle tande gehad, om die dood te trotseer deur terug te gaan na plekke waar hulle deur die inwoners met die dood gedreig was. Dit was egter vir hulle baie belangriker om seker te maak dat die nuwe gemeentes behoorlik gevestig en versterk sou word.

Van Antiogië in Pisidië af pak hulle die lang pad aan terug na ‘n baie vriendeliker Antiogië in Sirië waar hulle gemeente geleë was. So ver as wat hulle gegaan het was die Woord verkondig.

Dis ‘n opgewonde gemeente wat die twee in Antiogië ontvang het en hulle moes kom vertel van alles wat met hulle gebeur het. Vir Paulus het een ding soos ‘n paal bo water uitgestaan: die Here het ‘n deur oopgemaak vir die heidene, ‘n deur van geloof. Inderdaad was hierdie slegs die begin van baie wonderlike dinge wat later nog sou gebeur!

Lyding is deel van die pad van die Evangelie. Daar word nie maanskyn en rose gewaarborg vir die kerk van Christus hier op aarde nie. Wat Hy wél waarborg is dat Hy by sy kinders sal bly tot aan die héél einde (Mat. 28:20). Hy waarborg ook nie dat alles vlot gaan verloop wanneer die

Evangelie verkondig word nie. Die bose skop immers hier viervoet vas en beveg dit met ál sy mag. Hy waarborg egter dat Hy die gelowige se hand sal vashou en hom sal dra deur al die uitdagings. Ons gelowiges het immers die héél beste Gids om ons deur die duisternis te lei, die Heilige Gees. Hy sorg dat ons nie sal verdwaal nie en vir niks hoef bang te wees nie. Paulus en Barnabas het nie vir ‘n oomblik geskroom om terug te gaan, reg in die kake van die “draak” in nie. Hulle het geweet Wie saam met hulle was en die Here het hulle veilig dwarsdeur dit alles gelei. Vandag is daar talle verhale van mense wat die Woord uitdra in die verskriklikste omstandighede, maar hulle doen dit vol vertroue want hulle het vir Jesus aan hulle sy.

Ons leer van Paulus en Barnabas, dat wanneer jy erge teenstand kry terwyl jy die Woord verkondig, dan is dit dalk júís omdat jy op die duiwel se tone trap! En hét hulle nie sy liddorings seergemaak nie! Dan moet jy nie moedeloos raak nie, maar juis bly wees dat jy kon deel wees van die stryd teen die bose. As hy skree, dan weet jy dat hy seergekry het!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag die versekering het dat U elke tree met my saamstap, selfs deur swaarkry as gevolg van die Evangelie!

# Die Sinodesitting

## Handelinge 15:1-34

**VIDEO | OUDIO**

“Broer Voorsitter, ek voel erg beswaard!” Die kerkraadsvergadering trek al hier kort deuskant middernag en almal is moeg. My bed staan net op drie pote - die vierde poot wink verleidelik vir my om te kom slaap! Daar sak ‘n donker wolk oor die kerkraad toe as Piet Langasem opstaan om sy grief te lug. Daar is kwansuis 'n allervreeslike onding wat dan nou weer kop uitsteek in die gemeente en wat in die kiem gesmoor móét word te alle koste! Breedvoerig lig hy die broers in (daardie jare was daar mos nog nie susters op die kerkraad nie). Dit gaan oor die kleredrag waarmee mense deesdae kerktoe kom en dat selfs die kerkraadslede begin laks raak het omdat almal se swart pakke nie meer hééltemal pikswart is nie. Dit lok ‘n hewige debat uit wat duur tot kort voor hanekraai.

Onthou jy nog daardie soort kerkraads-vergaderings? Dankie tog hulle is verby! Ongelukkig is daar vandag nog steeds dikwels

sulke onbenullige sake wat die tyd en energie van die persone wat aan die stuur van ‘n gemeente staan, opvreet. Soms is dit iemand wat op loop gaan met ‘n verkeerde gedagte en sommer ‘n streep mense met hom saamsleep en dan versuur hulle die ganse gemeente. Dikwels kos dit groot vergaderings en iemand met die wysheid van oorl'e Salomo om die saak te besleg!

Ons het reeds afgelei uit die vorige paar hoofstukke van Handelinge dat dit in die gemeente in Antiogië baie goed gegaan het. Die gemeente was aan die brand en mooi dinge het daar gebeur. Maar toe kom ‘n paar suurgesigte uit Jerusalem en kom steek ‘n stok in hulle speke. Het jy al gesien hoe hard ‘n man op ‘n baaisiekel val as iemand ‘n stok in sy voorwiel se speke gooi terwyl hy volspoed ry? Nou ja, só kom hierdie suurgesig-manne toe vir hulle preek. Die gemeente is kwansuis op 'n groot dwaalspoor want Moses word verontagsaam! Dit sou net reg wees dat die heidene dan nou ook ál Moses se wette moes onderhou. Hulle moes selfs besny word! Toe ruk die hele gemeente plotseling tot ‘n onverwagse stilstand. Dit lok ‘n hewige debat uit want skielik moet die mense

wat nog nooit met die Joodse gebruike te doene gekry het nie, hierdie rituele nakom. Dis veral die besnydenis waaroor die kabaal gegaan het want hierdie manne wou beweer dat jy sonder die besnydenis nooit gered kon word nie. In my jong dae sou ‘n vrou wat sonder ‘n hoed in die kerk kom, óók reguit warmplek toe gaan!

Paulus en Barnabas is die twee wat dadelik gesien het waarheen hierdie ding op pad was en hulle roep halt. Hierdie onding kon alleen deur die “sinode” opgelos word! ‘n Kerkvergadering in Jerusalem waar ál die kerkleiers teenwoordig was, sou ál oplossing wees om die probleem vir eens en altyd uit te stryk. En so vaardig die gemeente in Antiogië die twee ou staatmakers asook nog ‘n paar ander leiers af om met die ringkoppe in Jerusalem te gaan vergader.

In Jerusalem aangekom, was Paulus en Barnabas baie opgewonde. Hulle vertel vir die gelowiges van die wonderlike dinge wat besig was om te gebeur in die buiteland en van al die heidene wat gelowig geword het. Daar was egter ‘n paar ou suurknolle wat alles vanuit ‘n negatiewe hoek wou beskou: “Maar die heidene

moet besny word, anders beteken alles net mooi niks!" Só kerm een ou klakous.

"En wat van die wet van Moses?" wou 'n ander suurpruim weet. "Kyk, ek is 'n Fariseër en ek is van kleintyd af al geleer dat as jy nie die wet van Moses tot die laaste tittel en jota nakom nie, dan gaan jy reguit hel toe!"

Op die kerkvergadering was dit liewe ou Petrus wat met sy immergroen wysheid die saak kom red het. Die Here het hom immers al lankal in 'n wonderlike visioen gewys wat reg is. "Wil julle nou die verskriklike juk van Moses se wette, wat ons terloops self nie eers kan nakom nie, op die arme heidene gooi?" wou Petrus weet. "Ons gló mos dat slegs die Here se genade ons kan red! Natúúrlik geld dit óók vir die heidene. Broers, moenie dit vir hulle moeilik maak nie!" pleit Petrus ernstig.

Die vergadering was dit eens: Petrus was hééltemal reg! Buiten vir enkele dingetjies, soos byvoorbeeld afgodsoffers, wat darem te afgryslik is vir énige Jood, word Petrus se voorstel aanvaar. Die afgevaardigdes kry 'n brief wat die besluite mooi uiteensit om na Antiogië te neem.

Ek dink dit was ‘n uitbundige en baie verligte Paulus en Barnabas en hulle reisgenote wat die pad al huppelende terug geneem het Noorde toe!

Ag, ons laat ons steeds so dikwels aan bande lê deur allerhande moets en moenies in die kerk. So baie male word ons kosbare tyd en energie vermors deur absoluut onnodige sake. Petrus het vir ons alles opgelos, deur te sê dat ál die tradisies, wette en rituele ons absoluut niks in die sak kan bring nie. Ons probeer ons aanbidding te gekompliseerd maak. Kom ons hou dit eenvoudig en vergeet van al die tierlantyntjies. Jesus het dit immers sélf so verskriklik eenvoudig gestel: “Hy wat die Seun het, het die Ewige Lewe. Hy wat nie die Seun het nie, het nie die Lewe nie.” Dis al!

Gebed:

Here, dankie dat U dit vir ons so maklik gemaak het om die Ewige Lewe te erf en dat dit nie ons eie goedheid en werke is wat ons in die hemel kry nie maar U wonderlike genade alleen!

## Die Manne Kry Stry

## Handelinge 15:35-41

**VIDEO | OUDIO**

Hoe belangrik is ‘n mens se integriteit? Op Paulus en Barnabas se eerste sendingreis het Johannes Markus hulle vergesel. Toe hulle in Pamfilië kom, het hy egter nie meer kans gesien om verder saam met hulle te gaan nie, toe draai hy om. Ons is nie seker wat sy redes was nie maar dit wil lyk asof hy net eenvoudig nie meer kans gesien het vir daardie harde pad nie. Kom ons wees maar eerlik, daardie eerste sendingreis was geensins maanskyn en rose nie! Dit was dikwels bitter moeilik want mense het hulle uitgejou, verwerp, vervolg en selfs gestenig! Paulus en Barnabas was egter só vasberade om die evangelie te verkondig, dat hierdie ou “terugslaggies” maar net so terloops gekom het. Hulle het dit afgeskud soos water van ‘n eend se rug en bloot voortgegaan met dít wat God vir hulle bestem het. Johannes Markus kon dit egter nie verwerk nie en hy het kop uitgetrek.

Wanneer jy so ‘n reuse taak vir die Here aanpak, moet jy eers gaan sit en baie goed bereken wat die koste sal wees. Dit is beslis nie vir elke mens om daardie soort van taak wat Paulus-hulle aangepak het, op jou skouers te neem nie. Debbie was 'n jong meisie wat destyds pas haar onderwys studies voltooi het toe sy besluit het om eers vir 'n ruk op ‘n sendingstasie iewers in die noorde van Mosambiek te gaan werk. Dit klink alles so romanties om daar op die uithoeke van die wildernis te werk. Sy moes egter ook eers die ware koste gaan bereken. Daar was beslis baie gevare daaraan verbonde en boonop was die afgesonderdheid en die harde lewe wat sy daar sou kry beslis nie vir sissies nie! Inderdaad het Debbie haar tydperk daar voltooi, maar eers nadat sy eers cholera opgedoen het en later ook malaria. Sy het bittere frustrasies beleef, veral met die burokrasie van die Mosambiekse regering. Die pad daarheen was bykans onbegaanbaar en die verbinding met die buitewêreld en haar geliefdes het vir alle praktiese doeleindes gladnie bestaan nie. Boonop was die naaste primitiewe winkeltjie ure se ry daarvandaan. Dit was ‘n harde tydperk in Debbie se lewe, maar sy het die integriteit gehad

om deur al die dinge vas te byt en steeds haar volle vertroue op die Here te hou!

Dit het tyd geword dat Paulus en Barnabas die gemeentes gaan besoek waar hulle op hulle eerste sendingreis die evangelie versprei het. Uiteraard was daar nie ‘n leraar met jare se opleiding in die teologie in elke gemeente agtergelaat nie. Hulle moes dus gaan seker maak dat dít wat hulle die mense daar geleer het, wel ingesink het en beoefen word. Barnabas wou weer vir Johannes Markus saamneem en hom ‘n tweede kans gee om reg te maak waar hy verbrou het. Vir Paulus was hierdie egter ‘n baie seer sakie. As hy hulle eenmaal in die steek kon laat, kon hy dit dalk weer doen! Dit het ‘n hewige argument tussen hierdie twee goeie maats tot gevolg gehad, soveel só dat hulle besluit het om liewer elkeen sy eie koers te loop. Barnabas sou na die eiland Siprus gaan en Johannes Markus saam met hom neem terwyl Paulus na die gemeentes in Sirië en Silisië sou gaan. Silas sou hom op hierdie moeisame reis vergesel.

Wat hier gebeur het, was baie beslis nie ‘n lekker ding nie! Dit was tragies dat die twee reuse in die

sendingveld moes stry kry oor ‘n helper. Hierdie twee bondgenote het saam die gemeente van Antiogië uitgebou tot ‘n modelgemeente wat vandag steeds vir ons ‘n wonderlike voorbeeld is. Saam het hulle ‘n hele aantal gemeentes tot stand gebring in Klein-Asië. Saam is hulle ter wille van die Evangelie vervolg, verjaag en uitgejou. Saam het hulle gestry vir die regte van die heidene op die historiese sinodevergadering in Jerusalem. En nou dít!

Aan die een kant wys dit maar net vir ons dat selfs die groot geeste soos Paulus en Barnabas ook maar net mense is wat soms ernstige meningsverskille kan hê. Maar aan die ander kant sien ons hierin dat Paulus kwaliteite soos volharding en integriteit só hoog geag het, dat hy selfs bereid was om eerder sy jarelange bondgenoot te verlaat as om met ‘n halfhartige helper in die Here se diens te staan. Ja, Paulus is die man wat so pragtig oor die liefde kon skryf - lees gerus maar 1 Korintiërs 13. Dieselfde Paulus staan egter só absoluut onverbiddelik teenoor die basiese beginsels!

Gelukkig kon Paulus ook vergewe! Ons lei af uit Paulus se briewe dat hy en Johannes Markus

vrede gemaak het en dat die man selfs later as een van Paulus se helpers opgetree het en dat Paulus hom hoog geag het. (Filemon 24; Kol. 4:10 en 2 Tim 4:11). Inderdaad het Johannes Markus gaan regmaak waar hy verbrou het en ‘n nuttige werktuig in God se Koninkryk geword. Jou dade kan verrykende gevolge hê, veral wanneer dit ander mense raak. Besin dus eers baie mooi voordat jy ‘n besluit neem. En as jou besluit verkeerd was, is dit nóg belangriker om later te gaan regmaak waar jy verbrou het. Ewe belangrik is dat jy kan vergewe, net soos God bereid is om jou te vergewe vir jou oortredinge!

Gebed:

Here, vergewe my asseblief vir die talle male in my lewe waar my integriteit my in die steek gelaat het. Ek weet dat ek al soveel skade veroorsaak het!

## Voltyds in die Sendingveld

## Handelinge 16:1-10

**VIDEO | OUDIO**

Tradisioneel praat ons van drie sendingreise wat Paulus onderneem het. As jy egter Paulus se bewegings mooi gaan bekyk, kom jy agter dat daar eintlik streng gesproke net één sendingreis was en dat Paulus ná hierdie eerste reis saam met Barnabas en Johannes Markus nou 'n voltydse, selfstandige sendeling en kerkplanter geword het. Hy het met behulp van 'n uitgebreide netwerk van helpers, gemeentes besoek en nuwes gestig. Verder het hy deur middel van briefwisseling met die verskillende gemeentes kontak gehou en só sy evangelisasiewerk gedoen. Sy besoeke aan gemeentes was gewoonlik dan ook nie bloot blitsbesoeke nie, maar hy het dikwels lang tydperke in gemeentes vertoef. In Korinte het hy byvoorbeeld vir 'n jaar en 'n half gebly en in Efese vir 'n volle drie jaar. Antiogië was beslis ook nie meer vir hom 'n tuisbasis vanwaar hy sy

reise begin en eindig het nie. Hy het slegs in Antiogië vertoef op pad na Jerusalem.

Ontmoet dus vir Paulus, die sendeling/evangelis by uitnemendheid, wat nou onafgebroke die Evangelie verkondig van plek na plek tot by sy uiteindelike aankoms in Rome. Hier sou hy in die tronk opgesluit word, maar selfs die tralies kon nie vir Paulus keer om die blye boodskap die wêreld in te stuur nie!

Paulus begin sy bediening deur saam met Silas na Klein-Asië te vertrek en daar die gemeentes te besoek wat hy en Barnabas gestig het. Sy eerste sendingreis het begin met 'n bootvaart na die eiland Siprus. Nou begin hulle egter die reis oorland, waarskynlik te voet. Hulle eerste stop was sy geboortestad Tarsus, 'n volle tweehonderd kilometer van Antiogië en daarna Derbe. Hulle volg 'n roete noord-wes en kom in Listra aan waar hy vir Timoteus raakloop, ‘n jong man wat vir hom nog baie sou beteken. Die gelowiges van Listra en Ikonium het met groot lof van hierdie jong kêrel gepraat! Timoteus se pa was ‘n Griek en sy ma 'n Jodin. Alhoewel so ‘n huwelik volgens Joodse tradisie onwettig was, het hulle tóg geoordeel dat as die ma Joods was,

dan was die seun ook ‘n Jood. Dan moes hy natuurlik ook besny word maar met hom het dit nie gebeur nie. Waarom Timoteus nooit besny is nie, is onbekend.

Paulus het sommer dadelik van Timoteus gehou. Al die gelowiges kon net met groot lof praat van hierdie jong man! Timoteus kon op die pad vorentoe baie vir die uitbreiding van die Evangelie beteken, dus besluit Paulus om hom saam te neem op sy reis verder. Daar was egter ‘n klein probleempie: die feit dat Timoteus as Jood nooit besny is nie, kon dalk vir hom ‘n groot struikelblok vorentoe wees wanneer dit by die evangelieverkondiging onder Jode kom. Hulle sou hom net eenvoudig nie aanvaar het nie! Dus ruim Paulus hierdie ou probleempie uit die weg en op 'n mooi(?) dag voer hy ’n baie ongemaklike operasietjie op Timoteus uit......

Natuurlik het Paulus hiermee geensins sy beginsels omtrent die besnydenis prysgegee nie maar slegs ander mense se sienings in ag geneem. Paulus skryf immers in sy eerste brief aan die gemeente in Korinte dat hy vir die Jode soos ‘n Jood word om mense te wen, alhoewel hy lankal vry is van die Joodse tradisies (1 Kor.

9:20-23). Hy doen met ander woorde alles in sy vermoë om die Evangelie by mense tuis te bring al vra dit ook groot opofferings by elke geleentheid.

Ons sien presies dieselfde gesindheid wanneer Jesus Sy reputasie as "goeie Jood" prysgee en met 'n Samaritaanse vrou 'n gesprek voer en selfs saam met onrein tollenaars en sondaars gaan eet!

By Paulus kan ek en jy baie beslis leer om sensitief te wees vir ander mense se gevoelens en standpunte en om nie altyd op ons eie regte te wil staan wanneer dit oor minder wesenlike sake gaan nie!

Van Listra af vertrek Paulus met sy twee helpers, Timoteus en Silas in die rigting van Ikonium. Hulle doen aan by al die kerke in Suid-Galasië. Paulus het sy bewegings baie fyn beplan maar hy was terselfdertyd baie sensitief vir die leiding van die Heilige Gees. Ons sien dit byvoorbeeld duidelik, toe Paulus in Asië wou gaan preek maar die Heilige Gees hom laat verstaan het dat dit 'n verkeerde besluit sou wees. Hy moes maar mooitjies sy reisplan verander en eerder na Frigië en Galasië gaan, soos die Gees hom gelei

het. Vandaar moes hy dus ‘n wye draai noordwaarts maak oor Misië om by Betinië uit te kom, waarskynlik om die Bosporus met sy groot stede te bereik. Maar weereens het die Heilige Gees ingegryp en vir Paulus ander leiding gegee. Uiteindelik is Paulus se reisplanne totaal omver gewerp en op die suidgrens van Betinië moes hy wes draai en so kom hy dan in Troas aan. Een nag in hierdie Griekse hawestad, sien Paulus ‘n gesig van ‘n Masedoniër wat hom smeek om hulle te kom help. Onmiddellik herken Paulus dit as ‘n hemelse roepstem en hulle maak klaar om per skip oor die Egeïse see na Masedonië te vertrek om die Evangelie dáár te gaan verkondig.

Selfs ‘n streng-gedissiplineerde man soos Paulus, wat sy beplanning en huiswerk waarskynlik baie deeglik gedoen het, het nie vir ‘n oomblik geaarsel om sy eie planne te laat vaar toe die Heilige Gees met hom praat nie. Dit is noodsaaklik dat ons luister na die Stem van die Heilige Gees. Dit kan op baie verskillende maniere na ons toe kom. Dikwels is dit ‘n enkele sinnetjie wat vir jou uitstaan terwyl jy met die Woord omgaan en wat net eenvoudig vir jou die

antwoord gee, baiemaal ‘n antwoord wat jy nie graag wil hoor nie!

Gebed:

Here, maak my asseblief baie sensitief vir die Stem van die Heilige Gees en maak my asseblief gewillig om gehoor te gee wanneer U so met my praat!

# Lofprysing in die Tronk

## Handelinge 16:11-40

**VIDEO | OUDIO**

Van Troas af neem Paulus, Silas en Timoteus ‘n skip oor die Egeïse see. Voor hulle lê die oneindige Europese vasteland. Dit moes seker vir Paulus ‘n groot oomblik gewees het toe hy voet aan wal sit in Europa. Vir hom is dit ‘n totale nuwe uitdaging. Hulle vertrek dadelik na ‘n baie bekende Romeinse kolonie in Masedonië, Filippi. Lukas vertel opgewonde van twee insidente wat in hierdie belangrike stad plaasgevind het. In die eerste beskryf hy die bekering van Lidia. Die tweede - wel, as dit nie was dat Paulus-hulle wreed gemartel was nie, kon jy dit amper as komies beskryf het, maar beslis ook asemrowend!

In Filippi aangekom, gaan soek Paulus-hulle oudergewoonte op die eerste Sabbat ‘n Joodse bidplek. Soos ons al gehoor het was sy metode om altyd eers die sinagoges te gaan opsoek om eerste vir die Jode te begin preek om hom sodoende 'n platform te gee vanwaar hy sy werk

kan doen. Sodra dit gevestig was, het hy die heidene begin betrek. Daar was egter te min Jode in Filippi om ‘n sinagoge te regverdig. Dus moes die handjievol Jode van Filippi noodgedwonge buite die stadsmure by ‘n rivier gaan aanbid. Die norm was dat daar minstens tien Joodse mans moes wees om ’n sinagoge te kon stig.

Dis dáár langs die rivier waar Paulus vir Lidia aangetref het. Sy was afkomstig uit die stad Tiatire. Lidea was ‘n handelaar in pers wolmateriaal, ‘n peperduur, kosbare stof wat hoofsaaklik deur adelstand en rykes gedra was. Sy word die eerste bekeerling op Europese bodem en Lidea en haar huisgesin word gedoop. Sy verskaf toe ook huisvesting aan Paulus en sy geselskap tydens hulle verblyf in Filippi. Ons moet verstaan dat die Griekse woord “oikos” wat Lukas hier gebruik vir huisgesin, die ganse huishouding insluit. Dit beteken die uitgebreide gesinstelsel wat nie alleen die kinders behels het nie maar ook die slawe en werkers asook hulle gesinne. Dit was inderdaad 'n blye dag!

Lukas vertel egter ook van 'n tweede, minder aangename insident wat begin het met ‘n slavin

wat ‘n “waarsêersgees” in haar gehad het. Sy was soos 'n stertjie al agter Paulus aan en sy het hom knaend kom lastig val waar hy wou preek. Dit het sy werk belemmer en hy móés net eenvoudig iets aan die saak doen! Toe Paulus die gees in die Naam van Jesus uit haar verdryf, was hy sommer dadelik in die moeilikheid want die eienaar van hierdie slavin het sakke vol geld uit haar bonatuurlike “gawe” gemaak en nou het Paulus sy bron van inkomste vernietig! Uit weerwraak sleep hy en sy trawante vir Paulus-hulle na die stadsbestuur en hulle word daarvan aangekla dat hulle Joodse oproermakers sou wees!

Paulus en Silas word albei skuldig bevind wat beteken het dat hulle eers lyfstraf moes kry. Lukas vertel dat hulle klere van hulle lywe afgeskeur was en dat hulle “baie houe geslaan” was, dus kan jy dink hoe seer die arme twee se lywe moes wees toe hulle boonop nog in die tronk gesmyt word in die maksimum gevangenis. Om sout in hulle wonde te vryf, word hulle voete boonop bitter ongemaklik in ‘n houtblok vasgeklem. En daar sit die twee teen middernag, so bitter seer dat hulle nie kan slaap nie en hulle

kerm oor die verskriklike onreg en die pyn wat hulle moes verduur......

Nee, nee, eintlik het hulle gladnie gekerm nie - hulle het die totaal ondenkbare gedoen en lofliedere gesing! In vandag se taal sou hulle seker gesing het: “Dit borrel in my, want ek is so bly: Jesus het my lief!” Oopmond van verbasing lê die ander gevangenes en luister na die pragtige klanke van Paulus en Silas se lofliedere. Die tronk word gevul met die heerlike musiek wat lof bring aan God Almagtig.

Maar skielik skrik die gevangenes hulle yskoud. ‘n Ander geluid vul skielik die tronk: ‘n onaardse rammeling wat begin om die mure te skud. Dit word al hewiger en meer skrikwekkend totdat die aardbewing so erg is dat die tronkdeure almal oopval. Hierdie is egter g’n gewone aardbewing nie want ondenkbare gebeur en al die gevangenes se boeie raak los. Die bewaarder skrik wakker en storm in om te sien wat aangaan. Wat hy daar aantref laat hom nog groter skrik want sy tronk staan wawyd oop! Dadelik besef hy dis klaarpraat met hom want hy sou verantwoordelik gehou word en besluit dat selfmoord die enigste uitweg sou wees om 'n

gruwelike marteling vry te spring. Paulus keer hom betyds en stel hom gerus want al die gevangenes was steeds daar!

“Wat moet ek doen om gered te word?” snik die man  as hy voor Paulus en Silas se voete neerval.

“Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin!” Nóg ‘n siel (en saam met hom sy hele uitgebreide gesin) is bygevoeg in die huisgesin van God!

Die volgende oggend kry die bewaarder ‘n boodskap van die stadsbestuur terwyl hy besig is om sy twee nuwe broers te onthaal: “Jy kan hulle maar loslaat. Hulle kan gerus hulle reis voortsit!”

“Nie so haastig nie!” reageer Paulus dadelik. “Ons is Romeinse burgers en julle het die vermetelheid gehad om ons só te behandel! Nou wil julle stilletjies van ons ontslae raak? Dit werk nie só nie!” Druipstert word die stadsbestuur verplig om hulle in die openbaar om verskoning te kom vra. Paulus het sékerlik in sy mou gelag oor die hogere manne se vernederende verleentheid!

Alles gebeur met ‘n doel - onthou dit altyd! Selfs Paulus-hulle se marteling het tot gevolg gehad dat die bewaarder en sy gesin, asook waarskynlik ‘n paar van die gevangenes tot bekering gekom het. Moenie kla en kerm as teëspoed jou tref nie. Wees in alles dankbaar en “sing lofliedere!”

Gebed:

Here, vanoggend wil ek dit uitjubel: “Dit borrel in my, want ek is so bly …..” Help my asseblief om my hele dag ‘n loflied te maak, ten spyte van die dinge wat my probeer onderkry!

# Die Oproer

## Handelinge 17:1-9

**VIDEO | OUDIO**

Die arme Paulus moes seker dikwels uiters gefrustreerd gevoel het as hy so keer op keer verhinder word om sy werk te doen. Ek vat van myself, hoe gefrustreerd ek soms voel. My ou rekenaar wil nie altyd lekker saamwerk nie. Ek moes maar tevrede wees met die héél goedkoopste, stadige tweedehandse model want beter kan ek nie bekostig nie. My grootste frustrasie is egter ons internetverbinding wat dikwels pynlik stadig of selfs skoonveld weg is! Hiermee moet ek elke dag die dagstukkies skryf en aan duisende mense stuur en boonop die gemeente en sinode se kommunikasie ook behartig. Dit kan soms bitter frustrerend wees! Gelukkig kan ek darem soms die gemeente se rekenaar gebruik.

Paulus, Silas en Timoteus het afskeid geneem van hulle dierbare vriende in Filippi. Al was hulle geslaan en in die tronk in blokke vasgeketting, hou hulle tóg mooi herinneringe oor van hierdie

stad se gelowiges. Hulle volgende bestemming is Tessalonika, die hoofstad van Masedonië.

Paulus volg sy gewone roetine en begin op die Sabbat in die sinagoge te preek vir die Jode. So hou hy vir drie weke aan. Hy bewys vir hulle uit die Ou Testament dat Jesus die Christus, die Messias is. Paulus was ‘n uitmuntende prediker en etlike Jode kom tot inkeer deur sy preke. Die grootste oes het gekom uit die geledere van die “Godvresendes,” Grieke wat die Joodse geloof aangeneem het.

En dis juis ook hiér waar die probleme begin het want die Joodse godsdiensleiers was jaloers op Paulus se groot sukses as prediker.

Dis tóg interessant dat Lukas praat van ‘n groot aantal vooraanstaande vroue wat ook die Christelike geloof aangeneem het. In die antieke wêreld het vroue slegs ‘n baie ondergeskikte rol gespeel, veral in die Joodse gemeenskap. Hulle was nie eers toegelaat om die wet van Moses saam met die mans te bestudeer nie! In die Grieks-Romeinse wêreld was dit egter anders en vroue het op godsdiensvlak heelwat meer regte gehad. Daar is selfs gevalle bekend waar vroue leidende posisies in sinagoges gehad het in

Klein-Asië. Dit was waarskynlik welgestelde vroue wat hierdie sinagoges geldelik gedra het en dan in ruil daarvoor die een of ander ereposisie gekry het. Dis sulke "vroue met invloed" waarvan Lukas hier skryf, wat ook gelowig geword het.

Die Joodse leiers het hulle mes ingehad vir Paulus en sy metgeselle en sommer gou-gou het hulle met die hulp van 'n klomp leeglêers 'n betoginkie gereël. Ek is séker daarvan dat die manne elkeen 'n paar munte in die hand gestop was om groot lawaai te maak! Op hierdie lawaaierige noot trek hulle op na die huis van 'n man met die naam Jason, die Griekse weergawe van Josua. Paulus-hulle het by hom tuisgegaan, maar toe die klomp daar aankom was die Paulus-geselskap elders. Toe gryp hulle maar vir Jason en sleep hóm na die stadsbestuur toe. Normaalweg het Romeinse stede twee magistrate gehad wat die stad bestuur het. Tessalonika was egter anders - hierdie stad het nie minder nie as vyf of ses munisipale hoofde gehad.

Soos dit al by soveel vorige geleenthede gebeur het, het die Jode weereens 'n klomp misleidende

aantygings gemaak om die Gelowiges in ‘n slegte lig te probeer stel. Hulle eerste klag was dat hierdie mense die hele wêreld in beroering sou bring! Hoe ironies! Hier kom die klomp met ‘n betoging en hulle beskuldig vir Paulus-hulle van oproer …..

Hulle tweede klag het ‘n sterk politieke kleur: Paulus en sy geselskap handel in stryd met die keiser se wette deur te sê dat daar ‘n ander koning is, een met die Naam Jesus! Die Christene word skielik hier voorgehou as ‘n rewolusionêre politieke groep wat die goeie orde van die Romeinse Ryk bedreig! Dit impliseer natuurlik dat Christene gladnie lojaal sou wees aan wêrelse owerhede nie. Natuurlik is hierdie ‘n totale verdraaiing van die hele wese van die Christelike geloof!

Jason moes mooi verduidelik en nadat die stadsbestuur hom aangehoor het, gooi hulle die saak uit die hof. Die gelowiges was totaal onskuldig aan hierdie misleidende aanklagte!

Wat behoort ons standpunt te wees wanneer dit by hierdie soort dinge kom? Om in die eerste plek ‘n “beroering” te veroorsaak wanneer dinge nie loop soos wat ons dit graag wil hê nie, is

beslis nie die antwoord nie. Dit werk net eenvoudig nie! Nét so min werk dit om ‘n regering te verwerp omdat hy nie Christelike beginsels navolg nie. Jesus het sélf gesê: “Gee aan die keiser wat die keiser toekom.....!” Dit het Hy terloops gesê van ‘n totaal goddelose Romeinse regering! Wees lojaal aan die regering van die land, al stem jy nie saam met sy beleid nie. Daar is gewoonlik ‘n wettige manier om selfs wette wat jou verhinder om jou geloof ten volle uit te leef, te omseil. Maar as die wet die dag loodreg teenoor jou geloof staan en jy ‘n keuse moet maak tussen die landswet en God, dan durf géén gelowige ‘n ander uitweg kies as om vir God te kies nie.

Daniël en sy vriende moes destyds so ‘n keuse maak en hulle het die onverskrokke voorbeeld gestel van hoe dit gedoen behoort te word. Duisende Christene het later in hulle voetspore gevolg en baie het met hulle lewens geboet. Één ding kon die bose egter nóóit van hulle wegneem nie: die wonderlike ewige lewe saam met God in die hemel!

Gebed:

Here, hou my asseblief altyd gehoorsaam aan U alleen, al dreig die vyand my!

# Filosofie

## Handelinge 17:10-34

VIDEO | OUDIO

Die opstand in Tessalonika het Paulus en sy geselskap in lewensgevaar gelaat. Hulle moes vinnig daar weg voordat dinge baie lelik kon raak. Hulle het gewag totdat dit donker was en toe sluip hulle die stad uit. Tou-opgooi? Nooit! Nie Paulus nie! Hy, Timoteus en Silas het doodeenvoudig vertrek na die volgende stad, Berea om ook dáár die Evangelie te gaan verkondig. Berea is sowat 80 kilometer van Tessalonika af. Lukas berig dat Paulus-hulle daar baie beter ontvang was. In die plaaslike sinagoge het die Jode asook die Grieke aan Paulus se lippe gehang. Boonop het hulle nagelees oor wat hy vir hulle vertel het met die gevolg dat baie van hulle gelowig geword het.

Maar die duiwel was beslis nie tevrede met hierdie toedrag van sake nie! Kort voor lank trek 'n klomp opstokers uit Tessalonika op om hulle werk in Berea te kom ontwrig. Baie gou het die gelowiges in Berea gesien dat hierdie ding

handuit kon ruk en hulle begelei Paulus stilletjies die stad uit om na sy volgende bestemming, Atene te vertrek. Timoteus en Silas word in Berea agtergelaat om eers dinge daar vas te vat voordat hulle later by hom sou aansluit in Atene. Uit Paulus se briewe lei ons af dat hy weer vir Timoteus teruggestuur het na Tessalonika, kort nadat Timoteus in Atene aangekom het. Hy moes ‘n brief van Paulus daar gaan aflewer.

Atene was vir Paulus ‘n groot kultuurskok. Hierdie was eens op ‘n tyd die groot kultuurstad van die antieke wêreld en veral in die vyfde en vierde eeu vC, het die stad 'n groot bloeitydperk beleef van kuns en filosofie. Atene kan met reg die geboorteplek van die demokrasie genoem word. Die reuse in die filosofie, Sokrates en Plato is hier gebore. Toe Paulus egter daar aanland was die stad maar net ‘n skaduwee van haar oorspronklike glorie. Daar was toe skaars 5000 inwoners in die stad oor! Daar het egter steeds so ‘n klein ietsie van haar eertydse glorie agtergebly.

Die één ding wat Paulus dadelik getref het was die talle afgodsbeelde wat jy agter elke bossie kon uitskop. Dit het hom dwars in die krop

gesteek en hy is reguit na die sinagoge waar hy met die Jode en “Godvresendes” sy gedagtes hieroor gedeel het. Dit het hom egter steeds baie gepla.

Toe neem Paulus ‘n besluit: Vasberade stap hy na die stadsplein toe en begin sommer dadelik met die verbygangers te praat oor die Evangelie. ‘n Paar mense het hom sekerlik baie skeef aangekyk, maar daaraan het Paulus hom nie juis gesteur nie. Sy doel was om reaksie uit te lok. Dit kry hy uiteindelik dan ook reg, wanneer ‘n klompie Epikuriese en Stoïsynse wysgere hom aantree en begin stry met hom.

Die Epikuriërs het één doel in die lewe gehad: lewensvreugde! Alle vorms van pyn, vrees en bygeloof was vermy en hulle het die bestaan van gode wat jou lewe kon versuur totaal ontken. Wat saak gemaak het was dat jy die lewe hier en nóú voluit moes geniet! Die Stoïsyne het weer ‘n innerlike vrede en ‘n lewe in harmonie met die natuur aangehang. Vir hulle was daar êrens daar buite wél iewers die een of ander goddelike mag.

Hierdie filosowe het Paulus uitgelag en hom bestempel as ‘n “saadplukker” of 'n "praatjiesmaker," iemand wat dinge sê waarvan

hy niks geweet het nie. Maar nie almal het hulle rug op hom gedraai nie. Sommige mense was geprikkel deur dít wat Paulus kwytgeraak het. Hulle wou meer weet van hierdie nuwe idee wat Paulus kom plant. Daarom neem hulle hom na die Areopagus toe om sy sê te sê. Hierdie is ‘n groot rots wat tussen die markplein en die Akropolis geleë is en hier het die beroemde Areopagus-Raad onder andere byeengekom. Nou moes Paulus praat want die mense was nuuskierig oor hierdie nuwe geloof wat hy verkondig het.

Natúúrlik gryp Paulus die kans aan! Dit was presies waarvoor hy gebid het! Hy begin sy toespraak deur die klomp heuning om die mond te smeer oor hulle wonderlike godsdienstigheid. Hy het êrens in die stad ‘n altaar gesien vir ‘n “onbekende god.” Nou verduidelik hy aan die hand van hierdie beeld van die ware God, Skepper van die heelal. Paulus vertel dat Hy ons ganse bestaan is maar verder dat Hy ook ‘n nuwe begin gemaak het vir die mens met Jesus se koms. Nou waarborg Hy ook amnestie vir alle sondaars. Mense het wel vroeër in onkunde geleef en hulle onbekende god aanbid, maar nou is daar nie meer tyd of plek daarvoor nie want

Jesus het gekom! En natuurlik is die gevolgtrekking dat die Ateners kan wéét dat Jesus se koms veroorsaak dat hulle in harmonie met God kan leef.

Vir die meeste Grieke het Paulus se redenasies absoluut niks beteken nie en het hulle dit bloot weggelag. Vir hulle was die dood die groot mag waaruit jy nooit kon ontsnap nie. Nogtans het ‘n hele aantal van hierdie Grieke tot geloof gekom.

Die vraag is vanoggend waar jy staan, liewe leser? Is die lewe vir jou een groot filosofiese raaisel waarin jy lewensvreugde najaag sonder God? Is die dood vir jou die einde van alles? Of het jy reeds die ware lewensvreugde in Jesus gevind, waar die dood maar net die begin is van alles wat wonderlik saam met God en sonder sonde is?

Gebed:

Dankie dat U vir my reeds die ware lewensvreugde gegee het Here. My hart gaan vanoggend uit na elkeen wat dit nog nie ervaar het nie!

## Akwila en Prescilla

## Handelinge 18:1-6

**VIDEO | OUDIO**

Nota: Wat ek in hierdie dagstukkie skryf, staan nie pertinent in Handelinge opgeteken nie maar ons kan uit ander bronne aannames maak dat dit waarskynlik korrek is.

Akwila en sy dierbare vrou Priscilla is twee baie bekommerde mense. Dinge is nie lekker hier in Rome nie. Akwila is 'n tentmaker. Die enigste dinge in die lewe wat werklik vir hom saakmaak is sy liewe vrou wat vir hom só baie beteken in die lewe en sy ambag om tente te maak. Met groot trots het hy dit in sy geboortestad Pontus van sy pa geleer en elke tent wat hy maak is 'n meesterstuk. Maar die belangrikste natuurlik is die uitleef van sy Godsdiens. As toegewyde Jood, aanbid hy die Here met alles binne in hom en hy probeer om die wet so nougeset moontlik na te kom. Maar hier in die hedendaagse “Sodom en Gomorra”, Rome, is dit maar bitter moeilik. En die omgesukkelde Keiser Claudius

maak dit ook nie juis makliker vir die Jode nie, hy haat hulle!

En dan kom die skokkende bevel op 'n dag: Alle Jode moet Rome met onmiddelike effek verlaat. Akwila het geweet dat Claudius nie van die Jode hou nie, maar hy het nooit besef hoe groot hierdie haat werklik is nie. Inderhaas moet hy en Priscilla hulle goedjies inpak en vlug vir hulle lewens. Maar waarheen? Dan besluit hulle op Korinte, 'n stad in Griekeland. En dáár gaan vestig die toegewyde paartjie hulleself. Hy bekom 'n werkswinkeltjie en baie gou verwerf hy weer vir hom die naam van uitmuntende tentmaker.

Paulus is moedeloos wanneer hy Atene verlaat. Daar kon hy dit nie eers regkry om 'n gemeente te stig nie. Die klein handjievol gelowiges wat hy daar agterlaat, kan beslis nie 'n gemeente genoem word nie. Hy kies koers na die buurstad, Korinte. Gaan hy hier dieselfde houding aantref?

Met sy aankoms in die stad, stap Paulus deur die strate. Hy moet 'n blyplek kry! Maar daar is 'n ander ding wat ook dringend aandag nodig het: sy finansies! Hy sal baie gou plan moet maak om fondse te kry.

En dan gebeur dit: Paulus kan sy oë nie glo as hy by 'n werkswinkeltjie verbyloop en hy sien daar 'n man besig om tente te maak. En boonop is die man 'n Jood! Met 'n groot glimlag storm Paulus op hom af en stel homself voor. Die man se naam is Akwila. Paulus vertel met trots vir Akwila dat hy ook 'n tentmaker van beroep is.

Akwila is in die wolke: “Sou jy nie dalk belangstel om by my te kom aansluit nie? Ek het hóéka te veel werk en ek kan beslis doen met iemand om my te help! Waar is jy tuis?”

Wanneer Paulus vertel dat hy so pas hier aangekom het en dat hy juis nou op soek is na huisvesting, skop Akwila se ingebore gasvryheid sommer dadelik in: “Ag nee man, jy hoef nie verder te soek nie. Hier is baie plek in ons huis, jy kan sommer by my en Priscilla intrek. Dan is jy mos sommer hier vir jou werk ook!” Paulus laat hom nie tweekeer nooi nie! Weereens voorsien die Here op presies die regte tyd en plek!

Die Sabbat breek aan en soos die gewoonte is van elke toegewyde Jood, stap die twee manne na die naaste sinagoge om daar te gaan aanbid. Paulus tref daar 'n goeie klompie Jode aan maar daar is ook 'n aantal Godvresende Grieke.

Akwila stel hom voor aan die manne en Paulus word genooi om 'n woordjie te spreek.

Nou is Paulus in sy element! Hy gryp die geleentheid met albei hande aan en met volle oorgawe vertel hy hulle van die Verlosser, Jesus. Maar die manne is baie skepties en moedeloos stap Paulus laat daardie aand saam met Akwila huistoe. Dit is asof die mense proppe in hulle ore het! Hulle wil maar net eenvoudig nie aanvaar dat sy boodskap die waarheid is nie. Hy het dan só mooi vir hulle probeer verduidelik uit die Skrif hoedat die profete alles voorspel het en dat alles presies gebeur het soos wat voorspel is. Maar hierdie Jode wil net eenvoudig nie verstaan nie.

“Here, ek het vir liewe ou Silas en Timoteus só bitter nodig om my te help! Wanneer gaan hulle tog eendag kom uit Berea?” Paulus se gebed word verhoor en 'n paar dae later kom klop Silas en die jong Timoteus aan sy deur. Paulus is in die sewende hemel! Hy is só bly dat die twee hier is. Die afgelope ruk het sy prediking maar droewige resultate gehad, miskien sal hulle kan help dat daar iets gebeur!

Met volle oorgawe preek die drie manne in die sinagoges en probeer met alles in hulle om die

Jode te oortuig dat Jesus waarlik die Christus is maar dis alles verniet! Paulus en sy span is moedeloos: “Wat kan ons meer doen? Jy kan 'n perd tot by die water lei maar jy kan hom beslis nie máák drink nie!” Dan neem Paulus 'n besluit: “As hulle die Evangelie wil bly verwerp, dan is dit hulle saak! Ek gee op met hierdie weerbarstige Jode!”

Nog een laaste keer probeer hy die Jode oortuig tydens 'n Sabbat, maar dan staan hy uiteindelik op: “As julle verlore gaan, is dit julle eie skuld!” sê hy verontwaardig terwyl hy vinger wys na hulle. “Ek aanvaar nie verder verantwoordelikheid vir julle nie, van nou af werk ek onder die heidene!” En daarmee stap hy uit.

Jy kan die Evangelie net tot só ver met iemand deel. As hy dit bly verwerp, dan moet jy liewer jou energie gebruik om dit te deel met iemand wat dit sal waardeer. Moenie skuldig voel daaroor nie, jy het jou deel gedoen!

Gebed:

Here, my gebed gaan uit na almal met wie ek reeds die Evangelie gedeel het, maar wat dit verwerp het. Heilige Gees, werk asseblief in daardie harte!

## Paulus wil 'n Brief Skryf

## Handelinge 18:7-11 asook Galasiërs 1:1-3

VIDEO | OUDIO

Paulus en sy twee medewerkers se moraal is maar baie laag want niks wat hulle doen lewer resultate nie. En dis veral die feit dat die Jode hulle boodskap verwerp wat hulle so hartseer maak.

Maar net wanneer hulle begin dink dat alles puur verniet was, kom 'n Griek met die naam Titius Justus na hulle en hy bied aan dat hulle sy huis kan gebruik as bymekaarkomplek vir die gelowiges. Sy huis is egter reg langs die sinagoge. En nou ontstaan die interessante situasie dat die "kerk" en die sinagoge reg langs mekaar is! En spoedig is hier 'n lewenskragtige huiskerk.

Maar dis nie ál nie, die hoof van die sinagoge, Krispus kom tot geloof in Jesus en sy hele huisgesin volg in sy spore. Jy kan jou natuurlik indink hoe woedend die Jode hieroor was! Wie sou óóit kon droom dat die hoof van die sinagoge 'n Christengelowige sou word?

Dalk moet ons eers hier 'n netelige sakie regstel: as ons praat van die "kerk" langs die sinagoge, dan is dit eintlik 'n totale wanpersepsie. Die kerk is nie 'n gebou nie, die **gelowiges** is die kerk. Ons kan so maklik in die slaggat trap om groot geld te spandeer aan onderhoud en mooimaak van ons kerkgebou en dan die éintlike kerk, die mense afskeep. Ons durf ook nie die kerkgebou as "heilig" sien nie, dit is slegs 'n bymekaarkomplek vir die gelowiges of dalk eerder God se "werkswinkel!"

Na Krispus se bekering, begin dinge gebeur en talle mense in Korinte kom tot geloof en skielik sit hierdie manne met hope werk op hulle hande. Die gemeente groei met rasse skrede, sodat Paulus-hulle besluit dat hulle nie maar net 'n week of twee hier sal kan bly nie. Terwyl die mense ontvanklik is vir die boodskap, moet hulle so lank moontlik hier vertoef. Uiteindelik word die weke dan maande en die kerk groei en bars uit sy nate!

Een nag skrik Paulus wakker. Helder en duidelik hoor hy die Stem van die Here in 'n visioen: "Moenie bang wees nie Paulus; hou net aan met preek en moenie stilbly nie want Ek is by jou.

Niemand sal jou aanval of jou kwaad aandoen nie want in hierdie stad behoort baie mense aan My."

Paulus is só opgewonde oor hierdie wonderlike visioen, dat hy nie kan wág om dit met sy vriende te deel nie! Uiteindelik, na baie angs en pyniging en selfs die tronk, is daar nou oorvloedige vrug op hulle arbeid. En boonop het die Here dit vir hom bevestig. "Ons bly nét hier totdat die Here ons elders heen stuur!" besluit hy.

Vrugbare maande gaan verby en Paulus begin wonder hoe dit gaan met die gemeentes wat hulle oor die jare gestig het. Dit is veral die gemeentes in Galasië wat hom bekommer. Kom hulle ooit die mas op? Hy het gerugte gehoor van mense wat daar dwaalleringe verkondig. Hy begin wonder of hy nie dalk 'n besoek moet bring aan die gemeentes nie? Maar dit sou maande se reis beteken en die werk hou hom hier só vas dat hy gladnie 'n geleentheid vorentoe kan insien nie. Hy deel sy hunkering en sy kommer met die ander twee. En dan besluit hy: "As ek hulle nie kan besoek nie, dan skryf ek vir hulle 'n brief!" Hulle stem sommer dadelik saam.

Vir dae tob Paulus oor hierdie brief. Hoe begin hy dit? En wat skryf hy vir hulle? Maar daar is ook 'n ander probleem: sy oë. Van daardie dag toe hy die ontmoeting met Jesus gehad het op pad na Damaskus, sukkel hy om behoorlik te kan sien en dit maak dit vir hom baie moeilik om te skryf.

Die manne kom baie gou met 'n oplossing: "Ons kry 'n sekretaris om die skryfwerk te doen. Hier is sékerlik iemand in die gemeente wat maar té gewillig sal wees om vir jou 'n briefie te skryf!"

Nou het Paulus meer rustigheid oor die brief en hy begin beplan wat hy alles vir die gemeentes wil sê. En daar is só baie dinge wat hy met hulle wil deel. Die probleem is egter dat hierdie gemeentes ook so uiteenlopend is. Die brief moet gaan aan ál die gemeentes in Antiogië, Ikonium, Listre en Derbe. Dalk moet hy die boodskap vir hulle deurgee dat jy nie jou verlossing kan óf moet verdien, soos sommige dwaalleraars daar die mense probeer verwar nie. God gee dit gratis vir ons uit genade alleen, nét omdat Hy dit wíl gee!

Paulus glimlag: "Beteken dit dat jy dan maar kan doen wat jy wil? Dis mos wat sommige mense

dink! Nee, beslis nie, ons hoef nou wel nie krampagtig goeie dinge te doen om by God se genade uit te kom nie want God gee dit vir ons ten spyte van. Maar dan moet ons uit dankbaarheid lewe soos God dit wil hê. En die wonderlike is dat God die Heilige Gees gee aan elkeen wat glo, om hom hiermee te help. Ja, dít is die gedagte wat ek by hulle moet tuisbring!"

'n Paar dae later sit Paulus se sekretaris gereed met sy gansveer en ink. "Skryf,” begin hy dikteer. “Van Paulus, 'n apostel en van al die broers wat by my is, aan die gemeentes in Galasië." Maar dan bedink Paulus hom: “Nee wag eers, ons moet iets daar invoeg. Ek moet seker mos sê waarom ek myself 'n apostel noem.........”

En só begin 'n totale nuwe bediening, die eerste van talle briewe, wat nie net deur die gemeentes aan wie dit geadresseer is, gelees sal word nie maar deur baie miljoene mense oor die volgende 2000 jaar.

Gebed:

Dankie vir die wonderlike brieweskat van Paulus, Here.

## Paulus Voor die Hof Gesleep

## Handelinge 18:12-18 en Galasiërs 6:11-18

VIDEO | OUDIO

Paulus se sekretaris het dalk gedink dat hierdie sommer 'n gewone ou briefie sou wees wat binne 'n uur of twee klaar geskryf sou wees, maar hy het hom gruwelik misgis met Paulus. Dag-vir-dag moes hy sit en skryf totdat sy hand naderhand lam geword het. Daar was net géén einde aan Paulus nie! Hy het voort gestoomroller tot donker elke aand en dan het hy eers gaan preek vir die gelowiges.

Na 'n volle week se harde werk, besluit Paulus dat hy nou sy hart uitgepraat het. “Gee vir my,” vra hy die sekretaris en beduie na die perkament. “Ek wil baie graag persoonlik die slot skryf.”

Paulus sukkel om te fokus as hy die gansveer neem: “Van hier af skryf ek sélf met my eie hand,” begin hy pynlik stadig skryf. Nou begin hy eers werklik besef van watter onskatbare waarde hierdie sekretaris vir hom was. “Kyk net die groot letters!” lag hy. Vir een laaste keer plaas hy die

stempel op sy dringende betoog dat die mense wat daarop aandring dat die gelowiges besny moet word, dit slegs doen om 'n indruk te maak en nie ter wille van Jesus nie. Die besnydenis kan géén verskil aan jou geloof maak nie!

Dan sluit hy die brief af: “Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle gees wees, broers! Amen!”

Paulus gee 'n groot sug van verligting dat die lywige brief uiteindelik klaar is. Nou moet dit verseël word en dan moet hy iemand kry wat bereid sal wees om die lang reis aan te pak om die brief te gaan aflewer in Antiogië. En wanneer die gemeente dit daar klaar gelees en behoorlik deurgewerk het, moet dit na die volgende gemeente geneem word totdat almal dit uiteindelik onder oë gehad het. Elke gemeente moet maar sélf iemand kry om dit vir hulle oor te skryf sodat daar 'n afskrif daarvan in elke gemeente sal wees. Sodoende kan hulle gedurig herkou aan die waarhede daarin opgeteken.

Daar val 'n swaar las van Paulus se skouers af. Nou kan hy sy volle aandag aan die gemeente in Korinte gee.

Maar hier in Korinte is dinge nie baie lekker nie. Dit is die jaar 51nC en Keiser Claudius het so pas vir Gallio aangestel as goewerneur in Korinte. Die beswaarde Jode besluit dat hierdie nou hulle kans is om Paulus by te kom. Met die vorige goewerneur kon hulle nie juis iets regkry nie. Hulle span saam en dan reël hulle 'n opstand en sleep vir Paulus voor die hof. "Hierdie man probeer die mense beïnvloed om God te dien op 'n manier wat in stryd is met ons Joodse wette!" kla hulle teenoor die goewerneur.

Paulus is dadelik gereed om homself te verdedig, want hierdie aanklag is onregverdig. Maar hy word nie eers die kans gegun nie,want voordat hy nog kan praat snou Gallio die Jode toe: "Julle mors my tyd! As dit gegaan het oor 'n onreg of 'n misdaad, dan was dit my plig om na julle te luister. Maar hierdie is net 'n geredekawel oor woorde en name en julle eie wette. Julle moet hieroor maar sélf beslis! Oor sulke dinge wil ek nie regter wees nie!" En daarmee jaag hy die hele spul uit sy hof uit!

Die Jode is woedend! Iemand moet die skuld kry vir die gemors en die ongelukkige Sostenes, die hoof van die sinagoge is die een wat dit moet

ontgeld. Nét daar, reg voor die regbank van Goewerneur Gallio rand hulle die arme man aan. As dit nie so tragies was nie, was dit eintlik 'n komieklike situasie!

Nou ontstaan daar skielik 'n totaal nuwe situasie, want vir die eerste keer sedert Paulus sy bediening begin het, is die Jode wat hom ál die jare soveel gas gegee het, se monde gesnoer! Hulle durf nie boe of ba sê nie want dan is hulle in die sop by die goewerneur. En só gebruik die Here hierdie man, wat eintlik 'n ongelowige heiden is om vir Paulus en sy medewerkers die vryheid te gee om die Evangelie ongestoord te kan verkondig!

Die gevolg van dit alles is dat Paulus-hulle vir 'n volle agtien maande rustig in Korinte kan werk sonder enige vrees van vervolging.

Is dit nie wonderlik nie, hoedat die Here in Sy almag enige situasie en enige persoon kan gebruik om Sy wil tot uitvoer te bring. Dit kan selfs 'n ongelowige, ja selfs 'n ateïs wees!

Elke goeie ding kom egter die een of ander tyd tot 'n einde. Op 'n dag begin Paulus besef dat sy werk hier in Korinte nou so te sê afgehandel is. Hy deel sy gevoelens met sy twee goeie vriende,

Akwila en Priscilla: "Die tyd het aangebreek dat ek weer 'n slag 'n draai moet gaan maak in Antiogië in Sirië."

Akwila en Priscilla het vir geruime tyd al daaroor gepraat om na Efese te verhuis. Omdat Paulus juis by Efese moet aangaan op sy reis na Antiogië, besluit die twee dat dit nou die ideale geleentheid is en dat hulle dan sommer saam met Paulus tot in Efese sal gaan. Paulus is ingenome met die gedagte en dadelik begin hulle die nodige reëlings tref.

Die afskeid in Korinte is baie groot. Paulus het diep in die harte gekruip van hierdie gemeente in die jaar-en-'n-half wat hy daar gewerk het. Hy en sy reisgenote vertrek na die hawestad Kenchree waar hulle aan boord van 'n skip sal gaan.

Gebed:

Here, dankie dat U wil geskied ten spyte van mense se teenstand.

# Apollos

## Handelinge 18:18-28

**VIDEO | OUDIO**

Na 'n lang en emosionele gegroetery, vertrek Paulus, Akwila en Priscilla na die hawestad Kenchree. Wanneer hulle daar aankom, het Paulus 'n versoek: "Akwila, my broer, ek wil jou 'n guns vra: skeer asseblief my hare af."

Akwila verstaan nie mooi nie: "Waarvoor?"

"Ek het 'n gelofte aan die Here gemaak, dat ek sal aanhou om die Evangelie te verkondig aan die heidennasies tot die dag wat ek my hoof neerlê. Ek het my hare laat groei om my daaraan te herinner. En nou wil ek alles afskeer om die gelofte te bevestig. Ja, ek weet dat die tradisie is dat dit slegs in Jerusalem kan gebeur maar jy weet mos dat ek my nie meer juis aan tradisies steur nie!"

En so vertrek Paulus-hulle die volgende dag per skip na Efese, Paulus met 'n skoongeskeerde kop! Vir Akwila en sy dierbare wederhelf Priscilla wag daar oorkant die Egeïese see 'n splinternuwe lewe.

Paulus is eintlik op pad na Antiogië en Efese is totaal van sy koers af. Dit was daardie jare die belangrikste handelstad, asook die hoofstad van Asië. Priscilla en Akwilla besluit om hulle hier in Efese te kom vestig en Paulus neem natuurlik soos gewoonlik weereens die kans waar om in die sinagoge te gaan preek. Wonder bo wonder kry hy hierdie slag 'n goeie ontvangs van die Jode. Soveel so, dat toe hy wou vertrek, het hulle hom gesmeek om langer te bly! Hy belowe egter dat hy op 'n later geleentheid sou probeer om terug te kom.

Hierna vertrek Paulus per skip na Ceasarea. Hy bring eers ook 'n besoek aan Jerusalem om die gemeente daar te gaan groet voordat hy na Antiogië gaan, waar hy vir 'n tydjie oorgebly het.

Terwyl Paulus in Antiogië laaglê, verskuif Lukas se vertelling 1500km weswaarts na die stad Efese. Uit die groot kultuurstad Aleksandrië het daar op 'n mooi dag 'n Jood in Efese aangekom met die naam Apollos. Hierdie besonder begaafde man was nie alleen baie wel ter tale nie, maar hy het ook 'n deeglike kennis van die Skrif gehad. Die belangrikste was egter dat hy intussen ook gelowig geword het. Hier in Efese

het hy besluit om die wonderlike gawes wat God hom gegee het te kom uitleef. As ons so tussen die lyne deur lees, klink dit of hy gepreek het dat die biesies bewe! Die mense het behóórlik aan sy lippe gehang.

Daar was egter een tekortkoming in Apollos se sielvolle prediking: hy het nie mooi verstaan oor die doop nie. Om die waarheid te sê, het hy die “boetedoop” wat Johannes die Doper toegepas het in sy bediening gepreek en toegepas. Dit was ‘n doop wat vooruitgewys het na die koms van Jesus as Messias. Apollos het nooit gehoor van die doop wat Jesus sélf ingestel het kort voor sy hemelvaart nie. Priscilla en Akwilla het Apollos in die sinagoge in Efese hoor preek, en toe besef hulle dadelik dat Apollos nog heelwat skaafwerk nodig het in die boodskap wat hy met soveel oorgawe oordra. Hulle nooi hom uit na hulle huis toe, waar hulle vir Apollos ‘n “opknappingskursus” aanbied en hom in die volle waarheid van die Woord onderrig.

Dit val ons dadelik op dat hierdie begeesterde egpaar dit as hulle plig beskou om ander gelowiges in die volle waarheid van God se raadsplan te onderrig. Dis ‘n persoonlike ding en

hulle neem die man na hulle huis toe vir die nodige opleiding. Hulle gaan sit nie agteraf en skinder omdat die man ‘n “dwaalleer” verkondig nie maar hulle doen iets daadwerklik daaraan en help hom in liefde reg waar hy verkeerd is.

In die tweede plek sien ons ook dat beide Priscilla sowel as Akwilla aktief betrokke is. Die vroue het in daardie tyd slegs ’n agtergrondstatus of meestal eerder totaal géén status gehad nie. Nou het hulle egter ‘n splinternuwe status gekry. Priscilla onderrig nou selfs ‘n leraar, iets wat voorheen beslis slegs vir mans gereserveer was!

Vandag leer ons uit hierdie egpaar se optrede dat ons as gelowiges by mekaar betrokke moet wees. Ons moet mekaar se geloof help opbou en mekaar begelei in die volle raad van God. Christenwees is nie maar ‘n paadjie waar elkeen op sy eie die mas probeer opkom nie. Ons het mekaar bitter nodig om wedersyds te ondersteun en te bemoedig. Verder leer ons dat ons ook moet herbesin oor die stereotipe rolle wat ons deur die eeue vir mans en vroue uitgekerf het. Dit is veral vroue wat steeds nie altyd hulle Godgegewe gawes in die kerk kan uitleef nie.

Apollos was nét op die regte tyd in Efese. Toevallig? Nooit! Natuurlik het God dit in sy groot raadsplan so bepaal dat hy daar vir Priscilla en Akwilla moes ontmoet. Sy wonderlike talente van Woordkennis en bedrewenheid as spreker, gekombineer met die onderrig wat hy van hierdie twee ontvang het, het 'n wenkombinasie gemaak! Die tyd het aangebreek dat hy moes aanskuif en die stad Agaje het op hom gewag. Aanbevelingsbriewe het gehelp dat hy daar sommer dadelik sou tuisvoel.

En so kom Apollos dan in Agaje aan. Natuurlik was daar die gewone Jode wat totaal teen die Evangelie gekant was, enige prediker se nagmerrie! Apollos se talente het egter hierdie Jode sprakeloos gelaat. Hulle was nie gebore in staat om enige van sy argumente te weerlê nie, en vir die gelowiges in Agaje was Apollos ‘n reuse aanwins.

Kom ons raak betrokke, ek en jy!

Gebed:

Dankie Here, dat ek nie alleen staan in my geloof nie, maar dat daar ‘n skare van mense

saam met my die pad loop en my onderskraag. Help my om ook by ander betrokke te raak.

# Paulus in Efese

## Handelinge 19:1-10

**VIDEO | OUDIO**

Paulus het na sy kort besoek aan Antiogië weer vertrek na die sendingveld. In 52nC kom hy in Efese aan, die doel van sy besoek, om die gelowiges daar te versterk. Tydens sy vorige besoek, op pad terug na Antiogië kon hy nie baie lank daar vertoef nie.

Wanneer Paulus in die groot stad Efese aankom, gaan soek hy sy twee goeie vriende, Priscilla en Akwila op. Sommer dadelik word hy genooi om by hulle te kom bly vir so lank as wat hy in Efese is en natuurlik kan hy en Akwila mos lekker saam werk om tente te maak! Hy vra uit oor Apollos en dan vertel hulle hom van hierdie wonderlike charismatiese prediker. "Maar op die oomblik is hy nog in Korinte. Die berigte wat ons ontvang, is dat hy veral onder die Jode daar baie vrug op sy arbeid het."

Paulus is die volgende dag na die sinagoge, waar hy met ope arms ontvang word. Die mense

onthou nog baie goed van sy vorige besoek en hy kan met groot vrug met hulle redeneer.

Wanneer hy 'n los tydjie het, gaan stap Paulus deur die groot stad om dit te verken. Oral probeer hy praatjies aanknoop met mense oor die Evangelie. “O ja, ons is ook gelowiges,” sê een paartjie opgewonde vir hom en dan word hy uitgenooi om sommer dieselfde aand nog met hulle groep te kom gesels.

Daardie aand tref Paulus 'n groep aan van twaalf gelowiges bymekaar. Hulle wag in groot afwagting op hierdie prediker om iets met hulle te kom deel. Wanneer Paulus sy oë laat gaan oor die groepie, hoor hy 'n stem in sy binneste: “Vra hulle uit oor die Heilige Gees.”

“Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?” vra hy met 'n glimlag op sy gesig. Natuurlik ontvang alle gelowiges mos die Heilige Gees!

Paulus is geskok as hy hulle antwoord hoor: “Die Heilige Gees? Het Hy dan al gekom?” Hy kan sy ore nie glo nie!

Nou begin hy wonder of hierdie mense ooit iets weet: “En die doop? Is julle al gedoop?”

“O ja,” vertel een kêrel, “Apollos het ons almal gedoop. Ons het bely dat ons sondig is en die doop was die teken dat ons ons sondes voor God bely het en dat ons tot bekering gekom het.”

Paulus wil sy klere skeur uit frustrasie. Hierdie mense het nie eers die vaagste idee waaroor dit alles gaan nie! Daar lê vir hom groot werk voor om eers al die wanpersepsies wat hulle het tot niet te maak en dan van voor af te begin om die Evangelie vir hulle duidelik te maak. G'n wonder dat hulle na al hierdie tyd nog steeds net twaalf is nie! Dan begin hy te verduidelik dat die doop wat hulle ontvang het, lankal uitgedien is. Hulle is met Johannes se doop gedoop, 'n boetedoop. Hulle moet nou die Christelike doop ontvang as teken dat Jesus hulle die verlossing gegee het. Die Heilige Gees moet boonop deel wees van hulle lewens.

Die twaalf is hierna in die Naam van Jesus gedoop en Paulus het hulle die hande opgelê. En dan gebeur die wonderwerk: Hulle word almal vervul met die Heilige Gees! Daarna het die twaalf manne, vol van die Heilige Gees, met groot vrymoedigheid die Evangelie verkondig in

Efese. Baie gou besef Paulus: Hier is sommer baie werk!

Vir drie maande lank is hy gereeld in die sinagoge om daar met die Jode te redeneer oor die Koninkryk van God. Daar was baie Jode in die stad en 'n goeie aantal van hulle het tot geloof gekom in Jesus. Maar daar was ook die hardkoppiges wat net eenvoudig nie wou verstaan nie. Uiteindelik het hulle dit vir Paulus moeilik begin maak. Hulle het allerhande stories oor hierdie nuwe Godsdiens wat Paulus verkondig loop en vertel en hulle het dit in die openbaar belaglik probeer maak!

Naderhand kon Paulus dit net nie meer vat nie. Hy sou 'n ander plan moes probeer maak. Hy kon dit maar net nie kleinkry dat dit altyd die Jode was wat so hardekwas was nie! Onder die heidene was daar talle wat tot geloof gekom het maar die Jode het hulleself bly verhard! Hy het met Akwila en Priscilla oor sy dilemma gesels.

“Tirannus het 'n saal waar hy kinders oplei in retoriek. Jy weet mos dat die kuns van openbare gesprekvoering 'n groot ding is hier in Efese.”

“Ja, maar ons kan tog nie die saal gebruik terwyl hy besig is met klasse nie?”

“Paulus, het jy vergeet dat ons elke dag tussen 11-uur en 4-uur siësta het? Dan is almal besig met sy middagslapie. Ek is séker daarvan dat Tirannus nie sal omgee as ons sy saal gebruik in daardie tyd nie. Dan kan ons retoriek beoefen saam met die gelowiges!”

Paulus was dadelik in sy noppies met die idee. Hiervoor gee hy sommer maklik sy middagslapie op! En Tirannus stem in. Nou het die gelowiges 'n permanente saal waar hulle elke middag kan bymekaarkom om diep geestelike gesprekke te voer in die tyd wanneer al die ander mense 'n middagslapie geniet!

Weereens is dit baie belangrik dat ons sal besef dat wanneer teenspoed jou die dag tref, dit nie nodig is om in sak en as te gaan sit en sanik nie. Paulus het eenvoudig van die probleem ‘n uitdaging gemaak en ‘n ander uitweg gaan soek. En ‘n baie beter oplossing gevind! Baiemaal is teenspoed slegs ’n uitdaging om ons aan te spoor om te gaan soek vir die beter uitweg, iets wat God alrééds vir ons beplan het. Paulus skryf in sy brief aan die Filippense dat ons in alle omstandighede bly moet wees. Ons sien ook deur sy hele lewe hoedat hy hierdie woorde

prakties uitleef en dat dit nie net praat is nie. Kom ons leef dit ook so uit.

Gebed:

Here, maak asseblief my dag ‘n lied wat borrel uit my hart, en help my asseblief om my geloof gebalanseerd uit te leef tot eer van U wonderlike Naam!

## Skeva se Sewe Seuns

## Handelinge 19:11-20

**VIDEO | OUDIO**

Die vraag wat baie gelowiges dikwels met groot huiwering vra, is of daar werklik sulke goed soos bose geeste of magte is? Kan hulle jou lewe oorneem of beset? Is dit nie dalk net pure snert nie? Ek het sélf ook al 'n paar dinge gesien wat my nekhare laat regop staan het! So woon ek jare gelede ‘n Hindoe fees by waar ek totaal onverklaarbare dinge aanskou het! 'n Jong man wat voor my oë verander het van 'n bedremmelde figuur na ‘n vreeslose dier-mens. Hulle het dik breinaalde deur sy tong en wange gesteek totdat hy later soos ‘n ystervark gelyk het sonder ‘n druppeltjie bloed. Groot vishoeke is deur sy rugvel gehaak sonder dat hy dit voel! En hy was nie die enigste nie.....

Daar is maar min geskryf oor die wonderwerke wat deur Paulus plaasgevind het. Lukas noem net so terloops in Handelinge 19:11 dat God wonderbaarlike dinge deur Paulus gedoen het. Dikwels was hy nie eers persoonlik daar

wanneer die dinge gebeur het nie. Lukas vertel byvoorbeeld dat mense doeke of voorskote na Paulus gebring het en dat hy net daaraan moes raak. Dan is hierdie stuk materiaal na 'n sieke geneem en op hom neergesit en dit was genoeg om sy siekte soos mis voor die son te laat verdwyn. Selfs bose geeste het die loop geneem as so 'n kledingstuk op die besete persoon gelê is!

Dis egter baie belangrik dat ons mooi lees presies wat Lukas hier skryf. Hy stel dit duidelik dat dit God is wat die wonderwerke deur Paulus gedoen het. Paulus was slegs die instrument, hy het nie die wonders gedoen nie! Ons maak dikwels die fout om iemand op te hemel as 'n "wonderwerker". Die persoon sou al só baie mense genees het deur sy wonderlike geloof of genesende krag.

Nou wat beteken dit dan as iemand 'n spesifieke geestesgawe ontvang het? Beteken dit dan dat hy die mag het om byvoorbeeld mense te kan genees? Nee, beslis nie! Al wat dit beteken is dat die Here die persoon gebruik as 'n kanaal om Sy wonderwerke te laat gebeur. Presies dieselfde geld vir al die ander gawes soos byvoorbeeld

prediking waar die persoon bloot 'n spreekbuis is om Sy boodskap oor te dra. Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op so iemand want hy moet sorg dat daardie spreekbuis in die beste moontlike toestand is om die boodskap suiwer oor te dra en dus kos dit baie ure se voorbereiding om die boodskap aan mense te kan lewer.

Jy moet sorg dat jy die beste moontlike kanaal is vir die Here se werk. Paulus was so 'n kanaal vir verskeie wonderwerke van God en baie mense het hom begin bewonder oor hierdie dinge. Hy is gesien as 'n “heilige man” wat oor besonderse bonatuurlike magte beskik.

In die antieke wêreld is feitlik elke onverklaarbare fisiese en veral psigiese toestande gesien as die werk en besetting van bose geeste. En daar was mense wat dit misbruik het en opgetree het as “uitdrywers”, natuurlik teen 'n fooi. Hulle het allerhande hulpmiddels soos armbandjies, doepa en towerspreuke gebruik hiervoor. Veral die Joodse bosebesweerders was baie gewild want die mense het geglo dat Jode oor baie spesiale magte beskik het. En veral wanneer hulle die

Naam van die Here gebruik het, het hulle aansien sommer baie gestyg!

En só daag die sewe broers, die seuns van Skeva in Korinte op. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle pa 'n Joodse hoëpriester was en natuurlik is almal gaande oor hulle. Hulle kom te hore van die wonderlike dinge wat Paulus doen en dan besluit hulle dat dit maar net goed kan wees vir besigheid as hulle sy naam iewers inbring. En so begin hulle bose geeste uitdryf deur die geeste te besweer “in die Naam van Jesus wat deur Paulus verkondig word.”

En nét dáár draai die hele ding teen hulle. Hulle was nog besig om met 'n gees se gal te werk, toe kap die demoon terug: “Jesus ken ek en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?” Die arme manne skrik hulle spierwit. Maar dan begin dinge éérs lol want die besetene draai om en begin die sewe manne toetakel met bose mag. Hy slaan die kêrels pimpel en pers en skeur die klere van hulle lywe af sodat hulle kaal en stukkend geslaan, al skreeuend vlug vir hulle lewens!

'n Reuse oorwinning vir die Evangelie want die mense wat hiervan te hore kom, word met vrees

en ontsag gevul en talle mense kom tot geloof in Jesus. Baie van hulle het die een of ander toorkuns beoefen en hulle stroom na Paulus om die dinge te bely. Talle mense het hulle towerboeke gebring om verbrand te word. Die waarde van die boeke word op 50'000 silwerstukke bereken. 'n Silwerstuk is 'n dag se loon, dus beloop dit in vandag se terme minstens 5 miljoen Rand!

Lukas skryf: “So het die Woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.” (Hand 19:20).

O ja, Jesus bied vandag steeds bevryding van alle magte wat ‘n mens gevange kan hou. Om egter die duiwel aan te vat, moet jy weet presies waarvoor jy jou inlaat. Dit kan baie gevaarlik wees as jy nie daarvoor opgewasse is nie, soos die Skeva-seuns op die harde manier ontdek het! Vir 'n gelowige is dit in elkgeval nie nodig om die duiwel "aan te vat" nie want Jesus het reeds die oorwinning oor hom behaal en ons bevry! Moet ook nie probeer om die Evangelie tot jou eie voordeel aan te wend nie - dit loop elke keer op ‘n ramp uit.

Daar is egter ook ‘n ander waarheid wat ons uit die vertelling leer, dat bekering ‘n hoë prys het. Dit vra dat ons ‘n radikale breuk moet maak met ou sondige praktyke. Jy kan nie ‘n Christengelowige wees en terselfdertyd voortgaan met ‘n sondige leefstyl nie! Jy kan nie tegelyk vir God én Mammon dien nie!

Gebed:

Here, ek besef vanoggend dat die bose soos ‘n brullende leeu is, daarom vra ek dat U my sal bewaar van sy aanslae en my sal staande hou en paraat maak!

# Opstand in Efese

## Handelinge 19:21-40

**VIDEO | OUDIO**

In Efese, so vertel Lukas, neem Paulus ‘n besluit wat nie alleen sy sendingprogram nie maar sy hele lewensloop dramaties beïnvloed. Hy besluit om ‘n besoek te bring aan Jerusalem. Sy plan was om op pad eers in Masedonië aan te gaan en dan van Jerusalem af na Rome, die hoofstad van die wêreld. Sy reis sou egter nie daar eindig nie want ná Rome wou hy ook nog verder na Spanje, die verste uithoek van die Romeinse beskawing. Paulus het gróót gedink en altyd daarna gehunker om sy horisonne te verbreed om die Evangelie al hoe verder die wêreld in te dra!

Om vir die volgende been van sy sendingreis voor te berei, stuur hy twee helpers, Timoteus en Erastus vooruit om solank dinge te gaan regkry vir sy besoek aan Masedonië. Paulus se laaste paar dae in Efese word egter versuur deur ‘n betoging deur die “vakbond van silwersmede”. Een van die talle tempels in Efese was dié van

die godin Artemis, die magtige moedergodin. Hierdie afgod was deur mense regoor die wêreld aanbid. Sommige van die dertig-meter hoë suile van die indrukwekkende tempel het na al die jare staande gebly en pryk vandag nog in Efese. Dit was in daardie tyd beskou as een van die sewe wonders van die wêreld en dit was waarlik ‘n gebou wat jou asem sou wegslaan. Elke jaar was daar ‘n reuse fees gehou in die stad en pelgrims van regoor die wêreld het daarheen gestroom.

Vir die silwersmede was hierdie tempel ‘n groot bron van inkomste want die pelgrims het aandenkinge van ‘n silwer model van die tempel opgeraap. Natuurlik wou elke inwoner óók ‘n beeldjie hê van die trots van hulle mooi stad en die kunswerke het soos soetkoek verkoop!

Maar toe kom Paulus en gooi hulle appelkarretjie om sodat jy net sien appels rol! Hy het vir die mense gesê dat daar slegs een God is, die ware God wat hemel en aarde geskep het en dat alle handgemaakte gode morsdood is en absoluut niks beteken nie. Natuurlik geld dit mos óók vir Artemis! Dit is net natuurlik dat die gelowiges nie

meer die beeldjies sou koop nie, gevolglik het die silwersmede se winste dramaties afgeneem.

Dis nie aldag dat sakebelange deur die prediking van die Evangelie aan bande gelê word nie. Dalk is dit omdat Christene gewoonlik nie bereid is om teen sondige praktyke te protesteer nie en nog minder is gelowiges bereid om die Evangelie onbevreesd te verkondig. Paulus het geweet dat hy sou moeilikheid optel as hy openlik sê dat daar slegs één pad is, die pad wat deur Jesus Christus loop. Nogtans het hy onverskrokke voortgegaan ten spyte van die moontlike gevolge. Ag, hy was mos al talle kere daardeur! Hy is al gegésel, in die tronk opgesluit, selfs half-doodgegooi met klippe. Paulus het geweet presies waarvoor hy hom sou inlaat! Dankie tog! vandag is daar nog steeds “Paulusse” met ons wat so onverskrokke staan en wat nie skroom om op te staan vir die waarheid nie al wil die wêreld hulle dikwels hiervoor kruisig.

Nou ja, Paulus se moeilikheid het hierdie slag gekom in die vorm van ‘n “vakbondleier” met die naam Demetrius. Hierdie kêrel het ‘n baie emosionele toespraak gehou waarin hy die mense opgesweep het deur godsdiens,

sakebelange en patriotisme soos ‘n taai stroop met ‘n kwas te smeer. Die seer puntjie was natuurlik die trots van Efese, die tempel van Artemis. Hierdie geliefde tempel sou totaal sy betekenis verloor as Paulus se evangelisasieveldtog suksesvol sou wees. En dan was hulle mos almal werkloos!

Hierdie slinkse leier het sommer gou-gou daarin geslaag om die klomp behóórlik op te sweep tot ‘n volskaalse betoging. Van oraloor het hulle opgeruk na die amfiteater, nóg ‘n indrukwekkende stuk bouwerk met sy sitplek vir 24’000 mense. Hierdie manjifieke stuk bouwerk kan vandag nog in Efese gesien word. Twee van Paulus se medewerkers word saamgesleep deur die woedende skare. Die grootste deel van hierdie gepeupel het nie eers geweet waaroor al die bohaai gegaan het nie! Paulus wou gaan vrede maak, maar sy medegelowiges het hom gekeer.

Die Jode het hier ‘n goeie geleentheid gesien om Paulus ‘n verdere steek in die rug te gee. Hulle segsman, Aleksander wou kwansuis ‘n woordjie spreek. Hy was egter doodgeskree bloot omdat hy ‘n Jood was. Die Jode was nie ‘n gewilde

nasie in Efese nie. Uiteindelik was dit die stadsklerk wat daarin geslaag het om orde te skep en die skare uitmekaar laat gaan sonder dat daar enige klag teen Paulus en sy medewerkers aanvaar is. Weereens was hulle gered!

Paulus was egter nou alreeds byna drie jaar in Efese en dit het tyd geword om te groet. Masedonië en uiteindelik dan Rome het geroep en daar was 'n menigte honger siele in die wêreld wat nog gewag het op die blye boodskap!

Paulus leer ons dat ‘n mens groot moet dink. My Oupa se gesegde was, dat as jy mik vir die maan dan sal jy oor die kraalmuur kan spring! ‘n Visie om groot dinge te vermag is noodsaaklik. Maar dan moet dit ook oorgaan in die praktyk. Dan moet jy die volgende stap vorentoe neem om hierdie visie te bewaarheid. Dit verg ook onverskrokkenheid want teenstand sal jy beslis kry! Maar dit durf jou nooit afskrik nie!

Gebed:

Here, help my asseblief om groot en wyd te dink, maar ook om my droom uit te leef in die praktyk!

# Moenie in die Kerk Slaap nie!

## Handelinge 20:1-12

**VIDEO | OUDIO**

As ‘n mens jonk en vol lewe is, wil jy mos alles op een dag probeer inpas. Nou is ek beslis nie heeltemaal meer so jonk nie maar in my prille jeug het ons jongklomp dikwels gejol tot in die vroeë oggendure, veral op ‘n Saterdagaand! Nee, dit was nie “disco's” en nagklubs nie maar skoon pret by Durban se pretpark of ‘n waatlemoenfees op die strand. Dikwels het ons sommer net lekker saam gekuier en die nag om gesing. Ongelukkig het hierdie rinkink van ons dikwels Sondag sy tol geëis, veral tydens die aand se kerkdiens. Jy weet seker hoe dit voel wanneer jy so bitter graag jou oë wil oophou maar hulle wil net eenvoudig nie saamspeel nie? En as jou kop knik en jy dalk boonop nog ‘n snork ook gee en jou maters om jou proes van die lag en boonop nogal in die kerk tot die groot ontsteltenis van die dominee! Ai, dis bitter swaar!

Paulus moes eendag ook so ‘n insident beleef toe die slaap een van sy jong gemeentelede

oorval het. Maar wag, nou loop ek die storie vooruit!

Vir bykans drie jaar het Paulus in Efese die gemeente opgebou. Die tyd het egter aangebreek om aan te skuif. Voor sy vertrek skryf hy ‘n brief aan die gemeente in Korinte, die sogenaamde “tranebrief.” Hy stuur dit vooruit saam met Titus, een van sy helpers. Dit was alreeds die tweede brief aan hierdie gemeente. Sy eerste aan hulle het daardie gemeente geweldig omgekrap en Paulus wou sake probeer regstel.

Paulus vertrek op ‘n tog van ‘n duisend kilometer al om die Egeïese see, deur Masedonië tot in Griekeland. Hy gaan by elke gemeente op sy pad aan om hulle moed in te praat en hulle te versterk. Wanneer die koue winter aanbreek is Paulus in die stad Korinte. Daar was hy genoodsaak om vir drie maande oor te bly tot die ergste koue verby was

Gedurende hierdie drie maande verblyf skryf hy daardie beroemde Romeinebrief. Vandaar sou hy die skip neem om na Jerusalem te gaan, vanwaar hy dan na Rome wou vertrek. Dinge het egter nie so vir Paulus uitgewerk soos hy beplan

het nie. Hy het te hore gekom van ‘n klompie Jode wat ‘n komplot gesmee het teen hom. Moontlik wou hulle hom vermoor terwyl hy op die skip was op weg na Jerusalem. Hy besluit dus om weer langs dieselfde roete terug te gaan verby die hawestad Troas en weer tot in Efese. Wat ‘n verskriklike groot ompad!

Saam met Paulus was daar sewe reisgenote, almal verteenwoordigers van hulle onderskeie gemeentes. Dinge het maar bitter sleg begin gelyk vir die gelowiges in Jerusalem. Die Christene was deur die Jode uit die samelewing geskop en hulle het geweldig verarm. Paulus het hierdie situasie aan die gemeentes vertel. Hy het nooit só betrokke geraak in sy sendingwerk dat hy die nood van ander gemeentes ooit vergeet het nie! Die gemeentes het die nood besef en hulle hande diep in hulle sakke gesteek om te help. Paulus se sewe reisgenote het die gemeente-bydraes saamgeneem om die Jerusalemgemeente te gaan help. Ons kan gerus weer ‘n slag na Paulus se leerskool gaan vir ‘n opknappingskursus oor hoe om waarlik om te gee vir ons medegelowiges!

Paulus en sy geselskap het uiteindelik in Troas aangekom waar hulle vir ‘n week lank oorgebly het voor hulle vertrek na Jerusalem. Hier kry ons ‘n klein kykie in die kerklewe van die vroeë Christene. Sondag het die "amptelike" dag geword waarop die gelowiges bymekaargekom het. Omdat Sondag die dag van Jesus se opstanding was, het hierdie dag ‘n besondere betekenis in die kerk begin aanneem. Jesus se opstanding was die spil waarom hulle geloof gedraai het en gelowiges het mekaar gegroet met die woorde: "Jesus het waarlik opgestaan!" Natuurlik was dit ‘n gewone werkdag, gevolglik moes die byeenkomste in die aande gehou word. En aangesien daar nie kerkgeboue was nie, moes hulle in huise bymekaarkom.

Dit was juis op so ‘n Sondagaand waar die gelowiges op die derde verdieping van ‘n huis in Troas bymekaar was. Dit wil vir ons lyk asof Ds. Paulus maar 'n lang asem gehad het en hy het gepreek en gepreek én gepreek, tot ná middernag! In die vensterbank het ‘n jong kêrel met die naam Eutigus gesit. Die arme man kon naderhand nie meer sy oë oophou nie! Ek weet presiés hoe hy gevoel het! Eutigus se kop het geknik maar hy het vasgebyt want dis darem nie

aldag dat jy ‘n dominee van Paulus se formaat kan hoor nie! Maar uiteindelik wen die slaap en die arme Eutigus tuimel agteroor by die venster uit. Drie verdiepings is bitter ver om te val en almal storm uit om hom te gaan help. Maar helaas, dit was te laat! Die ergste het gebeur - hy is dood!

Paulus het na die jongman toe gegaan en hom oor die kêrel uitgestrek. En toe..... gebeur die wonderwerk. Voor almal se oë word hy weer lewendig! Uiteindelik toe alles weer na normaal teruggekeer het, gaan Paulus ongestoord aan met sy preek en hy preek tot die dag breek! Daarna vertrek hy na sy volgende bestemming.

En Eutigus? Hy is springlewendig terug huistoe! Dit was een preek wat hy nooit, óóit in sy lewe sou vergeet nie!

Die naweek lê voor en so ook Sondag. Kom ons ruk soos een man op kerktoe! En as die dominee dalk ‘n bietjie te lank na jou sin preek, onthou dan gerus hoe lank Paulus gepreek het ..... en wees dankbaar!

Gebed:

Dankie vir ons rusdag Here - gee my asseblief die insig en ywer om dit tot U eer te gebruik!

**Ns. Dit is gevaarlik om in die kerk te slaap!**

# Struikelblokke

## Handelinge 20:13-38

**VIDEO | OUDIO**

Wat dryf ‘n mens om soms ‘n ding te doen wat uiters gevaarlik is ter wille van iemand anders? Die bekende verhaal doem skielik by my op van Racheltjie de Beer, die meisietjie wat haar klere uitgetrek het in die sneeustorm en dit vir haar boetie aangetrek het en hom toe met haar eie liggaam beskerm het teen die bittere koue. Ja, sy is dood maar hy het bly leef.

In die hawestad Assus klim Paulus op die skip en sluit hom by Lukas en die sewe ander manne aan. Vroeg die volgende oggend vaar hulle na Mitilene, waar hulle weer die nag oorstaan. Die kuslyn van Asië is uiters gevaarlik en as jy nie kan sien presies waarheen jy op pad is nie, beteken dit selfmoord. Daarom het die skepe in daardie tyd slegs bedags gevaar en snags in een van die beskutte hawetjies oornag. Dus vaar hulle die volgende dag na Chios, daarna Samos en uiteindelik tot by Milite.

Paulus wou baie graag by Efese aangaan om daar met die gemeente te gaan praat maar sy tyd was besig om uit te loop. Hy wou in Jerusalem wees vir die Pinksterfees. As hy by Efese sou vertoef, sou hy dit dalk nie betyds kon maak nie. Dus stuur hy 'n boodskap dat die ouderlinge van Efese hom in Milite moes ontmoet, 'n afstand van sowat 60 kilometer want daar moes hulle vir 'n paar dae oorstaan om vir 'n ander skip te wag wat hulle na Sirië sou neem.

Paulus benut die kort tydjie saam met hulle baie goed en hy praat hulle moed in. Hy was op pad na Jerusalem, gedring deur die Heilige Gees. En wat daar met hom sou gebeur, moes maar gebeur! Hy was immers in God se hande. Hy was maar ál te bewus daarvan dat daar waarskynlik vervolging op hom wag, maar die taak wat hy vir die Here verrig het was baie belangriker as sy lewe. Teen daardie tyd was hy natuurlik ook al goed gewoond aan vervolging want hy was al geslaan, gestenig, in die tronk en verskeie kere moes hy vlug vir sy lewe!

Daar is vandag baie gelowiges wat wil glo dat geloof soos die bootjie na Kammaland is, waar die maan se helder strale jou begelei op 'n

spieëlgladde meer van romanse. Nee, 'n gelowige se lewe is nie een lang suksesverhaal nie, veral nie as jy jou geloof ernstig opneem nie. Die pad kan soms bitter swaar wees, bestrooi met struikelblokke en selfs vervolging. Dikwels betaal gelowiges op die sendingveld met hulle eie lewens. Wanneer ons egter ons roeping met oortuiging uitleef, kan ons selfs die grootste krisis vol vertroue tegemoetgaan!

Paulus sê dan ook vir die manne van Efese dat dit sékerlik die laaste keer sou wees wat hy hulle sou sien. Dis dus sy afskeidswoorde aan hulle en juis dáárom rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid op hulle skouers, want hy sou hulle nie verder kon pamperlang nie. Hulle moes verantwoordelikheid vir hulleself aanvaar maar hulle was ook verantwoordelik vir die gemeente. Al die gelowiges was onder hulle sorg en hulle moes alles wat hulle van Paulus geleer het aan die gemeente oordra en sorg dat die gemeente geestelik groei. “Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met trane!” sê Paulus vir hulle in Handelinge 20:31. In die drie jaar wat Paulus in Efese was het hy die gemeenteleiers

intensiewe opleiding gegee. “Maar nou vertrou ek julle aan God toe.”

Paulus benadruk dit verder dat hy vir hulle in die drie jaar 'n goeie voorbeeld probeer stel het van hoe hulle moet optree as leiers. Dit moes beslis nie oor geld gaan nie. Hy het in daardie tyd 'n punt daarvan gemaak om vir sy eie lewensonderhoud te sorg. Hy moes bedags hard werk en tente maak om aan die lewe te bly en saans het hy hulle geleer. Dit het hy onder meer gedoen sodat daar genoeg geld sou wees om vir die armes te kon gee.

“Onthou die woorde van die Here Jesus,” sê Paulus met nadruk. “Hy het self gesê: Om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.” (Hand. 20:35).

Maar dan het dit tyd geword om te groet, Paulus se skip het gereed gestaan om te vertrek. Saam het al die manne gekniel en verenig in gebed. Dit was 'n droewige afskeid en die trane het gestroom toe die manne mekaar omhels en soen. Sou hulle óóit weer vir Paulus sien? Paulus het geglo dat dit die laaste keer was. Dit was 'n stoet van lang, droewige gesigte en

betraande oë wat Paulus vergesel het na sy skip!

Ja, Paulus sou wél weer met die gelowiges in Efese praat, maar dit sou eers vyf jaar later wees en hy sou met hulle praat deur middel van 'n brief wat hy uit die tronk in Rome geskryf het. Daardie brief sou egter nie die persoonlike aanraking met die mense hê soos nou nie en dit sou bedoel wees vir 'n hele paar gemeentes om te lees.

Is jy dalk 'n leier in jou gemeente? Met 'n leier bedoel ek nie net die dominee, pastoor en leier-ouderling nie. Elkeen wat leiding neem op die een of ander terrein is 'n leier in eie reg. As jy die week verantwoordelik is om die teeskink te organiseer, dan is jy 'n leier.

Daar rus 'n baie groot verantwoordelikheid op die skouers van elke leier in die kerk. En terloops, daar is nie so 'n ding soos 'n "hoofleier" nie, elke leier het presies eweveel status, die sondagskoolonderwyser, die ouderling, die dominee, die moderator en die pous. Niemand is verhewe bo 'n ander nie! Al wat verskil is die terrein van jou leierskap.

Wat is jou verantwoordelikheid? Elke leier s'n is anders. Vir die een is dit om om te sien na oumense en hy moet dit doen na die beste van sy vermoë. Doen alles wat aan jou toevertrou is asof jy dit vir die Koning van alle Konings doen!

Gebed:

Here, so dikwels huiwer ek en deins ek terug wanneer geloofsuitdagings vir my wag. Gee my asseblief die moed om dit met volle vertroue en sonder huiwering aan te pak - dankie dat U altyd met my is!

## Jerusalem, Buig of Bars!

## Handelinge 21;1-16

**VIDEO** | **OUDIO**

"Die Heilige Gees het vir my gesê ……" So begin iemand die anderdag vertel waarom 'n sekere ding gedoen moet word. Hoe weet ons wanneer die Heilige Gees jou lei om iets te doen of sê? Hierdie is baie beslis nie 'n maklike vraag om te antwoord nie. Dikwels gebeur dit dan ook dat iemand 'n wilde gedagte in sy kop kry en dan besluit hy dat dit die werk van die Heilige Gees moet wees. Sodoende word die Heilige Gees dikwels "misbruik".

'n Voorbeeld is die pastoor wat vir die familie van iemand wat gesterf het gesê het dat die Heilige Gees hom meegedeel het dat daardie man weer lewendig sou word op 'n bepaalde tyd en dat hulle hom nie moes begrawe nie. Hy het groot opskudding veroorsaak en boonop die familie baie hartseer besorg toe dit nie gebeur nie! Ons moet baie versigtig wees wanneer ons iets aan die Heilige Gees wil toedig. Pasop dat dit nie dalk jou eie wil is wat jy aan Hom wil koppel nie!

Lukas vertel dat hulle in Milete naby Efese op die skip geklim het en die lang reis na Jerusalem aangedurf het. Hier was Lukas een van Paulus se reisgenote. Nes die Melktrein van ouds stop hulle by elke klein hawetjie en eilandjie. In Tirus staan hulle ‘n volle sewe dae oor terwyl die vrag afgelaai word. Daar was nog nie reuse hyskrane soos vandag nie en alles moes met die hand gelaai word! Paulus is dankbaar vir die oponthoud en hy gryp die geleentheid aan om die gemeente te besoek om die gelowiges te versterk.

Lukas skryf dat hulle "onder leiding van die Gees vir Paulus gesê het om nie na Jerusalem te gaan nie.” Natúúrlik was die gemeente bang vir wat op Paulus in Jerusalem gewag het. Hulle het gewéét dat die Jode daar Paulus se bloed gesoek het en daarom het hulle by hom gesmeek om sy reis te heroorweeg.

Ons moet sekerlik vra of dit werklik die Heilige Gees was wat hulle gelei het om Paulus te probeer stop? Was dit nie maar hulle eie vrese nie?

Uiteindelik was die vrag afgelaai en het dit tyd geword dat Paulus en sy geselskap moes

vertrek. Die hele gemeente het saam met Paulus-hulle na die strand toe geloop om te gaan afskeid neem. Daar het hulle op die strand gekniel en saam gebid. Hier sien ons ‘n interessante verskynsel, dat werklik álmal daar was, mans, vrouens en kinders inkluis. Onthou, wanneer die Jode Godsdiens bedryf het was dit slegs vir mans bedoel en die vrouens en veral kinders was totaal uitgesluit. Hier sien ons nou in die Christengemeenskap dat vrouens en kinders ingesluit is in kerkwees! Skielik is vrouens, wat nog altyd uitgesluit was nou óók deel van die kerk.

So vertel Lukas dat hulle in Ceasarea by die evangelis Filippus tuisgegaan het. Hy het vier ongetroude dogters gehad wat almal profetiese gawes besit het. Hierdie jong vroue het met ander woorde ‘n onderwysende funksie in die gemeente gehad. Ons sien dus duidelik dat vrouens dikwels ‘n aktiewe en soms leidende rol in die vroeë kerk gespeel het.

Die Filippus waarvan Lukas hier skryf was een van die sewe manne wat vroeër as helpers aangestel is in die Jerusalemgemeente. Hy het later na Ceasarea gegaan om sendingwerk daar

te doen en nou, twintig jaar later woon hy in die stad.

Weereens word Paulus gewaarsku. Op 'n dag kom 'n profeet met die naam Agabus daar aan. In 'n simboliese aksie vat hy Paulus se gordel en bind sy eie hande en voete daarmee vas om, gelei deur die Heilige Gees daarmee te wys dat Paulus in Jerusalem gevange geneem sou word. Die gemeente het hom gesmeek om nie te gaan nie maar selfs hiérdie dringende waarskuwing laat hom nie vir ‘n oomblik twyfel oor sy besluit nie, selfs al sou dit sy dood beteken!

Dit herinner ons sterk aan Jesus en hoedat Sy dissipels Hom probeer keer het toe Hy na Jerusalem wou gaan. Hulle het gewéét dat daar net moeilikheid sou wag! Nogtans het Jesus nie vir ‘n enkele oomblik getwyfel oor Sy besluit nie. Hy het geweet presies wat in Jerusalem op Hom sou wag en dat gevangenskap, marteling, kruisiging en uiteindelik die dood Sy voorland was! Paulus het óók besef dat ook hý reguit in die leeu se bek sou instap! Gelukkig het Paulus nie geweet watter verrykende gevolge sy besluit sou inhou nie. Sy een begeerte was om nog in Rome te kon kom om daar die Evangelie te

verkondig en sy besoek aan Jerusalem was júís die voertuig wat die Here vir Paulus sou gee om na Rome te gaan. Wat meer is, dit sou nie eers op sy eie onkoste wees nie maar op staatskoste! Jerusalem sou ‘n totale draaipunt wees in Paulus se bediening. Van nou af gaan sy sendingwerk totaal anders daar uitsien. Maar nou loop ek alweer die verhaal vooruit!

Van Ceasarea na Jerusalem was ongeveer ‘n honderd kilometer. Hierdie laaste stukkie pad het hulle te voet afgelê en dit het hulle ‘n paar dae geneem.

‘n Baie moeilike vraag wat ons dalk vanoggend kan vra, is of Paulus die regte ding gedoen het om deur te druk met sy besluit om na Jerusalem te gaan ten spyte van die vele waarskuwings daarteen. Vandag kan ons natuurlik met sekerheid sê dat hy reg gedoen het want dit was deel van God se raadsplan. Daardie tyd moes twyfel beslis aan hom gevreet het. Paulus het egter ‘n lewe gelei wat só naby aan die Here was dat hy dit kon verwerk en die Here se antwoord kon hoor.

Dikwels is ons ook in vertwyfeling oor ‘n besluit wat ons moet neem. Die antwoord is om só naby

aan die Here te leef dat ons Sy stem duidelik kan hoor en onderskei. Hoe nader jy aan Hom leef, hoe helderder word Sy stem in jou lewe!

Gebed:

Here, trek my asseblief nader aan U - só naby dat ek U stem duidelik kan hoor!

## Verkleurmannetjie

## Handelinge 21:17-26

**VIDEO | OUDIO**

'n Verkleurmannetjie is 'n wonderlike ding om sy kleure so te kan verander om weg te kruip vir sy prooi en vyande. Maar hy is maar vaal en verlep as jy hom vergelyk met ‘n seekat. Díé slim slak kan binne ‘n breukdeel van ‘n sekonde sy kleur en selfs ook sy hele veltekstuur verander om perfek aan te pas by sy omstandighede. Een oomblik is hy ‘n gladde, soepel ligbruin slak en die volgende 'n growwe, stekelrige, veelkleurige, algbegroeide rots. Hy wissel willekeurig van feitlik spierwit na pikswart en ‘n reënboog van kleure tussenin, nog voordat jy jou oë kan knip!

Paulus was ook so ‘n “verkleurmannetjie”, maar om totaal ander redes. Op sy sendingreise het hy saam met die heidene op die stadsplein gesit en redeneer en waarskynlik dikwels by hulle oorgeslaap. Dit was natuurlik iets wat enige ware Jood beslis die horries sou gee! Nogtans was hy steeds ‘n Jood in murg en been, selfs ‘n Fariseër in sy jongdae! Hy was dus baie bekend met elke

moontlike en onmoontlike Joodse gebruik. Paulus het steeds die belange van die Joodse volk op die hart gedra en veral baie empatie gehad met die Joodse gelowiges in Jerusalem wat só noustrop getrek het. Daarom het hy geld ingesamel by al die “heidense” gemeentes om te help in Jerusalem se nood.

Die Joodse gelowiges het Paulus egter gewantrou en daar was selfs van die gemeentelede wat geweier het om die geld te aanvaar om die blote rede dat dit uit die nie-Joodse geledere kom. Hulle kon hulleself net eenvoudig nie versoen met die gedagte dat álle gelowiges, ook heidene een in Christus kon wees nie!

Paulus was egter bereid om alles in sy vermoë te doen om die vrede en versoening te bewerkstellig. Met sy aankoms in Jerusalem gaan gesels hy dadelik met Jakobus en die ander leiers van die gemeente. Hy vertel opgewonde vir hulle van die wonderlike dinge wat daar in die sendingveld gebeur het. Hulle was egter meer bekommerd oor die huidige situasie en oor die gerugte van Paulus se “liberale” bediening wat die rondte gedoen het.

Volgens hierdie gerugte sou Paulus die Jode geleer het om van die wet van Moses te vergeet en om nie hulle kinders te besny of Joodse gebruike na te kom nie.

Paulus was verstom. Hierdie was 'n totale verdraaiing van die ware feite. Hy het nooit aan enige Jode voorgeskryf wat om te doen nie. Vir die heidene wat gelowig geword het, het hy gesê dat daar 'n paar Joodse voorskrifte was wat hulle moes respekteer, soos wat daar destyds op die groot kerkvergadering besluit was. Wat Paulus egter baie duidelik gestel het, is dat die onderhouding van die wet niemand ooit in die regte verhouding met die Here kon bring nie. In sy brief aan die Galasiërs het Paulus hierdie hele probleem in diepte bespreek in hoofstukke 3 en 4.

Die manne het verstaan. Maar hulle was steeds baie bekommerd want hierdie gerugte oor Paulus het die hele stad volgelê. Wat sou hulle moes doen om dit te besweer?

Dan kom een kêrel vorendag met 'n blink gedagte: “Al wat ons moet doen is om Paulus iets te laat doen wat ál die aandag op hom sal

vestig, iets wat sy lojaliteit sal bewys. Ons móét sy goeie naam herstel!”

Jakobus het die antwoord: “Hier is vier jong manne in die gemeente wat 'n Nasareërgelofte afgelê het. Die tyd het nou aangebreek dat hulle 'n offer moet gaan bring in die tempel om die gelofte te beëindig. Maar ek weet dat hulle dit nie breed het nie. Paulus, as jy bereid is om hulle te neem vir hulle reiniging en die koste sal dra, dan sal almal mos kan sien dat jy steeds lojaal is.”

Daar was egter 'n probleempie: omdat Paulus uit 'n heidense gebied kom, was hy volgens Joodse voorskrifte onrein en hy moes dus sélf eers 'n reinigingsritueel deurgaan voordat hy in die tempel sou kon ingaan. Dit het behels dat hy by 'n priester moes aanmeld. Drie dae later word hy met water besprinkel asook weer op die sewende dag. Eers daarna kon hy “rein” verklaar word.

Paulus doen soos voorgeskryf en op die sewende dag neem hy die vier manne en laat hulle hare afskeer volgens voorskrif. Hulle hare word in die offervuur gegooi as teken dat hulle gelofte afgehandel is.

Maar dan kom daar 'n gróót probleem! Maar hieroor praat ons volgende keer.

Hier sien ons nou ‘n totaal ander Paulus as die een waaraan ons gewoond geraak het. Op die sendingveld het hy alle Joodse tradisies oorboord gegooi om die vertroue van die heidene te wen. Maar toe hy in Jerusalem kom, was hy weer die tipiese Jood wat deelgeneem het aan al die Joodse gebruike en rituele, bloot omdat hy niemand wou aanstoot gee nie!

Dis beslis nie maklik om uit jou gemaksone te beweeg nie. Om binne jou vriendekring of geloofsgemeenskap oor die Evangelie te gesels, is baie maklik. Wanneer jy egter in totaal ander omstandighede nog steeds vrymoedig dieselfde gesprek wil voer, raak jy ongemaklik, veral as dit ‘n gemeenskap is met ‘n ander kultuur as waaraan jy gewoond is. Om in so ‘n situasie in te pas en die mense se vertroue te wen, moet jy jouself met hulle kultuur vereenselwig. Beweeg jy uit ‘n gegoede lewensstyl na ‘n behoeftige gemeenskap, sal jy absoluut niks uitrig as jy uit die hoogte met hulle praat nie. Jy moet op dieselfde vlak as hulle wees. Jy moet dus as’t ware een van hulle wees om waarlik hulle

vertroue te kan wen. Paulus het hier vir ons ‘n baie goeie voorbeeld gestel oor hoe die ding gedoen moet word. Die resultate wat Paulus behaal het was absoluut verstommend. Die rede was dat hy bereid was om homself prys te gee vir die een enkele saak: Jesus Christus. Is ek en jy bereid om dit te doen?

Gebed:

Here, ek bely vanoggend my hoogmoed en ek vra dat U my daarvan sal bevry sodat ek bruikbaar kan wees in U Koninkryk!

## Alwéér Tronk Toe!

## Handelinge 21:27-36

**VIDEO | OUDIO**

Ons is al te dikwels baie gou om iemand wat verdink word van die een of ander misdaad te veroordeel en dan sommer die gerugte te versprei op sosiale media nog voordat ons die ware feite ken!

Paulus help vier manne om 'n Nasareërgelofte af te lê en betaal vir hulle offer tydens die reinigingshandeling. Dis Pinksterfees en daar is Jode van regoor die wêreld in Jerusalem om saam te kom feesvier. Onder andere is daar ook van Paulus se ou "vriende" uit Asië, daardie manne wat hom tydens sy sendingreise so baie gas gegee het! Hulle kan hulle oë nie glo as hulle vir Paulus in die tempel raakloop nie. Die manne kry amper 'n hartaanval van pure skok. "Dan was dit tóg Paulus wat een van die manne saam met 'n Griek hier in Jerusalem gesien het!" hyg een kêrel.

"Ja, en hy het hom sékerlik in die tempel ingevat!"

“En al die kennisgewings is hier baie duidelik selfs in Grieks en Latyn - slegs Jode mag die tempel ingaan!” kerm 'n ander Jood.

Paulus het wél saam met Trofimus, 'n Griek deur die stad gestap maar hy is dééglik bewus daarvan dat dit gróót sonde sou wees om 'n heiden in die tempel in te neem, hulle mag nie 'n tree verder as die voorhof gaan nie! Dus maak Paulus séker dat die manne saam met hom daar wegbly. Hy is dus totaal onskuldig aan die dinge wat hierdie omgesukkelde Jode hom hier toedig!

Die ontstoke Jode roep hulle volksgenote nader en dan neem hulle sommer aan dat Paulus die tempel verontreinig het met heidene. Hulle gryp hom en sleep hom hardhandig uit die tempel uit. Baie gou is daar 'n klomp nuuskieriges wat wil weet wat aan die gang is. Binne sekondes weet almal dat Paulus 'n baie ernstige misdaad gepleeg het en in 'n japtrap is daar 'n oproer! Binne 'n ommesientjie is die hele stad daar. Inderhaas sluit die priesters die tempeldeure om te voorkom dat die tempel nog verder ontreinig word deur 'n moord ook. Terwyl hulle vir Paulus wegsleep, slaan hulle hom pimpel en pers. Die gepeupel is woedend en Paulus kry géén kans

om te verduidelik dat hy eintlik onskuldig is nie. Mense wil nie rede verstaan nie! Nou het hulle bloed geruik en hulle wil vir Paulus dáár en dan dood hê!

Intussen bereik die berig van die oproer die ore van die plaaslike kommandant in bevel van 1000 soldate van die Romeinse garnisoen, Klaudius Lisius. Die Romeine het 'n kaserne, Fort Antonia reg langs die tempel aan die noordwestelike kant van die tempel gebou. Daar was trappies af na die tempelterrein sodat hulle baie gou op die toneel kan wees as dinge dalk sou skeef loop. Die tempel was beskou as 'n brandpunt waar humeure baie gou kon opvlam en gróót moeilikheid kon uitbreek. Dis darem so tragies dat júís die plek waar liefde gekweek moes word, die plek was waar mense mekaar aan die keel gegryp het!

Wanneer die kommandant van die moeilikheid hoor, vat hy dadelik 'n afdeling soldate om die opstand in die kiem te smoor. Die Jode bedaar sommer dadelik as hulle die soldate aangehardloop sien kom. Paulus word in hegtenis geneem en geboei met twee kettings. Klaudius probeer nog uitvind wat hierdie arme

drommel dan gedoen het dat die mense so kwaad is vir hom, maar die skare rumoer en skreeu só hard, dat die kommandant niks kan hoor nie!

“Vat hom kaserne toe!” beveel hy sy soldate en hulle begelei Paulus na Fort Antonia. Die skare is egter só kwaad vir Paulus, dat die soldate genoodsaak is om hom na die kaserne te dra terwyl die skare woedend skreeu: “Weg met hom! Weg met hom!”

Nou het die uitsprake van Agabus en ander gelowiges almal waar geword. Maar Paulus skram nie vir één oomblik weg hiervan nie. Hy is bereid om die volle pad enduit te loop, al gebeur wát ookal!

Paulus se prediking was nie maar net lippetaal en mooi woordjies nie. Hy het gedoen presies wat hy gepreek het. Hierdie was die taal van sy hande en sy voete, inderdaad van sy hele lewe!

Ek en jy moet biddend sorg dat ons lewe ook, soos dié van Paulus, wys dat ons nie van vervolging sal wegskram nie. Vervolging is vandag gewoonlik baie meer subtiel as in Paulus se tyd. Dit is dikwels 'n sielkundige aanval wat poog om ons af te kraak. Dikwels kom dit ook in

die vorm van leuens wat doelbewus versprei word. Wees bedag daarop en staan op vir die Here ten spyte van die aanvalle.

Nét voordat hulle hom die kaserne indra, draai Paulus na die kommandant en vra in suiwer Grieks vir hom: “Mag ek u iets vra?”

Klaudius steek in sy spore vas, geskok dat iemand uit hierdie geweste hom aanspreek in sy eie taal: “Ken jy dan Grieks?” wil hy weet. Nou is hy totaal oorbluf. Hierdie man is beslis nie 'n Jood nie en nog minder is hy 'n Egiptenaar! “Dan is jy nie die Egiptenaar wat in opstand gekom het nie?”

Hoeveel opofferings is ek en jy bereid om te maak vir die uitbreiding van God se Koninkryk? Is ons werklik bereid om absoluut alles op die spel te plaas? Is ons bereid om ons reputasie, ons vryheid, gemak en vriende op te offer vir die Evangelie? Nie eers gepraat van ons vryheid en selfs ons lewe nie. Inderdaad is daar mense wat bereid is om absoluut alles op te offer vir die Evangelie. As jy luister na die verhale wat vertel word deur organisasies soos Geopende Deure dan kom jy agter dat daar selfs vandag nog baie Paulusse is! Bid vir hulle! Hulle het ons gebede

bitter nodig om staande te kan bly in die verskriklike stryd!

Gebed:

Here, my hart gaan vandag uit na elkeen wat gemartel en vervolg word ter wille van die Evangelie!

# Paulus se Toespraak

## Handelinge 21:37 tot 22:22

**VIDEO** | **OUDIO**

Wanneer Paulus die kommandant Klaudius Lisius in sy moedertaal, Grieks aanspreek is die soldaat baie verbaas. Hy was oortuig dat hy daardie Egiptenaar was wat so baie moeilikheid veroorsaak het.

Die Egiptenaar ter sprake het homself voorgedoen as 'n profeet, so vertel die Joodse historikus Flavius Josefus. Hy het 'n klomp Jode opgesweep en hulle na die Olyfberg geneem. Daar moes hulle saam met hom wag vir die regte oomblik. Op sy bevel sou die mure van Jerusalem ineenstort, soos destyds met Jerigo en dan sou hulle al die Romeine uit die stad uit verdryf. Daar was 'n reuse skare mense in groot afwagting saam met hom op die Olyfberg.

Voordat hy egter sy daad kon uitvoer, slaan die Romeinse garnisoen op hulle toe en maak 'n klomp van hulle dood. Die Egiptenaar het die woestyn van Judea ingevlug saam met vierduisend van sy volgelinge!

Nee, Paulus is nié daardie Egiptenaar nie, so lig hy die kommandant in. Hy is inderdaad 'n Jood maar nie sommer enige plaaslike Jood nie, hy is afkomstig uit die belangrike kultuurstad Tarsus in Silisië en hy is boonop 'n burger van daardie stad. Die kommandant moet dus besef dat Paulus Romeinse burgerskap het en dat hy dus voorregte het wat die gewone Jode nie het nie. “Laat my asseblief toe om die volk toe te spreek,” versoek hy vir Klaudius.

Die kommandant staan sy versoek toe en Paulus gaan staan op die trap en draai na die rumoerige skare. Hy hou sy hande in die lug en die mense raak stil. In perfekte Aramees spreek Paulus die skare toe en skielik heers daar 'n doodse stilte dat jy 'n speld kan hoor val!

Dalk moet ek dit net hier noem, dat wanneer die Nuwe Testamentiese skrywers praat van Hebreeus, dan word daar eintlik verwys na die algemene spreektaal van die Jode, Aramees. As Lukas dus in Hand. 21:40 sê dat Paulus in Hebreeus met hulle praat, dan bedoel hy Aramees.

“Broers en vaders, luister na wat ek nou tot my verdediging vir julle wil sê,” begin Paulus baie

beleefd. Almal luister aandagtig wanneer Paulus vertel wie hy is en waar hy vandaan kom. Hy is 'n rasegte Jood uit Tarsus. Volgens sy afkoms móét hy 'n eerbare man wees.  En dan het hy boonop onder die beroemde en gerespekteerde Gamaliël gestudeer, waar hy volgens die streng opvattings van die wet van Moses opgelei is. “Ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle vandag is,” vertel hy en hulle respek vir hierdie groot man styg nóg hoër.

Paulus maak dit baie duidelik dat hy nie besig is om die een of ander vreemde godsdiens te verkondig nie en boonop is hy gladnie vyandig teenoor die Joodse tradisies nie. Hy respekteer dit en sy agtergrond getuig daarvan.

Dan vertel hy hoe hy destyds die Christene vervolg het en mans en vrouens in die tronk laat stop het. “Vra maar vir die hoëpriester, hy en die hele Joodse Raad sal dit alles bevestig!” vertel hy smalend. “Ek het selfs bekendstellingsbriewe van hulle gekry om die Christene te gaan jag so ver as Damaskus!” voeg hy by.

“Het ons onsself dan totaal misgis met hierdie eerbare man?” vra 'n paar ou ringkoppe vir mekaar.

Sien ons hier 'n totaal ander sy van Paulus? Beslis nie! Hy probeer maar net om die skare se volle aandag te kry sodat hy aan hulle die ware blye nuus, die Evangelie van Jesus kan meedeel.

Wanneer Paulus die vertroue van die skare het, vertel hy van sy Damaskuservaring. Hy vertel dat hulle besig was om te reis na Damaskus om daar die mense van “die Pad” (soos Christene daardie tyd genoem is) te gaan vervolg, toe daar skielik 'n helder lig uit die hemel skyn wat hom totaal verblind het. Al sy reisgenote het die lig gesien.

Paulus vertel vir die skare, wat steeds met volle oorgawe na hom luister, dat hierdie Jesus van Nasaret sy lewe dramaties verander het. Na sy ontmoeting met Jesus het hy 'n totale nuwe visie en lewenstaak gehad. Om die waarheid te sê, die Here het hom aangestel as getuie van Sy opstanding!

Na sy Damaskuservaring is hy terug na Jerusalem toe. Hy het daar in die tempel gaan bid soos wat hy al sóveel keer gedoen het. Daar, terwyl hy in gebed was het hy 'n geestesvervoering beleef. Hy het 'n visioen

gehad waar hy vir Jesus gesien het. Die Here het hom gewaarsku om dadelik uit Jerusalem weg te gaan want die mense sou nie sy boodskap aanvaar nie. Paulus het dit begryp want dit was nog vars in almal se geheue dat hy die gelowiges wreed vervolg het en selfs betrokke was by Stefanus se steniging. Sy opdrag van Jesus het egter meer behels want hy moes weggaan om die Evangelie na die heidene toe te neem!

Skielik was die skare woedend! "So ‘n man behoort nie eers te bly lewe nie! Weg met hom! Hy verdien die doodstraf!” weerklink die gille!

Maar hieroor sal ons more verder lees. Mag hierdie dag vir jou ‘n besondere een wees, propvol opwinding en gevul met die goedheid en liefde van God.

Gebed:

Here, maak my asseblief ook soos Paulus, onverskrokke om die blye boodskap van U verlossing te verkondig!

# Moeilikheid!

## Handelinge 22:22-23:5

VIDEO | OUDIO

Soms kan baie ernstige dinge komies raak, soos daardie storie oor die beroemde (of is dit dalk berugte?) C J Langenhoven wat per geleentheid tydens 'n hewige debat in die parlement opgespring en woedend die stywe spul parlementariërs toegesnou het met: "Die helfte van julle is 'n spul bobbejane!" Toe die woedende klomp eis dat hy sy woorde terugtrek sê hy doodluiters: "Goed, ek trek my woorde terug: Die helfte van julle is NIE bobbejane nie!" Dit het 'n hele ruk geneem voordat hulle besef het dat hy hulle eintlik nog steeds sleggesê het!

Die skare was woedend toe Paulus vertel dat hy deur God geroep is om die Evangelie aan die heidene te gaan bring en hulle het aanhou skreeu: "Weg met hom! Weg met hom!" Hulle het stof in die lug gegooi om hulle bittere misnoë te kenne te gee en dit ook duidelik te maak dat hulle nie Paulus se "Godslastering" oor hulle wou laat kom nie.

Die kommandant kon sien dat hier 'n baie lelike ding aan die kom was, dus gryp hy in om die saak te beredder en vat Paulus in die kaserne in. “Gésel hom, dan sal ons uitvind wat hy werklik gedoen het!” beveel hy sy soldate. 'n Goeie dosis lyfstraf sou die belhamel beslis aan die praat kry! Omdat Paulus die skare in Aramees toegespreek het, het hy nie verstaan waaroor die hele ding gegaan het nie en hoekom die mense hom dan wou doodhê nie.

Die manne gehoorsaam en hulle bind vir Paulus aan 'n paal vas. Dit sou nie die eerste keer wees wat Paulus hierdie wrede straf sou deurmaak nie en hy het geweet presíés watter nagmerrie op hom sou wag. Dan draai Paulus ewe kalm na die kaptein: “Sê my, mag julle 'n Romeinse burger gésel? En dít boonop nog sonder 'n verhoor?”

Die man skrik hom spierwit! As hulle vandag vir Paulus gésel, is hulle kniediep in die sop, want hy het die Romeinse reg aan sy kant. “Wat gaan u doen?” vra hy verskrik vir die kommandant, “Hierdie man is 'n Romeinse burger!”

Die kommandant wou dóódseker maak dat hulle nie vandag hier 'n gruwelike fout begaan nie: “Sê

my, is jy 'n Romeinse burger?” As Paulus bevestigend antwoord, vertel hy dat hy sélf Romeinse burgerreg het, maar dat hy duur moes betaal vir daardie voorreg.

“Ek het dit deur geboorte gekry,” deel Paulus hom mee.

Nou het die offisier sommer groot respek vir Paulus: “Maak hom los! Toe, góú!” skree hy vir die verskrikte soldate. Hy besef dat hy eintlik al klaar in die moeilikheid is nét omdat hy vir Paulus laat boei het. Nou moet hy báie versigtig wees hoe hy die saak verder gaan hanteer. As Paulus maar net 'n gewone Jood was, kon hy hom verinneweer nés hy wou. Maar 'n Romeinse burger is 'n bevoorregte mens. Aan hom mag jy nie raak sonder baie goeie rede nie! Hy ril as hy dink wat die gevolge sou wees as hy voortgegaan het en Paulus laat gésel het. Dit sou die einde van sy loopbaan beteken het, en dalk nog baie erger. Hy wil nie eers daaraan dink nie!

Die volgende dag roep die kommandant, Klaudius Lisius, die Joodse Raad en priesterhoofde bymekaar. Hy wil agter die kap van die byl kom. Hy wil nou weet waarom hierdie

gesiene manne dan so giftig is teenoor Paulus. Wat het hy so verskriklik verkeerd gedoen?

Wanneer almal bymekaar is, bring hy vir Paulus in. Vreesloos kyk Paulus die klomp nors gesigte vierkant in die oë: “Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het.”

Annanias, die hoëpriester is sommer dadelik woedend. Hoe kan hy nog sê dat sy gewete skoon is na alles? “Slaan hom op sy mond!” skree hy vir een van sy onderdaniges.

Annanias was 'n berugte figuur, gierig en gewelddadig en boonop was hy baie danig met die Romeine. Hieroor is hy uiteindelik in 66nC vermoor deur Joodse nasionaliste.

“God sal jou slaan, jou skynheilige witgeverfde graf!” snou Paulus hom toe wanneer die vuishou hom vol in die gesig tref. “Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor en dan handel jy sélf teen die wet deur my te laat slaan!” Die wet is baie duidelik dat jy nie iemand mag slaan voordat hy nie skuldig bevind is nie.

Die mense is geskok oor Paulus se heftige reaksie: “Skel jy die hoëpriester van God uit?”

Vir 'n oomblik is Paulus uit die veld geslaan. Hy het nie besef dat Annanias die hoëpriester is nie en dan vra hy dadelik om verskoning en hy voeg by dat 'n mens respek moet hê vir jou volksleiers.

Paulus kan sy tong afbyt oor sy uitbarsting want hiermee het hy nou ál sy kanse om die Raad se goedgesindheid te wen, verbrou. Nou sal hy blitsvinnig 'n nuwe strategie moet uitdink as hy sy eie bas wil red.

Skielik tref ‘n gedagte hom. Heimlik vorm 'n glimlag om sy mondhoeke. Al wat hy moet doen is om die twee faksies, die Fariseërs en Sadduseërs teen mekaar af te speel......

Maar vir hierdie slim plan van Paulus sal ons maar tot Maandag moet wag!

As gelowiges moet ons te alle tye ons liefde uitleef, selfs wanneer ons vervolg word. Dit beteken egter nie dat ons nou maar 'n vloermat moet word en gelate toelaat dat almal op ons trap nie! Gelowiges het óók regte nés al die ander mense en ons mag nie toelaat dat ons regte van ons ontneem word nie.

Die vraag is of jy dit maar net gelate moet aanvaar as jou werkgewer jou byvoorbeeld soos 'n vloerlap behandel? Nee beslis nie! Maar jou optrede teen hierdie buffel moet voldoen aan die voorskrifte van die Bybel. Paulus het baie slim van sy regte gebruik gemaak. Ons moet dieselfde doen!

Gebed:

Here, dankie dat ek die reg aan my kant het. Gee my asseblief die wysheid om dit met vrug te gebruik!

# Chaos in die Joodse Raad

## Handelinge 23:6-11

**VIDEO | OUDIO**

Terwyl Paulus voor die Joodse Raad is, noem hy die hoëpriester 'n “witgepleisterde graf.” Hy het nie besef dat dit die hoëpriester was nie. Dit is interessant dat Jesus óók per geleentheid die Fariseërs witgepleisterde grafte genoem het!

Hierdie uitlating van Paulus het hom nou egter die gramskap van die Raad op die hals gehaal. Hulle laat nie iemand hulle hoëpriester só beledig nie! Nou moet Paulus baie vinnig dink om homself uit hierdie gemors te wurm.

Eers vra hy mooi om verskoning en verduidelik dat hy nie geweet het nie. En sommer in dieselfde asem vertel hy dat hy 'n gerespekteerde Fariseër is uit 'n hele familie van Fariseërs. “En ek word eintlik vandag verhoor omdat ek vas glo dat daar 'n opstanding uit die dood is!”

Hierdie is 'n baie slinkse skuif van Paulus, al lyk dit op die oog af baie onskuldig. Paulus weet baie goed dat die Joodse Raad saamgestel is uit

Fariseërs sowel as Sadduseërs. En hierdie twee groepe glo nie eenders oor die hiernamaals nie. Die Fariseërs glo dat daar lewe is na die dood, en dit is een van die redes waarom hulle die wet so nougeset nakom, om die ewige lewe te kan verwerf.

Die Sadduseërs aan die ander kant, glo nie dat daar lewe na die dood is nie. Jy leef eenmaal en tydens daardie lewe moet jy God voluit dien. Wanneer jy egter die dag jou oë toemaak is alles vir jou verby vir ewig. Hulle beweer selfs dat daar nie sulke dinge soos engele of geeste bestaan nie. (Nou wonder ek hoe hulle dan hulle Bybel gelees het? Wat van die talle beskrywings van engele in die Ou Testament?)

Deur hierdie opmerking te maak, gooi Paulus nou 'n baie sensitiewe klip in die bos en sommer dadelik begin 'n hewige stryery losbreek tussen die twee groepe. En Paulus? Hy glimlag in sy mou! Eintlik het Paulus die waarheid so 'n effentjies verdraai toe hy vertel het dat hy so 'n groot Fariseër is, want in sy brief aan die Filippense skryf hy later dat sy Fariseërskap eintlik vir hom waardeloos is.

In die debat tussen die Fariseërs en die Sadduseërs word daar oor en weer verwyte geslinger. Dis eintlik 'n lagwekkende situasie want die Fariseërs begin later vir Paulus kant kies. Hulle erken selfs dat “Iemand” wél aan Paulus verskyn het op die pad na Damaskus en met hom gepraat het. Hulle erken nou wel nie dat dit Jesus was nie maar dit kon dalk 'n engel of die gees van die een of ander afgestorwe heilige gewees het!

“Ons het niks teen hierdie man nie!” verdedig hulle naderhand vir Paulus. En diep in sy binneste skater Paulus dit uit van die lag: hy het bereik presies wat hy wou bereik!

Kommandant Klaudius Lisius kyk hierdie woedende spul hoogwaardigheidsbekleërs grootoog aan en hy raak baie bang. Sê nou net die spul skeur vir Paulus uitmekaar, dan sit hy vandag met 'n gróót gemors op sy hande. Dus beveel hy sy soldate om Paulus te red en terug te neem na die kaserne.

Daardie nag, terwyl Paulus rustig in sy bed lê in die veiligheid van die kaserne, gebeur daar 'n ding met hom waarvan enige gelowige maar net kan droom: Vir die derde keer in sy lewe verskyn

Jesus aan hom. “Hou moed!” vertroos Jesus hom. “Hier in Jerusalem het jy vir my getuig. So moet jy in Rome óók doen.”

Paulus se hart klop woes in sy borskas. Het hy reg gehoor? Rome?! Hoe lank droom hy nie al daaroor om na Rome te kan gaan om daar in die hartjie van Sodom en Gomorra vir die Here te kan getuig nie! En hier kry hy die belofte uit die mond van Jesus persoonlik dat hy na Rome gaan. Paulus is só opgewonde dat hy die hele nag nie 'n oog kan toemaak nie. “Dankie Here, Dankie, dankie, dankie,” prewel hy en dan begin hy sommer spontaan sing, nes hy en liewe ou Silas dit gedoen het daardie nag in die tronk in Filippi:

“*Ek wil die Here prys!*
*Ek wil die Here prys so lank ek lewe,*
*ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is!*
*Dit gaan goed met die mens*
*wat sy hulp van die God van Jakob ontvang,*
*die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God!*”

Paulus leer vir ons as gelowiges vandag om strategies te dink. Jy moet jou kop gebruik

wanneer jy die blye boodskap van Jesus wil uitdra. Partymaal vra die situasie van ons om die waarheid luid en onverskrokke uit te basuin. Ander kere weer in doodse stilte. Persone wat uitreik na lande waar dit verbode is om die Evangelie uit te dra, “plant” dikwels die boodskap deur 'n koevert met die Evangelieboodskap op 'n tuinbankie of 'n ander strategiese plek te “vergeet”. Die regte persoon sal dit wél optel en lees en dan is die saad gesaai! Op hierdie wyse het talle mense al tot geloof gekom.

Soms is dit selfs reg om onenigheid te saai soos wat Paulus gedoen het. Ek is byvoorbeeld lief daarvoor om 'n totaal omstrede ding te sê wanneer ek saam met ander gelowiges is. Dit lok gewoonlik 'n hewige bespreking uit en laat mense dink oor wat waarlik reg is.

Gebed:

Here, leer my asseblief om slim te wees wanneer ek die Evangelie uitdra. Gee my wysheid om die regte strategie te gebruik!

# Die Komplot

## Handelinge 23:12-35

**VIDEO** | **OUDIO**

Drama, drama! Paulus se “verhoor” voor die Joodse Raad eindig in ‘n totale wanorde, waar die Fariseërs en Sadduseërs mekaar aan die keel wil gryp. Kommandant Klaudius Lisias moet haastig spring om Paulus te red en daarna plaas hy hom weer in aanhouding.

'n Klompie beswaarde manne is bymekaar, veertig van hulle. “Hierdie Paulus is besig om 'n bespotting van ons Jode te maak!” tier een kêrel heftig ontstoke.

“Ja,” brom 'n ander, “maar wat kan ons teen hom doen? Daardie Romeinse kommandant beskerm hom, ons kan nie naby hom kom nie.”

“En as hy voor die Raad gedaag word, dan maak hy verder moeilikheid tussen die manne. Kyk nou maar net watter chaos hy nou die dag in die Raadsvergadering veroorsaak het! Hy is so slim soos die houtjie van die galg!”

“Manne, daar is net één uitweg: ons moet permanent van hom ontslae raak!”

“Jy bedoel dat ons hom moet vermoor?”

Hierdie manne is Selote, fanatiese Jode wat selfs tot geweld sal oorgaan om die Joodse geloof te beskerm. Die wet van Moses, die tempel en Godsdienstige reinheid moet ten alle koste gehandhaaf word en niemand kom in hulle pad nie, nie die Romeine nie en ook nie iemand soos Paulus wat nou vir hulle 'n ernstige bedreiging geword het nie!

So sit die manne tot in die vroeë oggendure en strategieë uitwerk presies hoe hulle Paulus in die hande gaan kry. Uiteindelik het hulle 'n onfeilbare plan. Absoluut níks kan skeefloop nie! Die manne neem saam 'n eed dat nie een van hulle van nou af 'n krummeltjie oor hulle lippe sal neem voordat Paulus dood is nie. Dit behoort in elkgeval nie langer as 'n dag of twee te neem om hulle bose plan uit te voer nie. “Mag God ons vervloek as ons dit nie doen nie!” sê hulle vir mekaar.

Die volgende oggend gaan 'n afvaardiging met hulle plan na die ringkoppe, die priesterhoofde en die familiehoofde. “Ons het 'n briljante plan,”

vertel hulle. “Ons het 'n dure eed afgelê om nie ons mond aan enige kos te sit voordat ons Paulus doodgemaak het nie. Al wat ons vra is dat julle met Klaudius gaan gesels en hom oorreed om weer vir Paulus voor die raad te bring sodat hulle die saak noukeuriger kan ondersoek. Ons sal hom dan voorlê en wanneer hy op pad is hierheen sal ons toeslaan en hom vermoor.”

Die manne is sommer dadelik ingenome met die idee. Hulle is lús vir Paulus want hy het 'n bespotting van hulle gemaak!

Maar hulle het nie rekening gehou met God nie. Hy beskik dat die verkeerde persoon (dis nou vir hulle!) te hore kom van hierdie bose komplot. Paulus se suster woon in Jerusalem. Wanneer haar seun baie vertroulik by een van sy maats verneem van hulle bose plan, is hy baie bekommerd oor sy Oom Paulus. Stilletjies sluip hy na die kaserne sonder dat een van die Selote hom opmerk en dan gaan deel hy die ontstellende nuus aan Paulus mee. “Wat gaan ons maak, Oom Paulus? Hulle gaan jou doodmaak!” Die mannetjie is bitter bekommerd.

“Aag toemaar, dit is gladnie so ernstig nie,” lag Paulus. “Hulle wou my al talle male doodmaak. Hulle sal dit ook nie hierdie keer regkry nie want ek het 'n belofte van die Here gekry dat Hy my na Rome gaan stuur. Hy sal my weer red soos wat Hy al sóveel keer gedoen het.”

Dan vat Paulus die jongman aan die arm: “Sal jy my 'n guns doen? Gaan vertel vir Kommandant Klaudius wat jy gehoor het.”

Die seun skrik hom yskoud by die blote gedagte aan hierdie hoë offisier. Maar dan roep Paulus een van die kapteins nader: “Neem asseblief hierdie jongman na Klaudius, hy het 'n dringende boodskap vir hom.”

Die kaptein maak so en dan kom die seun met die hele sak patats vorendag en vertel vir Klaudius van die komplot. “Bly asseblief doodstil hieroor,” sê Klaudius vir hom, “moenie vir enigiemand sê dat jy dit vir my vertel het nie.”

Klaudius besef dat hy baie vinnig sal moet spring as hy Paulus uit hierdie gemors wil red. Hy laat roep sommer dadelik twee van sy offisiere en gee opdrag dat Paulus onmiddellik onder swaar bewaking na die goewerneur in Sesarea geneem moet word. Só belangrik is Paulus se lewe vir

hom dat hy die helfte van sy weermag, 470 man stuur om Paulus veilig te hou.

Opgewonde kom die offisier by Paulus aan: “Maak reg, ons vertrek nege-uur vanaand.”

Dan skryf die kommandant 'n brief en hy begin met: “Van Klaudius Lisias. Aan die hooggeagte goewerneur Feliks. Groete.”

In sy brief beskryf hy in groot detail van Paulus en dat sy mening is dat Paulus onskuldig is en dat hy beslis nie die doodstraf of selfs tronkstraf verdien nie. Die Joodse Raad moet nou maar na Sesarea gaan om hulle hofsaak teen Paulus te gaan voer. In sy brief vermeld hy egter nêrens dat Paulus 'n Romeinse burger is nie, en nog minder vertel hy van sy groot blaps dat hy so ampertjies vir Paulus laat gésel het.

Wanneer die Here 'n doel met jou lewe het, sal Hy nie toelaat dat énigiets of iemand in jou pad staan nie. Vertrou net op Hom – Hy sal voorsien, dikwels uit die mees onverwagse oord!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag my hele lewe in U bekwame hande kan gee, met die wete dat U in volle beheer is!

# Die Slinkse Advokaat

## Handelinge 24:1-23

**VIDEO | OUDIO**

Ons het die afgelope paar jaar hofsake beleef wat ‘n mens se hare laat regop staan. Sommige van hierdie sake was in ‘n sekere sin selfs lagwekkend en die manier wat advokate rondgespring het om hulle saak te stel, het jou kop laat duisel.

En nou sit ons met nóg ‘n hofsaak: die Paulus-verhoor. Maar wag, kom ons begin by die begin!

Antonius Feliks word in 52 nC. aangestel as goewerneur, 'n pos wat hy in Sesarea beklee tot 59 nC. Wat sy aanstelling merkwaardig maak is dat hy aanvanklik 'n slaaf was. Sy broer se kontak met keiser Klaudius besorg hom egter sy fenominale opgang in die lewe. Onder die Jode was hy nou nie juis gewild nie en daar was gedurig konflik tussen hulle. Hy was die hoofoorsaak dat die Jode hulle toenemend verset het teen die Romeinse owerhede. En nou kry hy die “voorreg” om Paulus te verhoor!

Vyf dae na Paulus se aankoms in Sesarea daag 'n hoëvlak afvaardiging op uit Jerusalem om 'n formele aanklag teen Paulus te kom lê. Die hoëpriester Ananias word vergesel van 'n klompie familiehoofde en 'n advokaat met die naam Tertullus. Die advokaat se strategie is om Paulus voor te hou as 'n Joodse onrusstoker en dus 'n gevaar vir die samelewing. As hy in sy doel slaag, sal Paulus deur die Romeine tereggestel word.

Wanneer hulle voor die goewerneur te staan kom, haal Tertullus eers die heuningkwas uit en smeer dit mildelik om Feliks se mond. Feliks word geprys dat hy vir die Jode rus en vrede gebring het en dat hy baie verbeteringe aangebring het vir die volk. Hy kan nie genoeg beklemtoon hoe dankbaar hulle is vir wat Feliks alles vir hulle gedoen het nie. Dit is natuurlik die toppunt van skynheiligheid want ons wéét mos hoe die Jode die man haat! Na hierdie heuningsmeerdery stel Tertullus sy aanklag teen Paulus: daar is drie ernstige klagte teen hom.

Klag een is dat Paulus skeuring bring in die Joodse geledere regdeur die wêreld. Hy word voorgehou as 'n politieke onrusstoker wat die

harmonie binne die Joodse geledere versteur. Hierdie is 'n baie ernstige aanklag, want die Romeine is baie gesteld daarop dat vrede ten alle koste in die Romeinse ryk gehandhaaf moet word.

Klag twee is dat Paulus 'n leiersfiguur is in die “dwaalrigting van die Nasareners.” Hy word met ander woorde beskou as een van die leiers van hierdie sogenaamde afskeidingsbeweging wat baie beslis nie die goedkeuring wegdra van die Joodse Raad nie.

Klag drie is dat hy die Tempel verontreinig het. Die Romeine het die Jode baie vryheid gegee oor hoe hulle die tempel kon inrig volgens hulle eie godsdienstige voorskrifte. Hulle het selfs die reg gehad om enige heiden wat dit sou waag om die tempel te betree en sodoende verontreinig, dood te maak! Volgens Tertullus het Paulus géén eerbied vir die tempel nie.

Tertullus is baie seker van sy saak: “U kan hom gerus maar onder kruisverhoor neem,” sê hy vir Feliks, hoogs tevrede dat hy 'n waterdigte saak het. Hier het Paulus beslis nie 'n kat se kans om los te kom nie!

Feliks knik sy kop in Paulus se rigting en dadelik val Paulus weg deur vir Feliks te sê dat hy vertroue het in die goewerneur se integriteit.

Op die eerste aanklag sê Paulus dat hy slegs twaalf dae in Jerusalem deurgebring het. Dis mos gans onmoontlik om 'n hele stad in beroering te bring in só 'n kort tydjie! Hy het na Jerusalem gekom met één doel voor oë, om God te aanbid. Nêrens het hy met enigeen gestry nie of enigiemand probeer aanhits nie. Hierdie aanklaers het géén bewyse in hierdie verband nie!

Die aanklag dat hy 'n leier in die kerk is, verdedig Paulus gladnie. Hy wil dit egter baie duidelik stel dat hierdie gladnie 'n dwaalleer is soos hulle beweer nie en dat dit volkome in ooreenstemming is met alles wat in die Joodse geskrifte geleer word. Hy glo steeds elke woord wat in die Bybel staan! Hy glo stééds in slegs een God en hy aanvaar die wet en die profete asook die opstanding uit die dood en die finale oordeel van God.

Die derde klag, dat hy die tempel ontheilig het, is óók ongegrond want hy het júís na Jerusalem gekom om Jode te kom help. Hy het 'n kollekte

saamgebring om vir die Jode te gee. En sy besoeke aan die tempel was allesbehalwe ontheiliging, dit was in der waarheid deel van 'n reinigingshandeling! En terwyl hy daarmee besig was het die Jode uit Asië hom gegryp en vals beskuldig. Hy wys vir Feliks daarop dat dit eintlik hierdie Jode uit Asië moet wees wat aanklagte teen hom moet bring maar hier is nie 'n enkele een van hulle teenwoordig nie!

Hy sê verder dat die enigste dispuut wat óóit ter sake gekom het, die een is oor die opstanding uit die dood. Die goewerneur kan hom tog nie vonnis oor sy standpunte oor die lewe na die dood nie? Verder is daar absoluut géén grondige regsaak teen hom nie!

Druipstert is die Joodse afvaardiging weg. Paulus bly egter in aanhouding maar hy het 'n groot mate van vryheid. Hy kan selfs besoekers ontvang en hy word toegelaat dat sy mense vir hom sorg.

Die Here het nog 'n groot taak vir Paulus gehad en daarom kon selfs die skerpste advokaat nie hond haaraf maak met sy verhoor nie. Wanneer die Here vir my en jou 'n taak het, sal niks in ons pad staan nie. Dit beteken nie dat ernstige

probleme nie sal opduik nie, maar ek hoef my vir géén oomblik te bekommer wanneer die struikelblokke kom nie, want God is in beheer en géén struikelblok is vir Hom te groot nie!

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend kan weet dat U ook 'n plan het met my lewe. Gee my die geduld om te wag dat U plan ten uitvoer kom!

# Net Nie Nou Nie!

# Handelinge 24:24-27

**VIDEO | OUDIO**

Goewerneur Feliks het Paulus se aanklaers, die Joodse raad en hulle "slim" advokaat, huistoe gestuur en Paulus het in aanhouding gebly. Paulus is egter nooit gevonnis nie en hiermee het Feliks dus laat blyk dat Paulus onskuldig was. Nogtans moes hy in die tronk bly. Waarom?

Lukas noem twee moontlike redes. Die eerste is dat Feliks onder die wanindruk verkeer het dat Paulus sy hande op baie geld kon lê en dat hy dalk vir Feliks kon omkoop om hom vry te laat. Moontlik het die feit dat Paulus genoem het dat hy geld vir die Christene in Jerusalem gebring het, bygedra tot Feliks se wanpersepsie. Of dalk het hy gedink dat Paulus se vriende nóg so 'n ou bydraetjie by die gemeentes sou kon kry en vir hom bring. Sy vriende het hoeka vrye toegang tot Paulus gehad in sy aanhouding, dus kon hulle dit mos maklik reël! Maar hy het nie met Paulus se integriteit rekening gehou nie.

Die tweede rede was ‘n bietjie meer gekompliseerd. Jy sal onthou dat Feliks nou nie juis die Nobel Prys gewen het vir gewildheid onder die Jode nie. Die feit dat die advokaat van die Joodse Raad hom so heuning om die mond gesmeer en opgehemel het as die wonderlikste regeerder, het Feliks sekerlik nie geflous nie. Hy was immers deeglik bewus van die passie waarmee die Jode hom gehaat het. Die feit dat hy met ‘n Joodse vrou getroud was, het hulle min geskeel. Feliks wou egter ‘n bietjie salf smeer aan sy verhouding met die Jode. Uiteraard regeer hy oor hulle en dit is maar net natuurlik dat ‘n bietjie meer samewerking van hulle kant af vir hom baie werd sou wees. Dus besluit hy om Paulus in die tronk te hou om die Jode se guns te probeer wen. En so sit Paulus vir twee jaar in die gevangenis in Ceasarea onder Feliks se regering.

Paulus het egter géénsins ledig daar gesit nie. Hy het die tyd uitgekoop en sy verblyf in die tronk vrugbaar gemaak. Hy het daar gedoen wat hy die heel beste kon doen, naamlik om die Evangelie te verkondig.

Feliks het baie gou agtergekom dat Paulus beslis nie ‘n pampoen is nie en dat hierdie man eintlik besonder interessant is. Op ‘n dag sê hy vir vroulief Drusilla dat sy tog moet kom luister na hierdie man......

Hier moet ek net eers noem dat Drusilla wel ‘n Jodin was, maar sy was nie sommer net enige hierjy Joodse niggie nie. Nee, sy was die dogter van die berugte Herodus Agrippa I. Sy was dus Herodus Agrippa II se suster. Sy was eers getroud met koning Asis van Emesa, maar op ‘n dag fluister ‘n towenaar met die naam Atomos in haar oor dat sy van die koning moet skei, wat sy toe ook baie gehoorsaam doen en toe trou sy met Feliks. Hierdie was ook nie sy eerste huwelik nie. Drusilla was die derde vrou wat saam met hom voor die “kansel” kom staan het.

Feliks was baie geïnteresseerd in hierdie Godsdiens van Christus wat Paulus verkondig het en saam met sy dierbare vroutjie vra hulle hom uit hieroor. Dalk het Feliks gedink dat hy ‘n baie mooi, maanlig-en-rose godsdiens sou kry wat hom en sy bruidjie op ‘n veerligte bootjie via Kammaland na die saligheid sou bring!

Paulus het egter ‘n totaal ander Evangelie verkondig en vir hulle vertel wat dit werklik beteken om in die regte verhouding met God te wees. Hy verduidelik van gehoorsaamheid en selfbeheersing, iets wat totaal benede enige Romeinse goewerneur en sy liefie se waardigheid is! Dan breek hy vir hulle die slegte nuus: daar is ook ‘n oordeelsdag! En dít is iets waarby niémand verby kom nie! Hierdie gedagte het vir Feliks aan die hart gegryp en hy het baie bang geword. “Dis nou genoeg!” wuif hy vir Paulus weg. “As ek tyd het sal ek later weer na jou luister.”

Feliks het nog twee jaar tyd gehad en inderdaad het hy wéér na Paulus geluister - verskeie kere! Maar nooit in al daardie tyd het hy sy hart oopgemaak vir die blye boodskap nie. Nogtans het Paulus nooit moed opgegee nie en maar net gedoen wat die Here vir hom gesê het om te doen. Vir géén oomblik het Paulus geskroom om die goewerneur kaalkop die waarheid te vertel nie. ‘n Klompie jare tevore het Johannes die Doper presies dieselfde gedoen. Sy beloning was dat Herodus Antipas sy kop laat afkap het. Johannes was deeglik bewus van die gevolge wat sy preek kon inhou. Nét so was Paulus

deeglik bewus van die moontlike gevolge van sy reguit woorde maar dit het hom min geskeel, solank hy die waarheid praat.

Twee dinge moet ons baie duidelik verstaan uit hierdie gedeelte: Die eerste is dat ‘n verhewe posisie, selfs ‘n goewerneur, minister of president ‘n mens nie vrystel van jou verantwoordelikheid om volgens God se wil te leef nie. Inteendeel: hoe hoër jou posisie is, hoe groter is jou verantwoordelikheid. Die tweede waarheid is dat iemand se hoë posisie jou nie moet afskrik om die volle waarheid van die Evangelie met so ‘n persoon te deel nie. Wees verseker dat die Heilige Gees jou sal lei, elke oomblik van jou gesprek!

Gebed:

Here, maak my vreesloos om die Evangelie aan elkeen uit te dra wat kan luister!

# God Verhoor Gebed!

## Handelinge 25:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Die arme Paulus sou seker in die tronk in Ceasarea doodgegaan het van ouderdom! Feliks het hom al twee jaar daar onskuldig aangehou nét om sy eie nuuskierigheid oor die Christen-geloof te bevredig. Of was hy dalk eerder bang dat hy in die Jode se slegte boekies sou kom as hy vir Paulus vrylaat? Hoe dit ookal sy, aan die einde van sy dienstermyn in Ceasarea, besluit hy om Paulus vir sy opvolger, Festus te los sodat dié darem óók 'n bietjie plesier kon hê.

Porkius Festus begin in 59nC in Ceasarea werk as die nuwe goewerneur. Vir hom is dit 'n uitdaging om hierdie spul rebelse Jode, waarvan hy nou al so baie gehoor het, te kom regsien. "Dalk moet ek hulle vertroue wen," redeneer hy en voeg sommer die daad by die woord. Skaars drie dae na sy aankoms in Ceasarea vertrek hy na die "kookpot," Jerusalem. En 'n kóókpot was dit inderdaad! Toe hy in Jerusalem uit sy luukse ryding klim, staan die Joodse Raad al klaar

gereed om hom te verpes oor hulle “geliefde” Paulus.

Met Feliks kon hulle nie hond haaraf maak oor Paulus nie, dalk sou hierdie nuwe besem skoon vee! “Hooggeagte goewerneur Festus, ons versoek u nederig om tog die uiters gevaarlike misdadiger, Paulus na Jerusalem te bring sodat hy hier verhoor kan word,” kom hulle met ’n skynheilige versoek. Hulle het al lankal hulle plannetjies agtermekaar gehad, want nes Feliks voor hom sou hierdie Porkius vent natuurlik óók vir Paulus onskuldig vind. Die enigste uitweg sou wees om ‘n sluipmoordaanval op Paulus uit te voer op die pad wanneer hy na Jerusalem gebring word.

Festus wou egter nie byt aan hulle versoek nie. In Ceasarea word Paulus aangehou en in Ceasarea sal hy verhoor word! “Stuur maar julle bekwaamste manne vir die verhoor,” sluit hy die saak finaal af.

‘n Week later is Festus terug in Ceasarea en nét die volgende dag staan die Jode gereed vir hom en wag vir Paulus se verhoor. Die arme Festus kry nie eers kans om sy voete behoorlik te vind in sy nuwe werk nie, dan vergal die Jode hom al

met hulle kleinlikheid. Hy gaan sit op sy regbank, en Paulus word ingebring. Dit is vet in die vuur vir hierdie Jode, want hulle was twee jaar gelede verneder toe Feliks die hofsaak hanteer het. Hierdie slag bring hulle ‘n klomp ernstige aanklagte in teen Paulus. Godsdienstige kwessies werk blykbaar nie met die Romeine nie, dus word die keiser se naam ingesleep en Paulus word as ‘n vyand van die (hoogheilige) keiser uitgekryt! Toe Festus uiteindelik orde bewerkstellig in hierdie deurmekaar hofsaak, gee hy Paulus die kans om homself te verdedig. Paulus trek sy skouers op: “Ek het rêrig niks verkeerd gedoen nie, nie teenoor die Joodse wette óf teen die keiser nie!” Toe Festus die Jode vra vir bewyse oor hulle bewerings, kon hulle ook nie ‘n enkele bewys lewer nie.

“Die saak is afgehandel - onskuldig!” sou ons verwag dat Festus sou sê. Maar nee, hierdie slinkse goewerneur wou steeds die Jode se guns probeer wen en toe speel hy sy troefkaart, of so het hy ten minste gedink: “Is jy bereid om in Jerusalem verhoor te word?” Paulus sien sommer dadelik waarheen hierdie ding gaan: as hy in Jerusalem verhoor moet word, is dit tiekits

met hom! Toe speel hy sy eie troefkaart: “Ek wil deur die keiser self verhoor word!”

Festus skrik hom skoon in ‘n ander geloof in! Paulus is ‘n Romeinse burger, dit het Feliks hom baie mooi laat verstaan. As hy apelleer teen ‘n hofbeslissing, dan het hy die volste reg om sy saak na die hoogste gesag, dié van die keiser te neem. Festus probeer nog raad kry van sy slim manne maar dié trek net hulle skouers op. Paulus het die volle Romeinse regstelsel agter hom! Tot groot frustrasie van die Jode lewer hy sy uitspraak: “Jy het jou op die keiser beroep - na die keiser toe sal jy gaan!”

Die wiel draai en uiteindelik is Paulus se groot droom bewaarheid, om na Rome te kan gaan met die Evangelie. Maar soveel anders as wat hy gedink het dat dit sou gebeur!

Ons bid dikwels vir iets om te gebeur, dalk selfs iets baie edel en dan gee die Here jou die antwoord dat Hy jou gebed sal verhoor. Maar tot jou groot frustrasie gebeur daar niks! En jy wonder of die Here jou dan vergeet het. En dan, op ‘n dag gebeur dit en jou gebed word beantwoord maar op ‘n totaal ander wyse as wat jy gedink en beplan het!

Ek self wou predikant word, maar dinge het net eenvoudig nie vir my uitgewerk nie, ten spyte van die feit dat die Here my die bevestiging gegee het van my roeping. Ek het baie gebid en gewonder daaroor. En toe gebeur hierdie internetbediening waar die Here my die wonderlike voorreg gegee het om daagliks duisende mense te bereik met die Evangelie. Ek loof die Here vir die asemrowende manier wat Hy dikwels gebruik om Sy Koninkryk uit te brei.

As jy dalk vandag moedeloos gewag is, wees net geduldig: God se tyd is perfek en Sy metodes baie, baie beter as ons beplanning!

Gebed:

Here, leer my geduld en leer my om te berus by die dinge wat U vir my beplan!

## ‘n Uitgelese Gehoor

## Handelinge 25:13-26:32

**VIDEO | OUDIO**

Kyk, as daar nou ‘n familie is wat my kop hééltemal deurmekaar maak, dan is dit die Herodus familie. In vandag se verhaal lees ons alweer van een van hulle: Herodus Agrippa II. Sy pa was koning van Judea vanaf 41 tot 44 nC, maar toe hy te sterwe kom was Agrippa II nog te jonk om hom op te volg. Toe sy pa se jonger broer, ook Herodus wat koning was oor Chalkis in Palestina sterf, word Agrippa II daar as koning aangestel deur keiser Klaudius. Toe was Agrippa maar ‘n skamele 21 jaar oud. Sy suster, Bernice het by hom gebly. Sy was met sy oorlede oom Herodus van Chalkis getroud. Feliks se vrou, Drusilla was op haar beurt weer Bernice se suster. As jy nou wil praat van ‘n deurmekaarspul!

Om ‘n lang storie kort te maak: Agrippa en sy suster, Bernice besluit om vir Festus te kom verwelkom in Ceasarea en hulle vereer hom met ‘n paar dae se kuier. Festus sien hier ‘n

geleentheid om ‘n oplossing te kry vir die turksvy wat Feliks vir hom agtergelaat het: Paulus. Dit is tog ironies dat Feliks vir Festus ‘n guns wou bewys om Paulus vir hom te los maar in plaas van ‘n guns, is Paulus vir hom net ‘n reuse kopseer! In groot detail vertel Festus vir Agrippa van die Joodse Raad wat Paulus aangekla het van die verskriklikste misdade maar toe die verhoor die dag kom, moet hy agterkom dat alles net gaan oor godsdienstige twispunte en nie oor ernstige politieke kwessies soos wat hy verwag het nie. Dit het gegaan oor “’n sekere Jesus wat dood is, maar Paulus beweer dat die Man lewe!”

Dit is baie duidelik dat Festus nie die vaagste idee gehad het wie Jesus is nie, of waaroor die bohaai gaan nie. Maar nou prikkel dit Agrippa se nuuskierigheid en hy wil hierdie Paulus hoor. Natúúrlik kan so ‘n “vertoning” gereël word en die volgende dag maak Festus toe sommer ‘n groot geleentheid daarvan. Almal wat saakmaak is daar, generaals, hooggeplaastes – al die héél belangrikstes. Natuurlik ook Agrippa en  Bernice. “Ek weet nou nie eintlik wat ek vir die keiser moet skryf nie,” bieg Festus teenoor Agrippa wanneer Paulus ingebring word. Hy vertel vir Agrippa hoedat Paulus hom op die keiser beroep

het vir ‘n verhoor maar hoe moet hy nou vir die keiser verduidelik wat die aanklag is?

Wanneer Paulus aan die woord kom, is hy in sy element. Wat ‘n wonderlike geleentheid word nie aan hom gebied nie! Hier sit ál die grootste kanonne van die land voor hom en hy het die vrye geleentheid om die Evangelie aan hulle te verkondig. Paulus laat nie op hom wag nie en met ‘n handgebaar begin hy sy lewensverhaal te vertel. Maar eers spreek hy sy innige dank uit teenoor Agrippa vir die geleentheid wat hy gebied word om met hulle te mag praat. Paulus sê dat al die Jode hom ken as ‘n Fariseër, die strengste onderhouers van die Joodse Godsdiens. Maar nou word hy júís veroordeel deur hulle op grond van die dinge wat die Skrif leer. Hy vertel van die tyd toe hy die Christene wreed vervolg het. Hy het die arme mense met straf gedwing om hulle geloof af te sweer en selfs die doodstraf vir hulle goedgekeur. Later het hy so ver gegaan om hulle in die buiteland te gaan uitsnuffel en hulle te vervolg!

Dit was juis op so ‘n buitelandse sending waar sy Damaskuservaring gekom het en Jesus Sélf aan hom verskyn het in ‘n verblindende lig. Daar het

Jesus hom die opdrag gegee om Sy getuie te wees. Met groot entoesiasme vertel Paulus vir sy toehoorders presies wat daardie dag gebeur het en wat dit alles beteken en natuurlik dat hy nie anders kon as om gehoorsaam te wees aan die opdrag van Jesus nie. Hy vertel ook hoedat hy van toe af gepreek het vir almal in Damaskus, Jerusalem en Judea en daarna vir al die heidennasies en dat God hom deur alles bewaar het.

"Jy's mal, Paulus! Jou groot geleerdheid maak jou mal!" skreeu Festus.

"Nee U Edele, ek praat net die waarheid onder leiding van die Heilige Gees," antwoord Paulus hom bedaard. "Koning Agrippa, glo u die profete? Ek weet u glo!" Nou verskuif Paulus sy aandag na Agrippa.

"Jy dink seker jy kan my gou-gou 'n Christen maak?" lag die koning Paulus se ernstige vraag af. En dan draai hy na Festus: "Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie."

Paulus het vir ons gewys hoe om enige geleentheid aan te gryp om die Evangelie te

verkondig. Die Here het die verhoog gestel en Paulus het die geleentheid aangegryp en sy hart uitgepraat. Hy het die saad van geloof gesaai en dit is al wat die Here vra. Hy vra nie dat ek en jy iemand tot geloof bring nie. Dit kan die Heilige Gees alleen doen. Hy vra net dat ons die saad van geloof moet saai by elke geleentheid wat ons gebied word. Paulus het nooit weer in sy lewe hierdie mense gesien nie maar sy boodskap was vir altyd by hulle. Wat hulle daarmee gemaak het was hulle eie saak! Hoofsaak is, Paulus het sy plig gedoen!

Gebed:

Here, vanoggend wil ek bid dat U my die vrymoedigheid en moed sal gee om die saad van die Evangelie onverskrokke te saai, sodat elkeen wat oor my pad kom die blye boodskap sal hoor!

# ‘n Moeilike Seevaart

## Handelinge 27:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Soms wonder ek of daar ooit iemand is wat baat vind by hierdie dagstukkies wat ek uitstuur. En dan bemoedig die Here my op ‘n wonderlike manier met dierbare mense wat vir my 'n e-pos of 'n WhatsApp boodskappie stuur om te vertel wat ‘n spesifieke dagstukkie vir hulle beteken het. Ek wil vanoggend baie dankie sê aan elkeen wat my bemoedig en my hande vat met hierdie taak en aan elkeen wat hierdie dagstukkies weer verder versprei. Ek het nie die vaagste idee hoeveel mense hierdeur bereik word deur herverspreiding nie. Ek kry gedurig bemoedigende boodskappies van verskeie persone van regoor die wêreld. Baie dankie vir julle hulp, bystand en liefde!

Nee, ek neem nie vanoggend afskeid nie, maar Paulus doen dit wel: hy neem afskeid van Israel want hy is op pad na Rome waar hy die res van sy lewe sou deurbring. In die hawestad Ceasarea gaan hy aan boord van ‘n skip. Hy

word toevertrou aan ‘n offisier uit die keiserlike regiment met die naam Julius. Paulus is nie die enigste een wat na Rome gestuur word nie, saam met hom is ook ‘n klompie gevangenes wat daarheen moet gaan. Ons kan aflei dat Lukas ook vir Paulus vergesel het op sy reis, asook Aristargos. Die eerste been van die reis is slegs ‘n dag ver, na Sidon. Daar laat Julius vir Paulus toe om sy vriende te gaan besoek.

Ons moet verstaan dat seevaart in daardie jare bitter gevaarlik was. In 2 Kor. 11:25 vertel Paulus dat hy nie minder nie as drie maal die slagoffer was van ‘n seeramp. Wat Paulus gelukkig nie op daardie stadium geweet het nie is dat die vierde en seker die grootste ramp op hom gewag het. Maar ek wil nie nou die storie vooruitloop nie! Die Middellandse See was daardie jare ‘n uiters gevaarlike plek om iewers rond te dobber, veral in die wintermaande. Dis nie alleen oor die snerpende koue nie maar ook woeste stormwinde wat daardie see teister. Vandag is selfs ‘n kleinerige seiljag ‘n tegnologiese wonderwerk wat dikwels goed genoeg is om rondom die wêreld te kan vaar en die gevaarlikste storms te trotseer. Tweeduisend jaar gelede was dinge nog nie so gevorderd nie en

die skepe was maar primitiewe gevaartes. Hulle het bitter stadig hulle vragte voortgesleep en hulle was nie rêrag stormbestand nie. So jy het eintlik jou lewe gewaag as jy in so 'n skippie die verskriklike reis oor die Middellandse See sou aanpak! Boonop het daardie reis nie slegs 'n dag of twee geduur soos vandag nie!

Toe Paulus-hulle van Sidon af vertrek, was dit reeds herfs en die eerste westelike herfswinde het begin waai. Hulle waag dit dus nie in die oop see nie. Hulle verkies om eerder die langpad te vat na die hawestad Mira in Lisië. Hulle seil dus verkeerde kant om Siprus, om die ooskus. Daar het hulle oorgeklim op ‘n ander skip wat graan vervoer van Aleksandrië na Rome. Die eerste entjie tot by Knidus gaan dit maar harmansdrup-stadig. Hulle besluit om eerder om te draai en aan die beskutte kant van die eiland Kreta om te vaar. Met die winter reeds op hulle, doen hulle uiteindelik aan by Mooihawens aan die kus van Kreta.

Mooihawens is nou nie juis die beste hawe om in te oorwinter nie, maar Paulus sien dat hier probleme voorlê as hulle die hawetjie verlaat. Hy vra dus vir die kaptein om liewer daar oor te

staan want as hulle verder vaar, voorsien hy net moeilikheid. Hy waarsku die kaptein dat hy sy vrag sou verloor en dat daar baie moontlik lewensverlies sou wees as hulle die wilde see aandurf. In al sy sendingreise het Paulus deur die jare al 'n ervare seevaarder geword wat geweet het wat werk en wat nie. Met die kennis wat hy so opgedoen het kon hy selfs nou al vir ervare skeepskapteins raad gee! Sy jarelange ervaring van die see het hom laat besef dat dit moeilikheid-soek is om verder te vaar. Die kaptein het egter gedink dat Paulus nonsens praat. Hy was immers 'n kaptein en hy weet van beter! Die Romeinse offisier het sy woord daarvoor aanvaar.

Ek het nou nie juis ondervinding van seevaart nie, maar die een keer wat ek op ‘n seiljag die oop see aangedurf het, was vir my maar baie traumaties. En daar was nie eers ‘n storm nie! Ons gesin was aan boord van die African Queen op ‘n pragtige see. Die enigste probleem was dat daar nogal ‘n sterk deining was wat my maag heen en weer geskommel het. Ek het seesiekpilletjies gedrink en dit het nogal redelik gehelp om my maag te stabiliseer. Aan die begin was dit heerlik as die boot so hoog op die kruin

seil en dan weer diep afsak in die geut. Maar die lekker was nie vir lank lekker nie toe begin die pilletjies hulle houvas op my binnegoed verloor en ek raak groen in die gesig! Nou kan ek my maar net indink hoe Paulus-hulle moes voel op die rowwe see. Hulle het ‘n watergraf tegemoet gevaar, maar daaroor berig ons DV môre.

Die lewe is ook maar dikwels vol storms. Die groot geheim is om nie moed te verloor wanneer die wind jou van voor tref nie, al gaan dit soms bitter swaar. Hou die oog gevestig op Jesus en hou styf aan Sy hand vas. Hy sal jou deur die ergste storms dra. Maar leer ook van Paulus, dat jy nie teen jou beterwete in ‘n lewensgevaarlike storm invaar as daar ‘n ander alternatief is nie! As jy egter nie ‘n keuse het nie moet jy dit aanvaar want dan het God ‘n plan vir jou lewe, selfs in die storm. Vertrou Hom!

Gebed:

Here, my lewensbootjie skommel so dikwels heen en weer op die woeste golwe. Hou asseblief my hand vas!

## Die Storm Der Storms

## Handelinge 27:13-44

**VIDEO** | **OUDIO**

Het jy al ooit ‘n groot taak aangepak sonder om die nodige navorsing te doen of te luister na goeie raad? Wanneer dit klaar te laat is, kom jy gewoonlik eers agter dat dit ‘n reuse fout was! Dit het al menige maal met my gebeur! En dan wil ek myself skop omdat ek nie geluister het toe iemand my gewaarsku het nie. Dan kan ek skreeu omdat ek nie vooraf my huiswerk gedoen het en al die gevolge behoorlik geweeg het nie!

Na hulle nagmerrie-vaart om Kreta, gaan parkeer hulle die skippie in die hawetjie by Mooihawens. Dié oggend word hulle wakker met ‘n ligte suidewindjie in die hare. Paulus kry die gevoel dat alles nie pluis is met die weer nie en hy waarsku die kaptein dat hulle nét daar moes bly, anders sou hulle ‘n ramp tegemoetvaar! Die kaptein lag egter sy waarskuwings af want die briesie was so mooi en wat kon tog verkeerd gaan? Paulus se moed sak in sy leersandale as

hy sien hoe die kaptein hom ignoreer en tóg die seile span en langs die kus van Kreta af begin vaar. Hy weet toe kwansuis van ‘n ander, beter hawe aan die westekant van Kreta, ’n plek met die naam Feniks.

Alles het aanvanklik voor die wind gegaan totdat die wind skielik noordoos draai. Dit was ook nie lank nie toe word hulle ergste nagmerrie waar en die gevreesde woedende Noordoos waai hulle skippie soos ‘n kurkproppie diepsee in......

Totaal buite beheer word hulle rondgeslinger totdat hulle genadiglik soos 'n vrot vel agter die eilandjie Kauda ingesmyt word. Hier kon hulle darem vir ‘n kort rukkie asem skep in die beskutting van die eiland en so op 'n manier vir die ergste van die storm voorberei. Agter die skip het hulle 'n reddingsbootjie saamgesleep. Dié was intussen propvol water gespoel deur die golwe. Haastig het hulle die bootjie ingesleep en leeggeskep. Toe die woeste golwe hulle skippie so rondgesmyt het, het dit geklink asof die vaartuig besig was om in stukke te breek. Die kaptein besluit dus terwyl daar so 'n effense stilte was om toue onder om die skip se buik deur te trek om te keer dat hulle skip totaal uitmekaar

geruk word. Hulle gooi ‘n dryfanker uit om die verbysterende vaart waarmee die storm hulle voortgedryf het ‘n bietjie te probeer versag. Maar toe is hulle tyd ook weer op!

Die kortstondige beskutting van die eilandjie was verby en hulle gee hulleself maar oor aan die genade van die storm!

Daar was 276 mense aan boord van hierdie vragskip, 276 bitter bang mense! Hulle kon al sien hoe hulle “skuitjie” deur die geweld van die storm uitmekaar geruk word ten spyte van die toue om die buik. Die skeepsvrag word oorboord gegooi om hulle darem so ‘n buitekansie te gee. Later gooi hulle selfs al die oorbodige takelwerk en apparaat ook oorboord.

Dan oorval die nag hulle boonop, ‘n nagmerrie nag sonder sterre en sonder enige manier waarop hulle die nodige navigasie kon doen. Onthou, hulle het nie ‘n GPS gehad nie! Toe die nag uiteindelik verby was en die son die volgende oggend moes opkom, was daar net swaar, swart wolke en nog steeds die angswekkende storm wat voorttuur......

‘n Volle week later was daar steeds géén einde aan die verskrikking nie! Die arme manne het alle hoop verloor om ooit weer gered te word - die einde was in sig! Hulle kos was reeds op en wie kon in elkgeval eet as jy so woes rondgeskommel word! Die week word uiteindelik twee weke. Twee bitter lang weke van nagmerrie op rondgeskommelde nagmerrie!

Een oggend roep Paulus die bedremmelde seevaarders bymekaar. Eers tik hy hulle hard oor die vingers oor hulle nie na sy waarskuwings wou luister nie maar nét daarna bemoedig hy hulle weer. Hy verseker hulle dat nie een van hulle sou omkom in hierdie storm nie! Ja, die skip sou wel vergaan, maar elke siel op die skip sou gered word. Paulus sê dat ‘n engel hom daardie nag ‘n boodskap kom bring het en hom hierdie goeie nuus meegedeel het. Paulus móés nog eers voor die keiser verskyn! Sy aardse taak was beslis nog nie afgehandel nie en dus sou sy lewe gespaar word en so ook almal saam met hom!

In die donkerste uur is dit dikwels die gelowige se taak om ‘n liggie te wees vir die mense rondom hom wat sonder hoop is. Ek en jy kan ‘n

verskil maak met ‘n helder, positiewe uitkyk op die lewe in ‘n tyd van krisis. Ons moet aktief soek vir die positiewe in ‘n negatiewe situasie en ons daarin verbly. Sodoende kan ons almal rondom ons positief beïnvloed.

Om vir twee weke lank hulpeloos in ‘n storm rond te dobber op die Adriatiese see, iewers tussen Balkan en Italië, is géén grap nie. Maar uiteindelik is daar land in sig. Die diepte van die see word getoets en inderhaas word ankers uitgegooi om te keer dat die skip op die rotse loop. Paulus het ‘n stuk brood gevat, God daarvoor gedank en dit geëet. Toe moedig hy die ander aan om ook iets te eet want daar sou vir hulle nog ‘n harde tyd voorlê! Die koringvrag wat nog op die skip was word oorboord gegooi om hulle darem ‘n buitekans te gee om die strand te bereik en toe kap hulle die ankertoue af sodat die skip na die eiland toe kon dryf.

Die skip tref egter ‘n sandbank en word uitmekaar geslaan deur die golwe. Die soldate wou al die gevangenes, Paulus inkluis, doodmaak sodat niemand sou ontsnap nie. Die bevelvoerder het hulle egter van 'n gewisse dood gered uit dankbaarheid vir wat Paulus gedoen

het. Desperaat spring almal oorboord en swem vir die land. Party moes aan stukke plank vashou om nie te versuip nie maar uiteindelik kom elke siel wat aan boord was veilig aan land, meer as ‘n duisend kilometer van waar hulle vir die eerste keer deur die storm getref is.

Paulus se voorspelling het waar geword. En weereens het die Here hom gered van ‘n gewisse dood want Paulus se taak was nog lank nie afgehandel nie!

Gebed:

Dankie Here, dat U vir my as gelowige hoop gee, selfs in bitter swaar tye. Help my asseblief om daardie hoop sprankelend oor te dra na almal met wie ek in aanraking kom, om sodoende U wonderbare lig uit te dra!

## Uiteindelik Rome!

## Handelinge 28:1-15

**VVIDEO | OUDIO**

Vir die 276 mense saam met Paulus op die gedoemde skip, was hulle nagmerrie-seereis uiteindelik verby. Almal kom veilig op die eiland aan en as hulle dan van die plaaslike inwoners ontmoet, moet hulle verneem dat hulle op die eiland Melite, vandag bekend as Malta is. Hulle is dus 'n volle duisend kilometer van waar hulle vertrek het. Lukas verwys na die inwoners van hierdie eiland in 28:2 as "barbare". Hulle was van Fenisiese afkoms en daardie jare was almal wat nie Grieks of Latyn kon praat nie, "barbare" genoem.

Dit was winter en bitter koud. Die manne besluit om 'n groot vuur aan te pak sodat hulle darem die nag warm kon deurbring. Daar word hout bymekaargemaak en almal moes help en dit het natuurlik ook gegeld vir Paulus. En dan gebeur die verskriklike ding: Uit die vuurmaakhout seil 'n giftige slang en hy byt niemand anders nie as Paulus aan die hand.

Verskrik trek die manne hulle asems op as hulle grootoog terugsteier. Die slang los nie sy greep nie en bly hang aan Paulus se hand. “Hy moet ‘n moordenaar wees,” hyg iemand, “en nou kry die gode hom daarvoor terug!”

Paulus skud die slang doodluiters in die vuur af en almal sit en wag dat hy nou moes dood neerslaan of dan minstens verskriklik begin opswel. Daar gebeur egter niks met Paulus nie en dit lyk nie of iets ernstiger as ‘n muskiet vir Paulus gehap het nie. Hoe langer hulle wag, hoe groter raak hulle verwondering. “Hy moet ‘n god wees,” fluister iemand in verwondering. “Slegs ‘n goddelike wese kan so ‘n ervaring oorleef!”

In ‘n kort tydjie het mense se opinie van Paulus verander van ‘n “moordenaar” na ‘n “god”.

Die mense het daardie tyd geglo dat die gode jou altyd terugkry vir jou sondes. As dit dan nie deur middel van skipbreuk is nie, dan is dit letterlik en figuurlik aan die hand van ‘n giftige slang!

Vandag is dit nie veel anders nie en mense het dikwels die een of ander goddelike verklaring gereed vir dinge wat met ons gebeur. Slegte

dinge wat oor jou pad kom, het een van twee oorsake. Dis God se straf omdat jy iets verkeerd gedoen het of anders is dit sékerlik die werk van die duiwel! En goeie dinge? Dit is natuurlik God se seën op ons goeie werke!

Kom ons sê dit nou maar reguit: dis gevaarlik om so te redeneer! Ek en jy kan nie in God se raadsplan inkyk, sodat ons die dinge wat hier op aarde gebeur kan verklaar nie. Daar is ook nie ‘n reglynige verband tussen verkeerde dade en straf of tussen goeie dade en seën nie. Gaan lees maar gerus die boek Job. In sy verhaal wil dit vir jou lyk asof absoluut niks sin maak nie. Wanneer ons die Evangelies lees, sien ons dat Jesus dit ook baie duidelik gemaak het dat Hy nie gekom het om ons te straf of om ons terug te kry vir ons sondes nie. God werk net eenvoudig nie so nie. Dit is eers eendag met die eindoordeel dat ons volkome sal verstaan wat alles beteken het.

Lukas vertel dat Paulus ná hierdie episode vir drie dae tuisgegaan het by Publius, die hoofman van die eiland. Publius se pa was siek aan koors. Paulus het vir hom gebid en hy is genees. Die woord het baie gou versprei en kort voor

lank was al wat 'n sieke is na Paulus gebring en hy moes hulle gesond bid. Uit dankbaarheid was Paulus oorlaai met geskenke toe hulle uiteindelik van die eiland af vertrek het.

Kom ons kyk 'n bietjie in perspektief na die hele seereis-ondervinding: As die kaptein van die skip vroeër na Paulus geluister het, sou hulle veilig gewees het en nooit die skipbreuk beleef het nie. Hy was egter ongehoorsaam en almal moes duur betaal daarvoor. God het egter hulle ongehoorsaamheid gebruik om Sy doel te bereik. Nie alleen het Hy hulle beskerm nie, maar Hy het ook hulle nagmerrieondervinding gebruik om die bewoners van die eiland Malta die geleentheid te gee om die Evangelie in aksie te sien. So kan God selfs mense se hardkoppigheid gebruik tot uitbreiding van die Koninkryk!

Drie maande lank moes hulle op Malta bly tot die ergste winter verby was. Teen die middel van Februarie het hulle op 'n skip geklim van Aleksandrië wat op Malta oorwinter het. Hiermee het hulle die laaste been van hulle seevaart na Rome aangepak. Hulle het eers by twee hawens aangedoen voordat hulle in Puteoli, vandag

bekend as Napels, aan land gegaan het. Daar bly Paulus-hulle vir sewe dae oor by gelowiges wat hulle daar raakloop. Die laaste 200 kilometer lê hulle te voet af.

Paulus se koms na Rome was groot nuus vir die plaaslike gelowiges. Oral langs die pad het groepe gelowiges hom ingewag en dit was vir Paulus 'n riem onder die hart om die gelowiges van Rome te ontmoet. Sy groot ideaal was uiteindelik verwesenlik. So opgewonde en bly was Paulus dat hy God gedank het en met vreugde die laaste paar kilometer afgelê het, selfs al het groot swaarkry in Rome vir hom voorgelê.

Wanneer daar 'n groot swaar vir jou voorlê, dan word jou las sommer baie ligter as daar mense is wat wys dat hulle vir jou omgee. Ons moet oefen om mekaar só by te staan!

Gebed:

Here, dankie vir dierbare mense wat altyd daar is om te bemoedig wanneer die nood druk. Help my om ook 'n ware omgee-lewe te lei!

# Handelinge Van Jesus

## Handelinge 28:16-31

**VIDEO** | **OUDIO**

Drie maande gelede het ons met die eerste dagstukkie oor die opwindende boek, Handelinge begin. Persoonlik het ek geestelik baie ryker anderkant uitgekom. Al my lof en dank aan Hom wat groot is, want dit is alleenlik die wonderlike inspirasie van die Heilige Gees wat my elke dag die woorde gegee het vir hierdie reeks.

As ons terugdink oor wat ons gelees het in Handelinge, dan kom die vraag op: waaroor het die boek nou eintlik gehandel? Jy het seker agtergekom dat Lukas deurgaans probeer wys het hoedat die Evangelie binne ‘n kwessie van dertig jaar oor die ganse bekende wêreld versprei het. Alhoewel ons meestal van Paulus se doen en late lees, is hierdie géénsins ‘n biografie oor Paulus nie. Dit was nie Lukas se bedoeling nie, alhoewel Paulus tóg op die oog af die hoofrol speel in hierdie verhaal. Ons sien dit byvoorbeeld duidelik in die feit dat Lukas sy

verhaal afsluit waar Paulus in huisarres is, maar dat hy steeds die Evangelie vryelik verkondig in Rome. Niks word vermeld van sy latere marteling en van Paulus en Petrus se marteldood nie, alhoewel Lukas wel deeglik bewus moes gewees het daarvan terwyl hy die boek geskryf het. Vir Lukas het dit eenvoudig beteken dat die Evangelie nou die uiteindes van die wêreld bereik het en dat die verhaal dus daar kon afsluit.

Eintlik het die verhaal ook nie hier geëndig nie. Volgens oorlewering het Paulus ook die Evangelie in Spanje verkondig na sy eerste vrylating. En daar is die gruwelike marteling van gelowiges deur Nero!

In die laaste perikoop in Handelinge beskryf Lukas hoedat Paulus vir twee jaar in huisarres geplaas is. Hy het 'n huis gehuur en 'n soldaat het hom daar bewaak. Daar was 'n gedurige stroom van besoekers wat met hom kom praat het en Paulus het ook verskeie briewe geskryf wat na die gemeentes gestuur is wat hy deur die jare gestig het.

Skaars drie dae na sy aankoms in Rome, nooi Paulus die Joodse leiers in die stad uit om met

hom gesprek te voer. Paulus se doel was om uit te vind of hulle al ‘n amptelike klag teen hom ingebring het by die keiser. ‘n Verdere motief vir hierdie ontmoeting was natuurlik ook om die Evangelie aan hierdie Jode te bring. Paulus het enige moontlike geleentheid gebruik om die Evangelie uit te dra! Tydens die ontmoeting verduidelik Paulus waarom hy hier ‘n gevangene is en dat hy onskuldig is en uit nood homself op die keiser moes beroep, anders was hy beslis doodgemaak. Terselfdertyd onderstreep Paulus ook sy lojaliteit teenoor die Joodse volk en al hulle leerstellings en tradisies. Wanneer hy hulle vertroue gewen het, maak hy met hulle ‘n afspraak om vir hulle alles omtrent die Christelike geloof te vertel, aangesien hulle laat blyk het dat hulle graag meer wou hoor.

Op die gegewe dag daag daar toe vroeg die oggend ‘n groot klomp Jode op om na Paulus te kom luister. In detail verduidelik Paulus vir hulle alles wat daar was om te weet en die gesprek gaan die hele dag voort tot laat die aand. Etlike Jode neem die geloof aan, maar die oorgrote meerderheid bly skepties. Om sommer so jou tradisies wat oor jare en jare in jou ingedril is op te gee, is nie maklik nie. Die manne het hulle

koppe geskud en begin uitloop. Maar Paulus moes eers die laaste woord inkry: Uit Jesaja 6 haal hy vir hulle aan, waar die profeet voorspel het dat daar vir hierdie volk (dis nou die Joodse volk) gepreek is, maar dat hulle sintuie sodanig afgestomp het dat hulle onaangeraak is deur God se boodskap en dat hulle lewens dus nie vernuwe kon word nie.

Maar dan maak Paulus dit vir hulle baie duidelik dat hulle ongehoorsaamheid baie beslis nie die voortgang van die Evangelie aan bande kon lê nie. Inteendeel, God se boodskap van redding sou voortaan verkondig word aan diegene wat nie aan die Joodse volk behoort nie. O ja, daardie mense sou wél luister! Die finaliteit van Paulus se woorde oor die ongeloof van Israel bring gelykertyd ook hoop vir die mense buite die grense van Israel. Vir Lukas is die kerk dus nou die nuwe Israel en van nou af is almal wat in Jesus glo, ongeag van hulle volksverband, ras of taal deel van hierdie ware volk van God!

Handelinge vertel nie bloot die verhaal van die stryd en oorwinning van ‘n klompie Christene in die eerste eeu nie. Nee, dit is die verhaal van die Here se betrokkenheid in ons wêreld. Dit is die

verhaal van mense wat gehoorsaam geword het aan die wil van God. Die “handelinge” van die opgestane Jesus is nog geensins klaar nie. Hy is nog steeds met die Evangelie op pad na mense toe en Hy gebruik steeds gewone gelowiges soos ek en jy om Sy doel te bereik. Die persepsie dat dit slegs ‘n Paulus, ‘n dominee of ‘n pastoor is wat die Evangelie mag verkondig is ‘n totale wanpersepsie. Ek en jy is Sy werktuie en ons moet oefen om fyn te luister na die influistering van die Heilige Gees om so agter te kom hoe en waar die Here ons wil gebruik in die uitvoering van Sy “handelinge”.

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag waardig geag is om in U diens te mag staan. Help my om elke moontlike geleentheid aan te gryp om U Evangelie uit te dra!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™